

HIDDINGH-CURRIE 3



UNISA

**Bekroon met die
Hiddingh-Currie-toekenning**

Die Hiddingh-Currie-fonds word
uitsluitlik aangewend vir werke
van hoogstaande akademiese
gehalte

Op die vooraand van apartheid

**Die rassevraagstuk en die blanke
politiek in Suid-Afrika, 1939–1948**

J P Brits

**Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria**

© 1994 Universiteit van Suid-Afrika

Eerste uitgawe, eerste druk

ISBN 0 86981 835 X

Uitgegee deur die Universiteit van Suid-Afrika,

Posbus 392, 0001 Pretoria

Gedruk deur Sigma Press, Koedoespoort


Uitgewersredakteur: Sarie Moolman

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier – hetsy meganies of elektronies, met inbegrip van plaat- en bandopnames en fotokopiëring – gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie, met die uitsondering van redelike aanhalings vir navorsings- of resensiedoeleindes.

Inhoud

Voorwoord ix

1	Agtergrond: die patroon van rassesseiding en -diskriminasie tot 1939	1
2	Die veranderende toneel van die veertigerjare	8
3	Rassebeskouings van liberale blanke Suid-Afrikaners	44
4	Die rassevraagstuk en die 'middelpartye': die Verenigde Party en die Arbeidersparty	62
5	Die geboorte van apartheid	76
6	Apartheid by die stembus, 26 Mei 1948	113
	Besluit	127
	Verwysings	135
	Bronne	166
	Register	181



Afkortings

AAC	All African Convention
AB	Afrikaner-Broederbond
ADP	African Democratic Party
AHI	Afrikaanse Handelsinstituut
ANC	African National Congress
ANS	Afrikaanse Nasionale Studentebond
APO	African People's Organization
CAD	Coloured Affairs Department
CPNU	Coloured People's National Union
CYL	Congress Youth League (ANC)
FAK	Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge
FVB	Federale Volksbeleggings
HNP	Herenigde Nasionale Party of Volksparty (sedert 1940)
ICU	Industrial and Commercial (Workers) Union
NEUM	Non-European Unity Movement
NIC	Natal Indian Congress
NP	Nasionale Party (tot 1940)
NRT	Nasionale Raad van Trustees
NUR	Nasionale Uitvoerende Raad (Suid-Afrikaanse Arbeidersparty)
NVR	Naturelle Verteenwoordigende Raad
RDB	Reddingsdaadbond
SAAAS	South African Association for the Advancement of Science
Sabra	Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede
SAIC	South African Indian Congress

SAIRV	Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings
SALU	Suid-Afrikaanse Landbou-unie
SAP	Suid-Afrikaanse Party
SAVF	Suid-Afrikaanse Vrouefederasie
TLU	Transvaalse Landbou-unie
TNAS	Transvaal Native Affairs Society
UR	Uitvoerende Raad (Afrikaner-Broederbond)
VOC	Vereenigde Oostindische Compagnie
VP	Verenigde Party



Voorwoord

Die belangrikheid van die rassevraagstuk in die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse politiek het bykans vanselfsprekend geword. Dié vraagstuk het nie net die lotgevalle van politieke partye en politici bepaal nie, maar mettertyd elke faset van die Suid-Afrikaanse samelewing beïnvloed. Teen die tweede helfte van die eeu het dit krisisaftemings aangeneem – in so 'n mate dat 'n oplossing daarvan bykans 'n voorwaarde vir nasionale oorlewing geword het.

Hierdie studie plaas die fokus op die tydperk 1939–1948 in die geskiedenis van die rassevraagstuk – 'n tydperk van onsekerhede maar ook van beslissing. Die klem val op die uitwerking van dié vraagstuk op die blanke politiek omdat die blankes die enigste bevolkingsgroep was wat genoeg politieke mag besit het om 'n beduidende uitwerking op rassebeleid te hê. Die werk ontleed die komplekse rassessituasie in die land te midde van die oorlogstoestande asook Suid-Afrikaners se rassehoudings. Dit ondersoek ook die destydse standpunte oor die oplossing van die vraagstuk; die Smuts-regering se pogings om hervorming teweeg te bring en nogtans in die blanke politiek te oorleef; beleidsrigtings van die blanke liberale in die land, asook dié van die 'middelpartye' (Verenigde Party en Arbeidersparty) en die Nasionale Party. Die ontstaan van die apartheidsbeleid en die uitwerking daarvan op die algemene verkiesing van 1948 word ten slotte onder die vergrootglas geplaas.

Generaal J. B. M. Hertzog se 1936-wetgewing rakende swartes, wat die hoeksteen van die sogenaamde segregasiebeleid gevorm het, was kwalik in werking toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek. Hierdie gebeurtenis, en veral Suid-Afrikaanse deelname aan die oorlog, het 'n onmiskenbare invloed op die rassevraagstuk gehad. Versnelde industrialisasie as gevolg van die oorlogspoging het groot getalle swartmense na die stedelike gebiede gelok, wat nie slegs sosiale implikasies soos behuisingstekorte gehad het nie, maar ook politieke gevolge. Nuutverstedelike swartes is polities deur 'n meer energieke swart leierskorps gemobiliseer wat die swart politiek geradikaliseer het. Verstedelike Afrikaners, veral die werkersklas, het hulself toenemend deur stedelike swartes bedreig gevoel en strenger segregasie geëis.

Die segregasiebeleid het van twee verskillende kante kritiek ontvang. Daar was enersyds die aanslag van die georganiseerde Afrikaner-politiek en -kultuur wat groot stukrag aan die uitkristallisering van die geformuleerde apartheidsbeleid gegee het. Andersyds was daar die kritiek van liberaaldenkendes en die swart politieke elite op die onwerkbaarheid van die beleid, omdat veral die oorlogsomstandighede met gepaardgaande industrialisering 'n nuwe rasseproblematiek geskep het waarvoor die 1936-wetgewing nie meer 'n oplossing was nie. Dit was nie meer prakties moontlik om swart instroming na stedelike gebiede te beheer nie. Die oorlogsjare het terselfdertyd ook die onmag van die Smuts-regering om die rassevraagstuk aan te spreek, beklemtoon. Dit was duidelik dat die oorlogspoging te veel van die regering se finansies en mannekrag getap het om die swart reservate te ontwikkel en stedelike swartes se sosio-ekonomiese probleme te hanteer. Die tyd het die VP-regering ingehaal, en voordat daar daadwerklik oorgegaan kon word tot hervorming van die bestaande segregasiebeleid, het die algemene verkiesing van 1948 aangebreek. Dit het die party se dilemma vergroot, want die VP moes die oorwig van sy magsbasis, wat geensins drastiese hervorming van die segregasiebeleid sou duld nie, in aanmerking neem. Sy opponente, die bondgenootskap tussen die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty, het boonop apartheid as belangrikste verkiesings-slagspreuk gebruik.

Daar het tot op hede nog nie 'n studie verskyn wat die rassevraagstuk en die uitwerking daarvan op die blanke politiek in die veertigerjare in diepte ontleed nie. 'n Aantal werke waaronder dié van John W. Cell,¹ George M. Fredrickson,² Marian Lacey,³ Saul Dubow,⁴ Phyllis Lewsen,⁵ C. M. Tatz,⁶ Doug Hindson,⁷ Alf Stadler⁸ en T. R. H. Davenport⁹ ontleed wel segregasie in Suid-Afrika gedurende die veertigerjare, en hoewel daar onmiskenbare vertolkingsverskille bestaan, het elk van hierdie werke meriete. Wetenskaplike werke oor die ontstaan van apartheid sluit dié van Irving Hexham,¹⁰ N. J. Rhodie & H. J. Venter,¹¹ Merle Lipton¹² en Deborah Posel¹³ in. Oor die liberale politieke rigting in Suid-Afrika het Paul B. Rich¹⁴ en Janet Robertson¹⁵ besonder nuttige werk gelewer, terwyl daar ook bruikbare opstelle in die versamelwerk van Jeffrey Butler, Richard Elphick en David Welsh¹⁶ te vind is. 'n Aantal biografiese studies waaronder dié van Alan Paton,¹⁷ F. A. Mouton,¹⁸ David Scher¹⁹ en M. M. S. Bell²⁰ oor invloedryke liberale verryk die literatuur oor dié onderwerp.

Oor die blanke politiek in die algemeen het daar vir die onderhawige tydperk verskeie werke die lig gesien. In hierdie verband kan die studies van Kenneth A. Heard,²¹ Michael Roberts & A. E. G. Trollip,²²

W. K. Hancock,²³ Kenneth Ingham,²⁴ H. B. Thom,²⁵ J. L. Basson,²⁶ S. L. Barnard & A. H. Marais²⁷ en F. D. Tothill²⁸ vermeld word. Oor Afrikaner-nasionalisme en Afrikanerpolitiek is die oes nog ryker. Verskeie vakkundiges soos Newell M. Stultz,²⁹ Hermann Giliomee,³⁰ T. Dunbar Moodie,³¹ Dan O'Meara,³² Charles Bloomberg,³³ Patrick J. Furlong,³⁴ Albrecht Hagemann,³⁵ A. W. Stadler,³⁶ P. W. Coetzer & J. H. le Roux,³⁷ P. F. van der Schyff (red.)³⁸ en G. D. Scholtz³⁹ het bestaande kennis hieroor verryk. Gespesialiseerde werke oor die versetpolitiek en ander studies oor die lewensomstandighede en -ervarings van swartes, 'kleurlinge' en Indiërs skep 'n waardevolle raamwerk om die sosio-politiese milieu van die rassevraagstuk in die veertigerjare te begryp. Bydraes in dié verband is gelewer deur onder andere Peter Walshe,⁴⁰ Thomas Karis & Gwendolen Carter (eds),⁴¹ Tom Lodge,⁴² Gavin Lewis,⁴³ R. E. van der Ross,⁴⁴ Mirjana Roth,⁴⁵ Alf Stadler,⁴⁶ B. Hirson,⁴⁷ en L. W. F. Grundlingh.⁴⁸

Hoewel bogenoemde werke bygedra het tot die historiese konteks van hierdie studie, is nuwe insigte verkry uit die massas argiefmateriaal wat oor die onderwerp bestaan. Die argief van die Departement van Naturellesake bevat byvoorbeeld waardevolle materiaal oor die sosio-ekonomiese klimaat van die veertigerjare en die Smuts-regering se pogings om hervormings te bewerkstellig. Die private dokumenteversamelings van politici en ander leiers in die openbare lewe, asook tydgenootlike tydskrifartikels, veral uit *Race Relations*, het heelwat lig op Suid-Afrikaners se rassehoudings gedurende die veertigerjare gewerp. Ook die argiewe van politieke partye het besonder bruikbare stof opgelewer om die prioriteite van partylede te kon bepaal, en in dié verband was dit veral beskrywingspunte by kongresse en kongresbesluite wat van waarde was. Amptelike publikasies en koerante het gapings help vul, terwyl koerantnavorsing ook in 'n ander opsig 'n belangrike inset gelewer het: destydse lesers se standpunte oor die rassevraagstuk wat in die briewekolomme neerslag gevind het, het my vertolking van rassehoudings help vorm. Daar is gevind dat die getuienis van gewone landsburgers wat die politiek van die veertigerjare beleef het, van groter waarde was as dié van leiersfigure, omdat laasgenoemdes meestal nie onbevange op hul eie rol in die politieke of sosiale lewe kan terugkyk nie. By die insameling van persoonlike mededelings is daar dan ook ruimskoots gebruik gemaak van die getuienis van persone wat op my briewe in die openbare pers gereageer het.

Die begrip *ras* (byvoorbeeld *rassevraagstuk*, *rassestandpunt*) is deurgaans gebruik in plaas van die begrip *kleur*. Die rede hiervoor is dat *ras* vir die grootste gedeelte van die twintigste eeu wêreldwyd in gebruik is

wanneer daar na verhoudinge tussen groepe (ook van verskillende kleure) verwys word. Selfs in die veertigerjare is die benaming *ras* reeds in Suid-Afrika in hierdie verband gebruik, al het *ras* in die vroeë dekades van die eeu meestal na een van die twee blanke taalgroepe verwys. In die Suid-Afrikaanse samelewing gee die woord *nie-blanke* aanstoot en die gebruik daarvan is derhalwe grootliks vermy. In 'n werk soos hierdie, waar rasse dikwels in historiese verband teenoor mekaar gestel word, het 'n alternatief vir *nie-blanke* dikwels probleme opgelewer. Daar sal meestal na *swartes*, *'kleurlinge'* en *Indiërs* verwys word as 'n teenstelling vir blanke. Ook die begrip *kleurling* gee in die Suid-Afrikaanse samelewing wyd aanstoot, maar is onvermydelik omdat dit 'n historiese klassifikasie van 'n bepaalde groep Suid-Afrikaners verteenwoordig. In hierdie studie word *'kleurling'* deurgaans tussen aanhalingstekens geplaas.

Ek wil graag die volgende instansies en persone bedank wat direk of indirek 'n bydrae tot hierdie werk gelewer het:

- Die personeel van argiefbewaarplekke en biblioteke (in die bronnelys vermeld) waar navorsing gedoen is. Ek het sonder uitsondering professionele en vriendelike diens van hierdie persone ontvang.
- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat die navorsing vir hierdie studie gedeeltelik gefinansier het. Menings en gevolgtrekkings in die werk is dié van die skrywer en verteenwoordig nie die mening van die Raad nie.
- Die redakteur van *Historia* wat ingestem het dat 'n gedeelte van my artikel in die Mei 1993-uitgawe van *Historia* vir hierdie publikasie gebruik kon word.
- Die Universiteit van Suid-Afrika wat in 1986 en weer in 1992 studieverlof aan my toegestaan het om hierdie studie af te handel.
- Vakkollegas wat besondere belangstelling in hierdie projek getoon het. Ek is veral dank verskuldig aan Alex Mouton, Werner Schellack en Etta Lubbe wat die manuskrip geles en nuttige kommentaar daarop gelewer het. My dank ook aan Louis Claassen en Nic

Southey wat my met die reproduksie van die werk behulpsaam was.

- My vrou en seuns wat die afgelope jare nie net my akademiese verpligtinge tuis aanvaar het nie, maar dit ook met geesdrif ondersteun het.

J. P. BRITS
Pretoria
September 1993

1

Agtergrond: die patroon van rassessekiding en -diskriminasie tot 1939

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was 'n verenigde Suid-Afrika reeds byna drie dekades oud. 'n Gekonsolideerde rassebeleid vir die hele land is sedert 1910 gevolg, en hoewel daar verskille in die toepassing van beleid was, het hierdie beleid breedweg neergekom op skeiding tussen blankes, swartes, 'kleurlinge' en Indiërs – veral op die politieke en sosiale terrein.

Die wortels van rassessekiding en rassediskriminasie in Suid-Afrika lê diep.¹ Gedurende die vroeë jare van die VOC-bewind aan die Kaap (1652–1795) is rassevermenging wel met behulp van proklamasies ontmoedig, maar die handhawing van regulasies is nie streng toegepas nie.² Bloedvermenging het in elk geval nie op groot skaal voorgekom nie (veral in die streke verder van Kaapstad), hoewel huwelike oor die kleurgrens heen wel periodiek plaasgevind het.³ Hoewel die Christelike godsdiens, en veral die Calvinisme, dikwels as die groot rede voorgehou is waarom die Europeërs aan die Kaap nie op groot skaal met die inheemse gekleurdes vermeng het nie, skyn dit nie asof die kerk as sodanig in die sewentiende en agtiende eeu sosiale vermenging teengewerk het nie.⁴

Twee ander faktore het waarskynlik 'n groter bydrae gelewer om rassediskriminasie in die sestiende en agtiende eeu te bestendig. Eerstens het die Nederlanders wat na die Kaap gekom het, soos talle ander Europeërs (veral Noord-Europeërs), 'n natuurlike somatiesse vooroordeel teenoor die inheemse gekleurde rasse gehad en sommige van hul kulturele eienskappe onaanvaarbaar gevind. Tweedens het die Vereenigde

Oostindische Compagnie (VOC) 'n statutêre onderskeid tussen die posisies van amptenare en burgers aan die een kant en dié van die Khoikhoi en slawe aan die ander kant getref.⁵ Die verdelingslyn tussen 'Europeërs' aan die Kaap en 'gekleurdes en slawe' het dus een van sosiale status in die samelewing geword, waar die blankes (Europeërs) as die grond- en slawebesitters die boonste hiërargie uitgemaak het. As gevolg van hierdie bevoorregte en oorheersende posisie, het die 'Europeërs' hulself as sosiaal meerderwaardig ten opsigte van ander groepe beskou, deels omdat die sosiale uitwerking van slawerny die 'Europeërs' meestal in die posisie van 'meesters' en die 'nie-Europeërs' in die posisie van 'onderdane' gestel het. Geen ander 'nie-Europese' groep aan die Kaap was talryk of sterk genoeg om hierdie situasie te verander nie en die 'Europeërs' se getalle is ook mettertyd deur immigrasie uit Wes-Europa versterk.⁶

In die loop van die agtiende eeu het 'n nuwe inheemse bevolkingsgroep aan die Kaap sy beslag gekry. Dié groep wat gaandeweg as 'Boere' of 'Afrikaanse Boere' bekend gestaan het, het bepaalde karaktertrekke vanweë hul afgesonderdheid ontwikkel. Hierdie karaktertrekke het selfstandigheid, individualisme, 'n liefde vir vryheid, verknogtheid aan die Calvinistiese Protestantse geloof, maar ook 'n bewuswording van kleuronderskeid met gepaardgaande rassemeerderwaardigheid ingesluit. Afgesien van hierdie rassegesindheid by die binnelandse grensboere, het wetlike skeidingsmaatreëls ook van die owerheid gekom. Namate die veeboere in die agtiende eeu die Kolonie dieper binnegedring het, het kontak met die Xhosa aan die Oosgrens op botsing uitgeloop. 'n Verbod deur die regering op handel met die Xhosa het nie die gewenste uitwerking gehad nie en sedert 1770 is grense tussen die boere en die Xhosa vasgestel – dus 'n duidelike vorm van gebiedskeiding deur die Kompanjie en later ook die Britse regering aan die Kaap.⁷

Met die bewindsoorname van die Britte het 'n nuwe era in rasseverhoudinge aangebreek. Brittanje het vanuit Downingstraat op advies van die invloedryke Britse sendelinge 'n meer humanitêre en liberale houding teenoor die swartes ingeneem; daarbenewens is daar ook besluit om vanweë ekonomiese redes die nimmereindigende militêre ekspedisies teen die Xhosa te staak. Dit, tesame met die gebrekkige kompensasie vir vrygestelde slawe, het 'n volkome wig tussen die owerheid en die koloniste ingeslaan. Die Groot Trek het gevolg, wat nie net 'n breuk tussen Afrikaner en Engelssprekende meegebring het nie, maar ook 'n 'noordelelike' en 'suidelike' rassestandpunt. In die Boererepublieke wat mettertyd in die binneland tot stand gekom het, was daar statutêre rassediskriminasie. Daarteenoor het swartes in Kaapland gekwalifiseerde stemreg be-

hou. In Natal, waar daar sedert 1860 'n Indiërbevolking ook gevestig is, het Theophilus Shepstone, Sekretaris van Naturellesake, self 'n segregasiebeleid teenoor die swartes toegepas – en hoewel ekonomiese integrasie dáár, soos in die Boererepublieke, nooit geslaag het nie, is swartes vir alle praktiese doeleindes in 1865 ontkieser. Behalwe in Kaapland was sommige van die reservate dus die enigste gebiede waar swartes aan die politiek kon deelneem. Teen die einde van die negentiende eeu was belangrike kenmerke van dié Suid-Afrika van die veertigerjare van die twintigste eeu reeds grootliks aanwesig. Ná talle grensbotsings is swartes onderwerp en het hulle daarna in 'n groot mate as arbeidsbron vir blankes gedien.⁸

Na die onderwerping van die Boererepublieke het die Hoë Kommissaris van Brits-Suid-Afrika en goewerneur van Transvaal en die Oranje-Vrystaat, lord Alfred Milner, die *status quo* ten opsigte van swart politieke regte voortgesit. Milner was daarvan oortuig dat gelyke regte aan swartes nie net onprakties was nie maar ook in beginsel verkeerd.⁹ Die Naturellesakekommissie van 1903–1905 (bekend as die Lagden-kommissie) is benoem om die rassevraagstuk (destyds is daar allerweë verwys na die naturellevraagstuk) te ondersoek. Hierdie kommissie het bevind dat swartes nie aan blanke verkiesings moes deelneem nie, maar dat daar wel in elke kolonie een of twee swart kiesafdelings moes wees. Daar is verder aanbeveel dat die Glen Grey-stelsel van individuele eiendomsreg gevolg moes word, maar dat verdere grondbesit deur swartes in sekere gebiede nie toegelaat moes word nie. Plakkery en die ongemagtigde binnekom van lokasies moes ook verbied word.¹⁰ Toe die beweging wat op Uniewording sou uitloop begin momentum kry, is die Lagden-kommissie se aanbevelings tydelik op die lange baan geskuif. Die Nasionale Konvensie was so huiwerig om 'n duidelike beleid oor dié kontroversiële aangeleentheid te formuleer dat daar uiteindelik slegs besluit is om die bestaande posisie te handhaaf en die politieke regte van swartes en 'kleurlinge' in Kaapland te beskerm. Met Uniewording is die *status quo* soos dit in die afsonderlike kolonies bestaan het, dus behou.¹¹ Die bestaande patroon van rassediskriminasie het behoue gebly, maar dit was nie net in Suid-Afrika waar statutêre diskriminasie in die laat negentienste en vroeë twintigste eeu toegepas is nie. Ook in die suidelike state van die VSA is wetgewing tussen die 1880's en 1910 deurgevoer wat die meeste swartes van politieke besluitneming uitgesluit het.¹²

Daar was wel 'n minderheidsgroep blankes in Suid-Afrika wat gekant was teen die beginsel van swartes, 'kleurlinge' en Indiërs se uitsluiting van politieke regte. Hierdie groep het in die omgang bekend gestaan

as Kaapse liberale en het mense soos J. H. de Villiers, J. W. Sauer, Walter Stanford, John X. Merriman, W. P. Schreiner, James Rose Innes, Jan Hofmeyr en F. S. Malan ingesluit. Hulle het liberale waardes wat die Kaapkolonie in die loop van die negentiende eeu van Brittanje oorgeneem het, gekoester. Dit het parlementêre regering, regsoewereiniteit, 'n onafhanklike regbank, gewetensvryheid, persvryheid, asook vryheid van spraak ingesluit. In Suid-Afrikaanse verband het liberalisme 'n verdere dimensie ingesluit, naamlik 'n verantwoordelikheid om die politieke, sosiale en ekonomiese posisie van die swartes te verbeter. Met die instelling van 'n parlement in die Kaapkolonie in 1853 het Brittanje die beginsels van burgerlike gelykheid gehandhaaf en aan alle persone – ongeag kleur of ras – die stemreg toegeken indien daar aan bepaalde opvoedkundige en ekonomiese kwalifikasies voldoen kon word. Diegene wat kon stem, kon ook tot die parlement verkies word. Hierdie 'kleurblinde' stemreg is behou toe verantwoordelike regering in 1872 aan die Kaapkolonie toegeken is. Hoewel stemregkwalifikasies in 1887, 1892 en 1894 verhoog is, is die beginsel van gekwalifiseerde stemreg nie aangetas nie. Die Kaapse liberale tradisie het daartoe bygedra dat handelaars in die Kaapkolonie 'n florerende swart boereklas, asook die inkorporering van 'n swart elite in die politieke bestel by wyse van die 'kleurblinde' stemregstelsel, verwelkom het.¹³

Tydens die Nasionale Konvensie het die Kaapse afgevaardigdes, wat ten gunste was van die uitbreiding van die swart stemreg na die ander provinsies, spoedig gevind dat hulle standpunt nie die steun van die voormalige Boererepublieke en Natal geniet het nie. Hoewel die Kaapse liberale nie radikale standpunte gehad het nie (hulle het dit duidelik gestel dat die beskawingsproses nie oornag kon plaasvind nie, en dat sowel sosiale integrasie as 'n swart meerderheidsregering vir hulle onaanvaarbaar was), het hulle nietemin daarop aangedring dat die stemreg vir alle beskaafde mense beskore was en dat dit die plig van die blankes was om verantwoordelikheid vir die 'opvoeding' van die swartes te aanvaar. Aan die ander kant was die Kaapse liberale ook nie bereid om hulle van die blanke politieke leiers van die noordelike provinsies te vervreem nie. Die voordele van 'n ekonomiese unie het bes moontlik vir hulle swaarder geweeg as die uitbreiding van swart stemreg na die res van Suid-Afrika. By die Nasionale Konvensie moes die liberale die knie buig voor die oorwig van die noordelike provinsies, en hoewel die 'kleurblinde' Kaapse stemreg in die Uniegrondwet verskans is, kon swartes, 'kleurlinge' en Indiërs nie tot die parlement verkies word nie. Desondanks het die Kaapse liberale geglo – verkeerdelik natuurlik – dat die beginsels van

liberalisme ná 1910 sou gedy en dat dit net 'n kwessie van tyd sou wees voordat die swart stemreg na die res van Suid-Afrika sou uitbrei.¹⁴

Die Suid-Afrikaanse Party, wat na Uniewording aan bewind gekom het, het weliswaar 'n aantal liberaalgesinde lede bevat, maar die party as sodanig het segregasie voorgestaan. Soos reeds genoem, het segregasie in sy wydste betekenis reeds eeue lank in Suid-Afrika bestaan. As 'n sistematiese beleid het dit egter eers ná die Eerste Wêreldoorlog 'n vaste vorm begin aanneem. Voorheen is daar wel wetgewing met segregasie-oogmerke (soos die Wet op Myne en Bedrywe van 1911 en die Naturelle Grond Wet van 1913) op die wetboek geplaas. Die regeerders het egter eers werklik bewus geword van die noodsaaklikheid van 'n meer doelgerigte beleid toe industrialisasie, wat met die Eerste Wêreldoorlog gepaard gegaan het, groot getalle swartes na die stedelike gebiede gelok het. Daar het dié swartes toenemend ontevrede met hul ekonomiese en sosiale agterstand geword en betrokke geraak by wydverspreide onrus wat tussen 1918 en 1920 regdeur die land geheers het. Omdat Hertzog se wetgewing van 1936 die mees ingrypende segregasiemaatreëls tot op datum was, het die tydperk tussen 1936 en die aanbreek van die apartheidsera in 1948 bekend geword as die segregasietydperk.

Wetgewing tussen 1910 en 1924 wat swartes geraak het, het segregasie duidelik uitgespel: die reeds vermelde Naturelle Grond Wet (1913), die Naturellesakewet (1920) en die Naturelle Stadsgebiede Wet (1923).¹⁵ Swartmense se reaksie teen diskriminerende regeringsmaatreëls het in die eerste dekade van die twintigste eeu vir die eerste keer gekoördineerd plaasgevind. In 1909 is die South African Native Convention gevorm om die voorstelle vir die vereniging van die vier kolonies te bespreek, en in 1912 het die South African Native National Congress tot stand gekom wat sedertdien verskeie vreedsame protesaksies sou loods.¹⁶

Die Pakt-regering het nog verder as Botha en Smuts gegaan om segregasie te vestig. Sowel die Nasionale Party as die Arbeidersparty het die belange van die blanke werker voorop gestel en sedert 1924 het die Hertzog-regering ook wetgewing soos die Loonwet en die Wysigingswet op Myne en Bedrywe aanvaar wat blanke indiensneming direk en indirek in sekere beroepskategorieë aangemoedig het.¹⁷ Hertzog, wat eintlik die argitek van die Naturelle Grond Wet van 1913 was, wou egter ook omvattende wetgewing daarstel om die Kaaplandse swartes van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder, hoofsaaklik omdat hy in daardie stemreg 'n bedreiging vir blanke oppergesag gesien het. In ruil daarvoor

sou hy meer grondgebied aan die swartes afstaan, terwyl daar ook afsonderlike strukture geskep sou word om aan swartes indirek politieke inspraak te gee. Aanvanklik wou hy die 'kleurlinge' by sy wetgewing betrek en hulle politieke regte na die ander provinsies uitbrei, maar Hertzog kon nie 'n tweederde-meerderheid verkry om sy wetsontwerpe op die wetboek te plaas nie. Eers tien jaar later – nadat verskeie Gekose Komitees die aangeleentheid ondersoek het – het Hertzog as leier van die Verenigde Party – en met die steun van Smuts, wat hom voorheen telkens geopponeer het – daarin geslaag om sy wette op die statuutboek te plaas. Dit was egter 'n afwatering van wat hy oorspronklik beoog het, en sy voormalige partygenote met D. F. Malan as leier, wat samesmelting met Smuts se party verwerp het, het hulle teenkanting teen verskeie aspekte van die wetgewing te kenne gegee.¹⁸ Intussen is blanke oppergesag verder verstewig deurdat die parlement in 1930 slegs aan wit vroue die stemreg toegeken het.

Die feit dat Hertzog eers ná samesmelting van die twee partye in 1934 sy rassewetgewing deur die parlement kon loods, beteken nie dat hy geen steun vir sy beleid van die opposisie kon kry nie. Heelwat lede van die Suid-Afrikaanse Party het simpatie met sy sienswyse gehad, en dit verklaar ook waarom die rassevraagstuk, hoewel aanvanklik 'n geskilpunt tydens samesprekings tussen die twee partye, uiteindelik nie in die pad van samesmelting gestaan het nie.¹⁹ Diegene binne die blanke politiek wat Hertzog se wetgewing onomwonde teengestaan het, was die liberale, met J. H. Hofmeyr as die belangrikste pleitbesorger. Hierdie mense was egter ver in die minderheid. In die gesamentlike sitting van die twee parlamentshuise wat belê is om die verskanste klousules in die grondwet te wysig, het 168 parlamentslede byvoorbeeld vir Hertzog gesteun, terwyl slegs 11 (waaronder drie Afrikaanssprekendes) hom geopponeer het.²⁰

Ook ten opsigte van die Indiërs het 'n verskeidenheid wette (waarvan sommige reeds voor Uniewording gepromulgeer is) die bewegings van veral Indiërhandelaars, wat voortdurend tradisionele blanke handelsgebiede binnegedring het, aan bande gelê. Polities is die Indiërs reeds sedert 1893 kragteloos gemaak deurdat parlementêre stemreg in daardie jaar van hulle ontnem is. As gevolg van heftige verset van Mohandas Gandhi, die Transvaal Indian Congress en die South African Indian Congress, gesteun deur protes van die Indiese regering, was die Suid-Afrikaanse regering periodiek gedwing om toegewings te maak. Hoewel die Kaapstadse ooreenkoms tussen die Hertzog-regering en 'n afvaardiging van Indië in 1927 'n tyd lank verhoudinge laat verbeter het,

het die repatriasie van Indiërs in die vroeë dertigerjare tot stilstand gekom en het die druk van veral plattelandse plaaslike owerhede in Natal en Transvaal op die Indiërs om onwettige besetting van blanke gebiede te laat vaar, vergroot. 'n Ondersoekkommissie in die middel-veertigerjare en daaropvolgende wetgewing in 1946 het weinig bygedra om die geskil te besleg.²¹

Hoewel die rassevraagstuk veral sedert 1948 die belangrikste strydpunt in algemene verkiesings geword het, was dit in die eerste vier dekades na Uniewording nie so belangrik as die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes of die verhouding tussen Suid-Afrika en Brittanje nie. Trouens, in slegs twee algemene verkiesings, dié van 1929 en 1938, was die rassevraagstuk een van die groot strydvrage.²²

Ter opsomming kan daar dus met stelligheid aangevoer word dat rassediskriminasie op die vooraand van die jare veertig stewig gevestig was. In die blanke politiek sou geen party oorleef indien dit nie blanke oppergesag kon waarborg nie.

2

Die veranderende toneel van die veertigerjare

Inleiding

Dat die oorgrote meerderheid van die 2,4 miljoen blankes in Suid-Afrika in die veertigerjare ongekwalifiseerde ondersteuners van rassese segregasie was, is nie te betwyfel nie.¹ In werklikheid was daar, algemeen gesproke, net 'n graadverskil tussen die verskillende blanke opvattinge oor hoe rigied segregasie toegepas behoort te word.² 'n Mens sou die blankes rofweg in drie groepe kon verdeel op grond van hul beskouinge oor die rassevraagstuk. Eerste was daar 'n klein groepie, meestal Engelssprekendes, wat hulle beywer het vir 'n meer regverdige politieke en sosiale bestel vir swartes, 'kleurlinge' en Indiërs. Hierdie groep het bekend gestaan as die liberale, en hoewel daar nie voor 1953 'n liberale party in Suid-Afrika bestaan het nie, kan die liberale as 'n beduidende ideologiese groep beskou word.

Tweedens was daar 'n middelgroep wat meestal die beginsels van die Verenigde Party gesteun het. Hoewel hulle sekere liberale beginsels, soos die oppergesag van die parlement, persvryheid asook vryheid van spraak gehuldig het, was hulle nietemin voorstanders van segregasie. Blanke oppergesag vir 'n onbepaalde tydperk is as voorvereiste gestel en die ontwikkeling van die swartmense moes ewolusionêr geskied. Gelykstelling op enige gebied was uitgesluit. Die belangrikste uitsondering in hierdie groep was J. H. Hofmeyr, wat 'n eksponent was van die liberale rigting, maar sy praktiese politiek binne die geledere van die Verenigde Party beoefen het – strydig met sy eie oortuigings en tot strategiese

nadeel van die party. Hoewel die liberaalgesindes in die partyleiding van die Arbeidersparty gedurende die veertigerjare 'n sterker houvas op die rassebeleid van die party begin kry het, het die Arbeidersparty in sy geheel hoofsaaklik die belange van die blanke werker behartig en was dit nie 'n liberale party nie. Dié party kan dus ook as 'n 'middelparty' gereken word.

Die derde groep kan bestempel word as 'n konserwatiewe, regse groep, bestaande uit lede van die Nasionale Party en ander enersdenkendes. Hierdie groep, hoofsaaklik Afrikaners, was eweneens voorstanders van blanke oppergesag, maar wou hê dat die beleid van segregasie volkome op alle terreine toegepas moes word. Dié beleidsrigting van totale segregasie het mettertyd as die apartheidsbeleid beslag gekry.

Verslegtende rasseverhoudinge

Soos in die geval van die Eerste Wêreldoorlog, het die Tweede Wêreldoorlog 'n aansienlike uitwerking op die sosio-ekonomiese toestande in die land gehad. Veral die fabrieksnywerheid is gestimuleer deurdat krygstuig en verwante produkte op groot skaal vir die oorlogspoging vervaardig is. Nuwe werkgeleenthede is veral vir ongeskoolde werkers in die stedelike gebiede geskep, en swartes het in groot getalle na die stede gestroom waar plaaslike owerhede nie naastenby in die behoefte na huisvesting kon voorsien nie. Die Hertzog-wetgewing van 1936 het in belangrike opsigte te kort geskiet; dit kon as segregasie-instrument kwalik beheer oor die nuutverstedelike swartes uitoefen.³ Kontak tussen dié nuutverstedelike swartes – wat meestal in ontoereikende sosiale omstandighede geleef het – en stedelike blankes het spanning tussen rasse verhoog.

Die verhouding tussen blankes en swartes was bepaald gespanne in die veertigerjare.⁴ Tydgenootlike beoordelings van die rassesituasie het verskeie faktore wat op die probleem ingewerk het, aangedui. Een daarvan was dat Suid-Afrikaanse swartes ontnugter was omdat die verwagtinge wat hulle gekoester het van 'n beter bedeling ná die Tweede Wêreldoorlog nie gerealiseer het nie. Tweedens het die swartes groter politieke selfbewussyn ontwikkel en ook bewus geword van hulle krag in die ekonomie. Derdens het blankes swart oorheersing gevrees, wat in sommige kringe aanleiding gegee het tot 'n verskerpte aandrang op segregasie. Vierdens was daar die stygende lewenskoste, die agteruitgang van die swart reservate en die gevolglike invloed van swartes na dorpe en stede, en die tekort aan behuising en ander lewensmiddele wat aanlei-

ding gegee het tot toenemende misdaad, wat rasseverhoudinge verder vertroebel het.⁵

Vir baie van die sowat 76 000 swart Suid-Afrikaners wat aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem het, het naoorlogse Suid-Afrika inderdaad 'n teleurstelling ingehou. Toe hulle as vrywilligers gewerf is, is 'n aanloklike prentjie van 'n verbeterde persoonlike status en aansienlike demobilisasievoordele aan hulle voorgehou. Hiervan het egter min tereg gekom. Swartes wat gedurende die oorlog opgelei is as baardraers, mediese ordonnanse, voertuigbestuurders, skrynwerkers en so meer, het teen hul verwagting in gevind dat hulle ná die oorlog nie in Suid-Afrika benut kon word in dié beroepe waarvoor hul opgelei is nie. Daarby is daar nie werklik voldoende finansiële voorsiening in die vorm van pensioene en gratifikasie vir hierdie mense gemaak nie, terwyl hulle dikwels ook lank vir uitbetalings moes wag. Demobilisasie het ook op 'n rassegrondslag plaasgevind en wel ten koste van veral swartes.⁶

Ook in 'n ander opsig was die naoorlogse Suid-Afrika 'n ontnugtering. Die hoop by sommige Suid-Afrikaners dat die oorlog 'n verandering in gesindhede tussen rasse sou bring, het nie werklikheid geword nie. Daar is geargumenteer dat 'n nuwe kameraadskap tussen rasse op die slagveld kon ontstaan, veral omdat swartes hul deel gedoen het – al was dit dan nie in vegtende hoedanigheid nie. Aan die hoof van die leerse opvoedkundige dienste het twee toonaangewende Suid-Afrikaanse liberale gestaan: E. G. Malherbe en Leo Marquard; derhalwe het Suid-Afrikaanse soldate volle geleentheid gehad om hulle siening oor die rassevraagstuk te verbreed. Tog het dit geblyk dat die deursnee blanke manskap se siening oor die saak nie noemenswaardig verander het nie.⁷

Omdat die inheemse bevolking in lande in Afrika en Asië 'n groter aandeel in die regering van hul land geëis het, het Suid-Afrikaanse swartes, 'kleurlinge' en Indiërs gemeen dat dit hulle ook toegekom het. Hulle het gevolglik meer militant geword in hul eise om politieke verteenwoordiging en hoër burgerlike status.⁸ Aan die ander kant het die blankes vanweë die getaloorwig van die swartes bedreigd gevoel. Hierdie toedrag van sake het vererger in die loop van die veertigerjare. Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het die Suid-Afrikaanse blankes hulle plotseling in 'n wêreld bevind waarvan twee derdes nie blankes was nie en hierdie gekleurdes nou in die raadsale van die wêreld op gelyke voet met blankes beraadslaag het.⁹ Hierdie gevoel van bedreigtheid het, soos Quintin Whyte dit gestel het, gelei tot 'n dualisme: met die een hand het die blanke opvoeding, gesondheidsdienste en beter behui-

sing aan die swarte gegee; met die ander het hy teruggehou en beperkinge gestel, soos deur aan die kleurskeidslyn vas te klou.¹⁰

Wat duidelik was, was dat die swartes se gesindheid teenoor die blankes nie besonder vriendskaplik was nie. Dit was veral die stedelike en opgevoede swarte wie se houding vanweë rassediskriminasie aan die verhard was.¹¹ Oënskynlik was hierdie houding veral gemik teen die Afrikaner. Die siening van D. G. S. M'Timkulu, destyds hoof van die bekende Adams College High School in Natal, was dat die Afrikaner aanvanklik as die eintlike vyand deur die swarte beskou is, maar dat die swarte later tot die besef gekom het dat die Britte in Suid-Afrika net soveel aandeel in die ontsegging van regte aan die swartes gehad het.¹² Maar 'n opname onder swart mynwerkers op drie goudmyne naby Johannesburg in 1943 het 'n ander siening weerspieël. Dié opname is gedoen om die uitvoerbaarheid van 'n radio-nuusdiens vir swartes te bepaal ten einde hulle in te lig oor die verloop van die Tweede Wêreldoorlog. In die loop van die ondersoek het dit geblyk dat hierdie swartmense totaal onkundig was oor die mees basiese feite omtrent die oorlog. Nogtans het hulle geweet dat baie Afrikaners gekant was teen Suid-Afrikaanse oorlogsdeelname, en daarom het hierdie swartmense hulle bereid verklaar om aan die kant van Brittanje te veg. Deur aan Brittanje se kant te veg, so is geredeneer, het hulle teen die Afrikaners geveg. Die Afrikaners was volgens die swart mynwerkers ten gunste van die paswette, en deur teen die Afrikaners te veg, kon hulle dalk van die paswette ontslae raak.¹³ Oor die naïwiteit van hierdie siening hoef daar kwalik kommentaar gelewer te word. Wat wel insiggewend was, was dat daar 'n persepsie by hierdie swartes oor die Afrikaner as onderdrukker bestaan het.

Die bekende psigoloog uit dié tyd, I. D. MacCrone, het hierdie persepsie bevestig, maar interessant genoeg onder 'n ontwikkelde groep swartes. Hy het die rassehoudings van 'n groep opgevoede swartes ondersoek en bevind dat hulle besonder aggressief en vyandig teenoor die blankes, en veral die Afrikaners, was.¹⁴ Verklarings is gesoek vir die verskil tussen die verhouding tussen swartes en Afrikaners en dié tussen swartes en Engelssprekende Suid-Afrikaners. Van die redes wat vir die meer gespanne verhouding tussen die Afrikaners en swartmense aangevoer is, was die historiese verhouding tussen die twee groepe. Anders as die Afrikaner, het die Engelssprekende nie gedurende die vroeë negentiende eeu 'n stryd om oorlewing in die onbekende binneland van Suid-Afrika gevoer nie. Derhalwe was die swartman nie sy tradisionele 'vyand' nie.¹⁵ 'n Verdere stelling wat in hierdie verband gemaak is, is dat die Engelssprekende nie met die armblankeprobleem te kampe gehad het

nie en ook nie soos die Afrikaner met die swartman om ongeskoolde werk meegeding het nie. In die stede is sy ekonomiese sekuriteit nooit soos dié van die Afrikaner bedreig nie.¹⁶ Daarby was dit die Afrikaner wat as klerk en staatsamptenaar in die daaglikse omgang in stede en dorpe die meeste direkte kontak met swartes gehad het. Net so was daar in die landelike streke, en veral op plase, baie groter kontak tussen Afrikaners en swartes as wat daar tussen Engelssprekendes en swartes was. In 1946 was 85,54 persent van die blanke boere in die land Afrikaanssprekend.¹⁷

Daar moet natuurlik ook in gedagte gehou word dat die gewone Afrikaner baie meer blootgestel was aan ideologiese en religieuse indoktrinerings as wat die geval met die Engelssprekende was. Die idee van 'n volk, gering in getal, met 'n 'roeping' in 'n swart kontinent, is voortdurend onder Afrikaners se aandag gebring. Afrikanerleiers het by herhaling die gevare van bloedvermenging en swart verswelging aan die gewone Afrikaner voorgehou. Afrikaneridentiteit het mettertyd 'n sleutelbegrip geword in die verantwoording van die Afrikaner se rasseopvatting. 'n Bekende NG-predikant van Pretoria, ds. J. Reyneke, wat heelwat gemoeid was met rasse-aangeleenthede en, anders as baie ander NG-predikante en Afrikaners, bereid was om in 'n liggaam te dien wat rassebetrekkinge wou bevorder, te wete die Joint Council of Europeans and Non-Europeans, het in 1946 die Afrikaner se rassegesindheid probeer verduidelik. Volgens ds. Reyneke wou die Afrikaner nie rassesseiking toepas om die stryd van die verlede teen die swarte vol te hou nie, maar omdat hy sy rasse-identiteit wou bewaar. Die Afrikaner het geen ander tuiste as Suid-Afrika gehad nie en om sy identiteit te bewaar, het hy homself dus gesegregeer. Omdat hierdie saak so belangrik was, het die Afrikaner geglo dat dit sy verantwoordelikheid was om die inisiatief te neem ten opsigte van beleidsformulering, te meer nog omdat hy – reg of verkeerd – geglo het dat sy 'beskawing' ouer, en sy kultuur en intellek superieur ten opsigte van die inheemse gekleurdes was. Dieselfde argument het ook ten opsigte van ekonomiese beleid gegeld. Die Afrikaner het homself as werkgewer en die swarte as ongeskoolde werker beskou, en hy was nie bereid om 'n ekonomiese stelsel waaraan hy help bou het, oornag te verander nie.¹⁸

Baie Afrikaners het bepaald met goeie bedoelings (maar dikwels ook met vooropgesette menings) na oplossings vir die rassevraagstuk gesoek. In Augustus 1946 en weer in Februarie 1947 het 'n afvaardiging van

die Inligtingsdienskommissie van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk 'n onderhoud met die Minister van Naturellesake oor dié aangeleentheid gevoer. Een van die afvaardiging se woordvoerders, ds. R. J. Raath, het aan minister Piet van der Byl verduidelik dat hulle meer wou uitvind omtrent die gedagtegang van die swartmense en ook wat die regering beoog het ten opsigte van 'n beleid teenoor die swartes. Hulle was bereid om 'n redelike standpunt oor die saak in te neem en sou ook probeer om hul kerkgenote dienooreenkomstig te beïnvloed. Aangesien dit 'n volksaak was, sou hulle verkies om dit bo die partypolitieke vlak te verhef. Dieselfde vrae sou derhalwe ook aan dr. D. F. Malan gestel word. 'n Ander afgevaardigde, ds. J. H. M. Stoffberg, het erken dat 'n 'hele nasie' (bedoelende die swartes) nie onderdruk kon word nie. By 'n volgende ontmoeting het ds. Raath dit egter kategories gestel dat 'n vaste beleid nodig was, aangesien die probleem elke vyf jaar vererger. Sy voorwaardes het hy ook duidelik gestel: geen verbastering tussen rasse moes plaasvind nie; een nasie in Suid-Afrika was nie moontlik nie; die swartes moes nie onderdruk word nie; 'n beleid moes prakties wees, dus geen teoretiese idealisme nie.¹⁹

Hoewel die Engelssprekendes, volgens die mening van sen. Edgar Brookes,²⁰ teen die middel-veertigerjare betreklik simpatiek teenoor swartes gestaan het (aansienlik minder simpatiek teenoor die 'kleurling' en selfs onsimpatiek teenoor die Indiër),²¹ het dit nie beteken dat die Suid-Afrikaanse Engelssprekendes as groep besonder liberaal oor rasse-aangeleenthede was nie. Veral in Natal het baie Engelssprekendes segregasie gesteun, dikwels vanweë ekonomiese redes. Daarby is die Hertzog-rassebeleid van 1936 deur alle VP-Volksraadslede met die uitsondering van 11 ondersteun – en hierdie 11 het Afrikaanssprekendes ingesluit.²² Daar word in hierdie studie aangetoon dat die VP as party nie liberaal was nie en dat die Engelstalige koerante meestal VP-rassebeleid ondersteun het.

Kenmerkend van die onderlinge verhouding tussen swartes, 'kleurlinge' en Indiërs was dat daar ten spyte van sekere vooroordele en afkeure 'n besef van gemeenskaplike lotsgebondenheid ontwikkel het.²³ Al drie groepe was weens die kleurskeidslyn en ander vorme van rassediskriminasie van sekere basiese regte uitgesluit. Gevolglik is daar reeds teen die middel-veertigerjare oor die grense van eksklusiewe groepsorganisasies beweeg om gemeenskaplik aan versetpolitiek deel te neem – al was dit in daardie stadium betreklik beperk.

Die sosio-ekonomiese posisie van swartes

Die problematiek van die rassevraagstuk in die veertigerjare is vergroot deur swart verstedeliking. Die stedelike swart bevolking het van 1 141 642 in 1936 tot 1 794 000 in 1946 gestyg (insluitende swartes wat in plakkersdorpe en in swart dorpe buite die munisipale grense gewoon het). Die blanke stedelike bevolking was volgens die 1946-sensus 1 719 338.²⁴ Volgens die sensus van 7 Mei 1946 het swartmense in slegs drie van die 24 vernaamste stedelike gebiede en dorpe nie die blankes in getal oortref nie.²⁵ Een van die belangrikste redes hiervoor was dat nywerhede gedurende die oorlogsjare swart werkers op 'n groot skaal na die stede getrek het om hoofsaaklik ongeskoolde en in sommige gevalle halfgeskoolde werk te verrig. Tussen die jare 1938/39 en 1944/45 het die getal swart werkers met 74 persent toegeneem teenoor 20 persent in die geval van blankes. Hierdie swart werkers het na die oorlog 'n permanente deel van die stedelike bevolking gebly.²⁶ In sowel die Johannesburgse as die Durbanse magistraatsdistrik het die swart bevolking met 64 persent vermeerder sedert die sensus van 1936. Die vinnigste toename het egter na 1945 plaasgevind en dit blyk uit statistiek dat die getal swart mans wat vir werk geregistreer was tussen 31 Mei 1945 en 31 Mei 1947 met 80 284 toegeneem het. Waar die stedelike migrasie aanvanklik slegs mans ingesluit het, het gesinne later gevolg. In die Kaapse Skiereiland het die getal swartes van 16 000 in 1938 tot 'n beraamde 60 000 in Maart 1944 toegeneem. Die rede waarom hierdie gebied so 'n groot aantrekkingskrag gehad het, was dat werkgewers in dié gebied die hoogste lone vir ongeskoolde werk in die land betaal het.²⁷

Een van die direkte uitvloeisels van hierdie grootskaalse verstedeliking was oorbewoning, 'n behuisingsnood en die toename van plakkersdorpe. Plaaslike owerhede was eenvoudig nie in staat om voldoende huisvesting te verskaf nie, terwyl hulle ook nie beheer oor die nuwe aankomelinge kon uitoefen nie. Teen 1947 is die akkommodasietekort in stedelike gebiede landwyd op 154 185 huise en 106 877 hostelbeddens bereken.²⁸ In gebiede oos van Pretoria het daar in 1952 volgens 'n opname van die Departement Naturellesake meer as 63 000 plakkers gewoon en aan die westekant sowat 17 000. In Johannesburg was daar na raming 62 000 inwoners in die plakkerskampe Moroka en Jabavu. Dergelike omstandighede het ook voorgekom in Cato Manor naby Durban en Windermere naby Kaapstad.²⁹ Behuising was een van die hoofredes waarom die sentrale en plaaslike owerhede in die middel-veertigerjare die trek na die stede wou ontmoedig, want die behuisingskoste per vierkante voet het

tussen 1936 en 1946 meer as verdubbel. Soos in die geval van menige ander kommoditeite en dienste, was die oorlog hoofsaaklik verantwoordelik vir die probleem van voorsiening. Daar was nie net 'n tekort aan boumateriaal (veral sement) nie, maar ook 'n skaarste aan boupersoneel – in albei gevalle vanweë die oorlog.³⁰

Hoewel Smuts self reeds in 1942 die verstedeliking van swartes as 'n onvermydelike proses beskou het – een wat nie deur segregasiemaatreëls gestuit kon word nie³¹ – het die algemene verstedelikingsneiging by swartmense nogtans kommer by die Departement van Naturellesake gewek. Die Kamer van Mynwese se kommer oor die voorsiening van arbeid aan die Rand bevestig dat die grootste invloed van swartes na die stedelike gebiede in die Kaapse Skiereiland plaasgevind het. Die myne kon in Maart 1944 byvoorbeeld slegs 94 000 swartes uit die Kaapprovinsie in diens neem in plaas van die gewone 140 000.³² Wat besonder onrusbarend was, was die stygende getal swart werkloses in stede en die maatskaplike implikasies daarvan. Margaret Ballinger het die werkloosheidsprobleem onomwonde aan die Naturelle Grondwette toegeskryf wat swartes van die grond na die stede gedwing het.³³ Hierdie sienswyse is ook deur Z. K. Matthews gehuldig.³⁴

Stedelike swartes het teen die middel-veertigerjare die stadslewe met gemengde gevoelens ervaar. Armoede, hoofsaaklik as gevolg van lae lone, het wyd voorgekom, en dit is aansienlik vererger deur die ongeken- de styging in voedselpryse gedurende die oorlogsjare.³⁵ In 'n opname wat deur dr. R. E. Phillips onder stedelike swartes gemaak is, is bevind dat die meerderheid swartes van mening was dat die lewe in die stad van 'n hoër gehalte behoort te wees as op die platteland, maar dat swartes aan verskeie beperkinge onderworpe was. Die algemeenste klagtes was lae lone, hoë belasting, die kleurskeidslyn in die nywerheidssektor, gebrek aan eiendomsreg, gebrek aan besigheidsfasiliteite en aansporing tot vooruitgang, paswette, optrede van die polisie, ongelyke behandeling in howe, gebrek aan direkte verteenwoordiging in die parlement, provinsiale rade en munisipaliteite, onhigiëniese krotbuurte, ontoereikende skoolfasiliteite en 'n ineenstorting van ouerlike dissipline.³⁶

Een van die ernstigste sosiale implikasies van swart verstedeliking in die veertigerjare was 'n hoë misdaadsyfer in stede. Volgens die verslag van die Penal and Reform Commission van 1947 het die omstandighede waaronder swartes in stedelike gebiede ingetrek het veel hiertoe bygedra. Armoede en die gevolglike noodsaak dat man en vrou albei moes werk, het tot 'n verbrokkeling in huislike dissipline gelei, wat weer jeug-

misdad laat toeneem het. Heelwat stamgebruike het in onbruik geraak by verstedelike swartmense, met die gevolg dat losse verhoudings buite die huwelik dikwels voorgekom het. Kinders wat uit sulke verbintenis gebore is, het in baie gevalle slegs die moeder se finansiële ondersteuning gehad, en aangesien hulle nie skoolpligtig was nie, het leeglêery vryelik voorgekom. Talle 'ontstamde' swartmense het eenvoudig net nie die wette van die gemeenskap eerbiedig nie, en die hele situasie is vererger deurdat groot getalle mense in beperkte areas saamgehoek is. Baie misdade is onder die invloed van drank gepleeg.³⁷ In sy getuienis voor bogenoemde kommissie het die Johannesburg Joint Council of Europeans and Africans ook gemeld dat verskeie van die wette wat slegs op swartes van toepassing was 'n gesindheid van weersin by swartes gewek het, sodat hulle oortredings kragtens daardie wette nie as ernstig beskou het nie. Tog is hulle vir hierdie oortredings gearresteer en aangekla, en het daar sodoende 'n addisionele 'kriminele' klas ontstaan. Ontoereikende behuising en polisieoptrede (veral deur ongeletterde swart polisie-manne) is as bykomende redes vir swart misdad in stede genoem.³⁸

Geletterdheid was 'n belangrike faktor in die politieke, maatskaplike en ekonomiese vordering van die swartman – en ook een van die maatstawwe waarmee hy deur blanke Suid-Afrikaners gemeet is. Die swarte se ontwikkelingspeil is as argument gebruik om die beleid van blanke voorgdyskap te verdedig. In 1944, byvoorbeeld, het Suid-Afrika se geakkrediteerde verteenwoordiger in Ottawa, D. de W. Meyer, in 'n artikel in die *Toronto Globe and Mail* Suid-Afrika se rassebeleid verdedig en in sy betoog onder meer aangevoer dat die mentaliteit van die gemiddelde swarte in Suid-Afrika nie veel hoër was as dié van 'n twaalfjarige blanke kind nie. Hierop het D. L. Smit, Sekretaris van Naturellesake, in 'n brief aan die Sekretaris van Buitelandse Sake Meyer se uitlating gekritiseer. Smit het daarop gewys dat die ontwikkelde swartes ernstig beswaar teen sulke stellings sou maak; bowendien het dié bewerings ook nie met die feite ooreengestem nie, aangesien daar 'n toenemende vraag na hoërskole vir swartes bestaan het en daar ook baie geletterde swartmense in die stede was.³⁹

Daar is nietemin voldoende getuienis dat swartes teen 1945 'n groot opvoedkundige agterstand in vergelyking met blankes, Indiërs en 'kleurlinge' gehad het. Na beraming kon 80 persent van die totale swart bevolking in 1947 nie lees of skryf nie,⁴⁰ terwyl in 1948 slegs 35 persent van die swartes in die ouderdomsgroep 7–16 op skool was, en 50 persent van alle swart skoliere nie verder as die substanderds gevorder het nie. Hoewel die getal swart kinders op skool van 212 000 in 1935 gestyg het tot meer

as 'n halfmiljoen in 1947, het die persentasie swartmense wat onderwys ontvang het feitlik geen styging getoon sedert 1910 nie. Slegs 3,5 persent (in vergelyking met die blanke se 23,1 persent) het verder as die primêre skool gevorder.⁴¹ Selfs in die stedelike gebiede was die geletterdheidsyfer nie hoog nie, want 'n ondersoek na aspekte van die swartes se lewe in Sophiatown en Alexandra Township in 1942 het aangedui dat feitlik die helfte van die gekombineerde Sophiatown- en Alexandra-groep waarskynlik ongeletterd was.⁴²

Die Smuts-regering het weliswaar heelwat gedoen om swart onderwys te verbeter, veral wat die befondsing daarvan betref. Desondanks is daar in 1945 steeds slegs £2,3 miljoen aan swart onderwys en £2,2 miljoen aan 'kleurling'- en Indiëronderwys bestee teenoor die £16,5 miljoen aan blanke onderwys. 'n Verdere probleem was dat swart onderwysers oor die algemeen swak gekwalifiseerd was. Slegs 5 persent van alle swart onderwysers het in 1946 oor 'n matrieksertifikaat beskik.⁴³ Verskeie waarnemers uit dié tyd was ook van mening dat swart onderwysers se besoldiging baie laag was in vergelyking met verskeie ander beroepe.⁴⁴ Ontoereikende tegniese onderwys, wat van groot nut vir verstedelike swartes sou wees, was 'n verdere tekortkoming.⁴⁵ Die hoë ongeletterdheidsyfer het egter nie beteken dat swartmense nie gretig was om geleerdheid en kennis te bekom nie. Daar was oor die algemeen 'n sterk behoefte aan goeie onderwys en opleiding. Daar was in die swart gemeenskap sprekende voorbeelde van hoogs ontwikkelde mense met gesofistikeerde denke – al was hulle nog ver in die minderheid. Bernard Friedman was van mening dat die swart intelligentsia in Suid-Afrika waarskynlik 'n voorsprong bo ander swart gemeenskappe in Afrika gehad het deurdat hulle aan meer kontak met Westerse denke blootgestel was.⁴⁶ Tog het dieselfde swart intelligentsia teen die einde van die veertigerjare ongeduldig begin raak met die stadige pas van hervorming. Vir hulle het politieke mag belangrik begin word, belangriker as bloot die verwerwing van kennis.⁴⁷ Dit was juis hierdie swart intelligentsia – so meen Kenneth Ingham – wat Smuts van hom vervreem het deur sy aanvaarding van die 1936-wetgewing rakende swartes.⁴⁸

Die posisie van swartes op die platteland was ekonomies gesproke nie beter nie. Die probleem van verstedeliking was in der waarheid verwant aan die plattelandse probleem omdat swartes meestal stede toe getrek het vanweë armoede op die platteland.⁴⁹ In die reservate was geen nywerhede wat werkgeleenthede gebied het nie. Daarby was hierdie gebiede oorbevolk en was die veegetalle veel groter as wat die bodem kon dra.⁵⁰ Landbouproduksie het sedert 1936 feitlik staties gebly en die

inwoners van die reservate kon nie in hulle bestaansbehoefte voorsien nie.⁵¹ Grondaankope vir die swart reservate kragtens die Naturelletrust- en -Grond Wet van 1936 is deur die oorlog onderbreek, en na die oorlog het faktore soos hoë grondpryse, personeeltekorte in die Departement van Naturellesake en teenkanting van blanke boere daartoe bygedra dat slegs 1,76 van die geskeduleerde 7,25 miljoen morge teen 1948 aangekoop is.⁵² En die Suid-Afrikaanse Naturelletrust, die liggaam wat vir die aankoop en beheer van die addisionele grond verantwoordelik was, moes telkens vind dat die fondse tot hulle beskikking ontoereikend was.⁵³ Die regering se pogings om swart landbou in die reservate op 'n hoër peil te plaas het nie besonder gunstige resultate opgelewer nie, veral vanweë die volgende redes: gebrekkige fondse, die feit dat so baie swart boere in die reservate trekwerkers was en dus baie van die grond afwesig was, asook die feit dat swartes vanweë hul teenkanting teen die regering se 'naturellebeleid' nie hul volle samewerking wou gee nie.⁵⁴ Afgesien van verskraalde boerderypotensiaal in die swart gebiede, het sekere basiese dienste soos gesondheidsorg ernstig agteruitgegaan sedert die laat dertigerjare.⁵⁵

Ook in die blanke gebiede het omstandighede in die loop van die twintigste eeu algaande moeiliker geword vir swart boerdery. Deelsaaiers en plakkers op blanke plase het bykans verdwyn, en in die laat dertigerjare het die getalle van die sogenaamde huurwerkers ('labour tenants') ook begin afneem, veral omdat boere hulle as onwenslik op plase beskou het en loonwerkers verkies het.⁵⁶ Nogtans het huurwerkers (in Transvaal altans) waarskynlik steeds die grootste gedeelte van die swart plaaswerkersmag uitgemaak.⁵⁷

Die tekort aan swart plaasarbeid

'n Tekort aan swart plaaswerkers het in die veertigerjare 'n akute probleem vir blanke boere geword.⁵⁸ Dié tekort het wyd voorgekom en is deur die Sekretaris van Naturellesake aan die 'abnormale toestande as gevolg van die oorlog' toegeskryf. Daar was egter ook ander redes vir die tekort aan plaaswerkers. Plaaswerk was ongewild omdat lone meestal nie mededingend was met dié van die nuwe nywerhede wat as gevolg van Suid-Afrika se oorlogsdeelname tot stand gekom het. Verder het sommige boere ook nie hul werkers billik behandel nie.⁵⁹ Plaaswerkers se lone het sedert Uniewording nie noemenswaardig gestyg nie en het in werklikheid swak vergelyk met dié in ander ekonomiese sektore.⁶⁰ Hoewel dit 'n veralgemening sou wees om blanke boere oor die algemeen van swak behandeling van hul swart werkers te beskuldig (soos eerwaar-

de Michael Scott in 1947 met betrekking tot die Bethalse boere te kenne wou gee),⁶¹ was daar beslis gevalle waar boere min gedoen het om die lewensomstandighede van plaaswerkers te verbeter. Teenoor hierdie probleem het die regering egter nie gevoelloos gestaan nie. Inspekteurs is gereeld na plase gestuur om werks- en lewensomstandighede van swart plaaswerkers te ondersoek en verslae is aan die Departement van Naturellesake gestuur.⁶² Wetenskaplike ondersoeke deur Edith Rheinallt Jones na die omstandighede van swart plaaswerkers in Transvaal het daarop gedui dat vooruitstrewende blanke boere besig was om hul gesindheid teenoor die plaaswerkers te verander en meer geneig was om die algemene welsyn van hul werkers te verbeter. Gewoonlik het hierdie boere ook min probleme ondervind om plaaswerkers te bekom.⁶³

Arbeidsvoorsiening aan die boerdery-, myn- en sekondêre nywerheidsektor was natuurlik 'n belangrike prioriteit vir die opeenvolgende Unieregerings en geen regering kon dit bekostig om enige van hierdie sektore te vervreem nie.⁶⁴ Die blanke boere was in terme van steun by die stembus 'n baie belangrike faktor om mee rekening te hou. Ook die Smuts-bewind van die veertigerjare moes dit in ag neem en dus simpatiek staan teenoor die blanke boere se arbeidsbehoefes. Die Minister van Naturellesake, P. V. G. van der Byl, het die potensiële gevaar van 'n verpolitisering van die plaasarbeidsprobleem besef en wou dit sover moonlik uit die politiek hou.⁶⁵ Hy het weldra gevind dat hierdie 'n netelige aangeleentheid was. Aan die een kant was sy departement verbind tot menslike behandeling van swart werkers; aan die ander kant het die boere volgehoue druk op sy departement uitgeoefen om die voorsiening van plaasarbeid te vergemaklik. Jaar na jaar was die arbeidstekort 'n beskrywingspunt op die jaarkongresse van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie (SALU), die Transvaalse Landbou-unie (TLU) en in 'n mindere mate ook die Vrystaatse Landbou-unie. Die Sekretaris van Naturellesake het uitnodigings na dié kongresse ontvang en daar is gereeld mosies aanvaar waarin die regering dringend versoek is om onverwyld aandag aan die probleem te skenk. By geleentheid is maatreëls aan die hand gedoen om die arbeidsvraagstuk te help verlig, waaronder strenger toepassing van die paswette, verwydering van 'swart kolle' en wette teen 'rondlopers'.⁶⁶ In 1944 het SALU aan die hand gedoen dat die swart arbeidsmag in Suid-Afrika in twee hoofgroepe verdeel word: een groep moes aan die landbou beskikbaar gestel word en die ander aan die nywerhede.⁶⁷ Hoewel die regering nie openlik sy teenkanting teen dié plan uitgespreek het nie, was dit duidelik dat hy nie gretig was om dit prakties uit te voer nie. Ook was hy nie geneë om as rekruteerder van swart

arbeid op te tree nie. Daarbenewens het die Sekretaris van Naturellesake dit duidelik gestel dat die regering nie plakkers sou verplig om op plase te werk nie omdat so 'n maatreël op onderdrukking sou neerkom.⁶⁸

Hoewel Van der Byl die arbeidsvraagstuk buite die partypolitiek wou hou, is dit nogtans in die politieke arena ingesleep deur parlamentslede wat die platteland verteenwoordig het. Van hierdie parlamentslede het die arbeidskaarste persoonlik ondervind. S. W. Naudé, LV vir Potgietersrus van 1929 tot 1943 (hy het agtereenvolgens die Nasionale Party, die Verenigde Party, en die Nuwe Orde verteenwoordig), het byvoorbeeld vol verontwaardiging in Julie 1946 aan Van der Byl geskryf: 'Boere word van hulle plase gedrywe, speel bankrot van wege 'n te kort aan arbeid.' En verder: 'Mrs Ballinger & Kie moet gedeporteer word – Basner & Sachs teen die muur gesit word. Ons speel met dinamiet.'⁶⁹

Dat die regering nogtans nie onwillig was om die boerderysektor tegemoet te kom nie, blyk uit die pogings uit staatsgeledere om swart arbeiders vir die plase te werf. In 1946 is 'n skema van stapel gestuur om swartes uit naburige lande vir dié doel te werf. Hierdie mense het gedurende die oorlogsjare die land binnegestroom sonder dat daar kontrole oor hul bewegings uitgeoefen is, en die uitgangspunt van die regering was dat Suid-Afrikaanse swartes nie gedwing kon word om op plase te werk nie, maar onwettige immigrante wel. Aan hulle is dus die keuse gestel om hul dienste aan die boerderysektor beskikbaar te stel of gedeporteer te word. Teen die helfte van 1947 het dit voorgekom asof die skema nie besonder suksesvol was nie. Van der Byl het gemeen dat die volgende faktore hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik was: die vreemde swartes het deportasie bo plaaswerk in Suid-Afrika verkies; die boere het nie genoegsaam in die skema belang gestel nie; daar was mededinging tussen rekruteringsorganisasies en boere-organisasies om die werkers te werf; en die skema was nie goed genoeg bekend gestel nie.⁷⁰ Nog 'n skema wat vir 'n tyd lank geredelik aftrek gekry het, was 'n plan van 'n personeellid van die Naturellekommissaris se kantoor in Johannesburg om swartes wat skuldig bevind is aan geringe pasoordredings op plase te laat werk in plaas van om hulle tronkstraf op te lê. Dié skema is in 1950 beëindig, maar gedurende 1948 is meer as 4 700 swart werkers op hierdie manier aan boere in die Oos-Transvaal toegesê.⁷¹

Die Departement van Naturellesake kon egter nooit werklik daarin slaag om in die veertigerjare aan die behoeftes van die boerderygemeenskap te voldoen nie en toe die Smuts-regering in 1948 verslaan is, was die probleem van plaasarbeid steeds nie opgelos nie.

Spontane protesaksies, geweld en georganiseerde protespolitiek

Die oorlogstydse en naoorlogse ekonomiese situasie het vir die verstedelike swartes die milieu geskep vir groter kontak tussen verskillende swart gemeenskappe en ook kontak met ander rasse-groepe. Vanweë die behuisingsnood het stedelike swartes dikwels aangrensend aan (of tussen) minder gegoede verstedelike blankes begin woon, wat afkeer en vrees by blankes uitgelok en die potensiaal vir wrywing geskep het.⁷² Rassekonflik het soms gewelddadige vorms aangeneem. 'n Tipiese voorbeeld van spanning op die sosiale terrein was 'n episode in Vrededorp in November 1945, toe blankes en swartes mekaar te lyf gegaan het nadat twee blankes na bewering luidrugtige swartes op 'n trem met 'n sambok probeer slaan het.⁷³ Gereelde polisieklompjagte op swartes om die paswette toe te pas en te verseker dat drank nie onwettig aangehou of gebrou word nie, was geen seldsame verskynsel nie.⁷⁴

Die verstedelike swarte wat toenemend Westerse materiële en kulturele waardes begin nastreef het, het in die veertigerjare ook sterker bewus begin raak van sy minder bevoorregte sosiale en ekonomiese posisie. Reaksie teen ontoereikende behuising, verhogings in busfoorie en ander knellings het dikwels voorgekom. Teen die middel-veertigerjare was onrus in stedelike gebiede dikwels nie verwant aan looneise nie maar wel aan lewensomstandighede en onaanvaarbare maatreëls deur die owerheid.⁷⁵

Gelokaliseerde, spontane protes, wat soms met geweld gepaard gegaan het, het in dié tyd vryelik voorgekom. In die omgewing van Johannesburg en aangrensende Witwatersrandse gebiede het die meer as 65 000 plakkers hulself georganiseer en komitees gevorm. Onder die leiers van hierdie plakkerbewegings het James Mpanza, Schreiner Baduza en Oriel Monongoaha getel. Inwoners het heffings aan die leierskap betaal, waarop sekere administratiewe dienste, polisiëring en beheer oorhandelaars voorsien is. Hierdie informele 'plaaslike regerings' het, soos Alf Stadler aantoon, uiteindelik die sentrale owerheid genoop om in die krisis van stedelike swart behuising in te gryp.⁷⁶ 'n Ernstige insident het in Augustus 1947 in die plakkersgemeenskap by Maroka naby Kliptown plaasgevind toe 'n skare die polisie met klippe bestook en drie blanke konstabels gedood is. Die hoofoorsaak van die treurspel was 'n verset teen die perseelhuur wat aan die Johannesburgse stadsraad betaalbaar was; jaloesie omdat die reg om handel te dryf aan sommiges toegestaan en aan ander geweier is; en protes teen die polisie se drankklompjagte.⁷⁷

Soos die Johannesburgse Joint Council tereg aangevoer het, was die konflik nie 'n rassebotsing nie, maar 'n opstand teen die owerheid. Slegs sowat 150 tot 200 mense uit die totale inwonertal van 60 000 het daaraan deelgeneem. Die dieperliggende oorsaak was volgens die Council 'n gevoel van frustrasie by swartmense omdat hulle geen seggenskap gehad het in wette wat ten opsigte van hulle gemaak is nie. Daarby het sommige swartes hulle meer geredelik tot ekstremistiese leiers gewend wat hulle meer belowe het, omdat hulle voortdurend moes aanskou hoe gematigde leiers min vermoë om die posisie van die swartes te verbeter.⁷⁸ Hoe ver verwyderd die liberale mening (soos dié van die Joint Councils) van die sienswyse van die Afrikaner-Nasionaliste was, word duidelik weerspieël in *Die Burger* se vertolking van die Moroka-insident. 'As gemeenskap – natuurlik is daar uitsonderings – verkeer die naturelle op 'n beskawingspeil wat dit ondenkbaar maak dat aan hulle die regte toegeken word wat die blanke gemeenskap in Suid-Afrika geniet,' was die blad se kommentaar. Soos die Nasionale Party-pers so dikwels in dié jare gedoen het, is daar ook na 'n dieperliggende euwel verwys: die kommunistiese agitators. Maar hulle is nie alleen uitgesonder nie. Ook die 'dikwels goedgelowige idealiste wat in alle opregtheid meen dat hul sitkamer-teorieë van vryheid, gelykheid en broederskap in ons veelrassige land toepaslik is', is voor stok gekry.⁷⁹

Gewelddadigheid soortgelyk aan dié by Moroka het ook in Pretoria en ander stedelike gebiede voorgekom. In Desember 1942 het swartmense van die munisipale kampong van Pretoria in opstand gekom omdat hulle gemeen het dat verhoogde lone kragtens die Loonwet nie aan hulle uitbetaal sou word nie. Die lokasiesuperintendent en die kampongbestuurder is aangeval, en die orde is eers herstel nadat die hulp van die weermag ingeroep is.⁸⁰ In November 1944 het 2 000 swartes in Newlands (Johannesburg) trems en eiendom met klippe bestook en met 'n groep van 700 blankes gebots.⁸¹ Dieselfde klimaat van onrus is ook in Durban ondervind en teen 1947 is die vrees uitgespreek dat die gebeurtenisse by Moroka hulle in Durban kon herhaal. Kommer is veral uitgespreek oor onwenslike maatskaplike toestande soos oorvol lokasies, gebrekkige ontspanningsgeriewe en ontoereikende vervoergeriewe, waarvoor die Durbanse stadsraad gedeeltelike blaam ontvang het.⁸² Van 1940 tot 1944 het busboikotte sporadies in die swart woonbuurt Alexandra naby Johannesburg plaasgevind. Ook hierdie boikotte was aksies wat spontaan deur die mense van die gemeenskap georganiseer en uitgevoer is om te probeer verseker dat hulle steeds seggenskap in hul daaglikse vervoer sou hê. Hoewel hulle uiteindelik hierdie beheer verloor het, het hul op-

trede die regering gedwing om in te gryp om die eskalering van vervoer-koste te verhoed.⁸³

Die regeringsmaatreël wat die meeste verset ontlok het, was die paswette. Baie swartmense het dié wette beskou as 'n beperking van beweging wat 'n belemmering van hul ekonomiese bedingingsmag beteken het. Z. K. Matthews het die passtelsel as 'one of the greatest curses of African life in South Africa' bestempel.⁸⁴ In 1943 het die Anti-Pass Campaign begin en hoewel dit nie skouspelagtige resultate opgelewer het nie, is 'n reuse-demonstrasie in 1944 van stapel laat loop.⁸⁵ Stakings het regdeur die veertigerjare vryelik voorgekom, veral in stedelike gebiede. Hoewel swart vakbonde steeds nie erken is nie, het vakbondbedrywighede floreer en volgens D. Gosani, sekretaris van die Council of Non-European Trade Unions, het daar aan die begin van 1946 meer as 100 swart vakbonde met 'n totale ledetal van meer as 150 000 bestaan. Die jaarlikse styging van meer as 50 persent in die lone van swart nywerheidswerkers tussen 1940 en 1946 (die mynbedryf uitgesluit) kan toegeskryf word aan die lewenskragtige vakbondbeweging in hierdie jare.⁸⁶ Dit was duidelik dat die regering nie by magte was om 'n demper op vakbondbedrywighede te plaas nie. Swartes het in die veertigerjare eenvoudig voortgegaan om te staak ongeag daarvan dat dit op tweërlei wyse verbied is: deur gewone wetgewing asook die regering se spesiale oorlogsregulasies. Een van hierdie stakings het aan die einde van 1943 by die Victoria Falls-krag-sentrale aan die Rand uitgebreek. Die staking is deur swart troepe onderdruk maar dit het uiteindelik uitgeloop op 'n onderhandelde skikking. Die gevolg was 'n ondersoek na nywerheidsgeskille deur die Lansdowne-kommissie. In sy verslag in 1944 het dié kommissie die erkenning van swart vakbonde in beginsel goedgekeur maar dit nie vir toepassing op die goudmyne aanbeveel nie.⁸⁷

Die grootste swart staking in hierdie tyd het in Augustus 1946 aan die Witwatersrand uitgebreek, toe 70 000 swart mynwerkers na aanleiding van 'n oproep deur die African Mine Workers' Union geweier het om ondergronds te gaan.⁸⁸ Diepgewortelde ontevredenheid by werkers oor lae lone skyn die hooforsaak van hierdie staking te wees, hoewel die Kamer van Mynwese in Julie 1946 'n aanpassing ten opsigte van lone en ander diensvoorwaardes ooreenkomstig die aanbevelings van die Lansdowne-kommissie gemaak het.⁸⁹ Die studie van Doug Hindson toon egter dat die reële lone van swart mynwerkers tussen 1939 en 1946 met ses persent gedaal het, terwyl nywerheidswerkers se lone in die oorlogsjare gestyg het.⁹⁰ Verskeie blanke individue en organisasies het daarop gewys dat die staking nie bloot aan agitators en kommuniste gewyt moes

word nie. Die kommunikasiekanale tussen werkgewers en werknemers was ontoereikend, deels omdat swart vakbonde nie erken is nie.⁹¹ Dit was nietemin opvallend dat die staking saamgeval het met die aanvang van die Naturelle Verteenwoordigende Raad se sitting. Dit is dus heel moontlik dat die gebeurtenis beplan is om soveel trefkrag moontlik aan gesamentlike swart reaksie te verleen.

Hoewel swart onrus – meestal vanweë ontevredenheid met lone, verhoogde tariewe en ontoereikende huisvesting – soms spontaan opgevlam het sonder dat die georganiseerde politiek of vakbonde 'n rol daarin gespeel het, het die betrokkenheid van organisasies soos die ANC in die loop van die veertigerjare meer beduidend as vroeër geword.

Van besondere belang vir die swart protespolitiek was dat daar sedert 1937 'n verteenwoordigende liggaam bestaan het met lede wat ideologies op dieselfde golflengte as militante politieke organisasies verkeer het en derhalwe nie regeringsmarionette was nie. Die Naturelle-Verteenwoordigings-Wet (no. 12 van 1936) het onder meer voorsiening gemaak vir die Naturelle Verteenwoordigende Raad (NVR), 'n adviserende liggaam bestaande uit sestien swart lede en ses blanke amptenare. Die Sekretaris van Naturellesake het as voorsitter van die Raad opgetree. Hierdie liggaam, wat die belange van swartes landwyd behartig het, het sedert 1937 resolusies uitgevaardig waarin die regering versoek is om onder meer die paswette af te skaf, gebiede beskikbaar te stel waar swartes grond kon koop en eiendomsreg daarop kon verkry, groter geleenthede in die staatsdiens vir opgeleide swartmense daar te stel, in stedelike gebiede handelslisensies aan swartes toe te staan, swart vakbonde toe te laat, beperkings op instromingsbeheer op te hef, en verpligte onderwys aan swart kinders in te stel.⁹²

Die regering het, met uitsondering van 'n aantal maatskaplike aanleenthede soos pensioene en swart onderwys, nie gehoor gegee aan eise wat die NVR as fundamenteel beskou het nie. Vreemd genoeg het D. L. Smit as voorsitter van die NVR heelwat minder daadkrag getoon as in ander opsigte. Hy was nie besonder simpatiek teenoor NVR-eise nie en het nie besluite van die Raad met buitengewone oortuigingskrag aan verantwoordelike kabinetsministers oorgedra nie. Moontlik het Smit besef dat hy in werklikheid min kon doen aan hierdie eise. Die NVR was bloot 'n adviserende liggaam en Smit het skynbaar hierdie beperking aanvaar.⁹³

Nogtans het die NVR binne die raamwerk van die swart politiek 'n gedugte drukgroep geword sedert die vroeë veertigerjare. Tussen dié

liggaam en die African National Congress (ANC) het 'n simbiose bestaan. Feitlik al die lede van die NVR was ook lid van die ANC, sodat die doelstellings en beginsels van die ANC en dié van die NVR vir praktiese doeleindes dieselfde was.⁹⁴ Vir die ANC was die NVR 'n baie nuttige instrument om sy griewe aan die regering oor te dra, omdat die NVR inspraak gehad het in maatreëls rakende swartes.

Gefrustreerd met sy mislukte pogings om gelykstelling vir swartes te verkry en met die regering se houding om belangrike aanbevelings van die NVR in die wind te slaan, het die Raad na die uitbreek van die swart mynstaking in 1946 besluit om die sterkste vorm van protes aan te teken, naamlik om die verrigtinge van die NVR te verdaag.⁹⁵ 'n Gees van onversetlikheid was onmiskenbaar in hierdie optrede, en blanke liberale soos J. H. Hofmeyr en Edgar Brookes het gemeen dat die NVR konfrontasie gesoek het. Brookes het die indruk gekry dat sommige lede nie 'n oplossing vir die dooie punt wou hê nie en hy het gewag gemaak van 'n 'evil spirit' binne die NVR.⁹⁶ Die regering het egter ewe veel skuld aan dié toedrag van sake gehad. *The Bantu World* het in sy kommentaar oor die gebeurtenis vier redes vir die raad se besluit genoem: 'n gebrek aan belangstelling van owerheidskant in die werksaamhede van die NVR; die regering se versuim om die liggaam behoorlik te raadpleeg voor wetgewing aanvaar is; diskriminerende en onderdrukkende maatreëls; en 'n versuim om gedurende die oorlog addisionele grond aan te koop.⁹⁷ Eersgenoemde rede was waarskynlik die belangrikste.

Verdere onderhandelinge tussen die regering en die NVR het niks opgelewer nie: die regering wou die bevoegdhede van die NVR uitbrei en die Raad vergroot, maar dié aanbod is van die hand gewys. Die NVR se minimum-eis was direkte verteenwoordiging van swartes in alle wetgewende liggame, die opheffing van die passtelsel, en die erkenning van swart vakbonde.⁹⁸ Teen die einde van 1946 het dit gelyk asof die NVR finaal met die gematigde eise en vorm van protes van die verlede gebreek het. J. S. Moroka het onomwonde verklaar: 'We will never be satisfied until we govern the country with the Europeans, the Indians and the Coloureds.'⁹⁹

Die radikalisering van die swart politiek is die beste weerspieël deur die nuwe doelwitte en strategie van die African National Congress (ANC). Na 'n tydperk van ongekende agteruitgang in die dertigerjare, het daar veral sedert 1939 'n herlewing in dié organisasie ingetree. Die teelaarde was grootliks gereed hiervoor: die nuutverstedelike ongeskoolde swart werkers was beskikbaar vir politieke mobilisasie as gevolg

van die oorlogstydse oplewing van die vervaardigingsektor. Verder het A. B. Xuma die ANC administratief omvorm en die gematigde, passiewe benadering van die leiers van die dertigerjare oorboord gegooi. Tekenend hiervan was die African Claims van 1943. Xuma en ander swart leiers het veral die gedagte in die Atlantiese Handves dat elke volk die reg het om sy eie regeringstelsel te kies, op die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing gemaak. Hulle het 'n dokument opgestel waarin versoek is dat die beginsels wat deur Roosevelt en Churchill uitgespreek is, byvoorbeeld die reg van alle mense om die regering waaronder hulle leef te kies, ook op die swartmense van Suid-Afrika toegepas moes word. Volle burgerskap en direkte deelname in alle regeringsliggame met stemreg aan alle volwassenes is geëis. Daar is verder aangedring op sosiale en ekonomiese regte waaronder ekonomiese ontwikkeling tot voordeel van almal in die land, verbeterde arbeidstoestande, beter behuising en verwydering van die kleurskeidslyn, stemreg aan alle volwassenes, die reg van almal om toegang tot grond te hê, vrye ondernemerskap, verpligte en vry onderwys en 'n verbeterde gesondheidsdiens. Alvorens die dokument, wat terselfdertyd ook die grondslag van die ANC se nuwe grondwet bevat het, gepubliseer is, is dit in konsepvorm aan Smuts voorgelê wat hom nie met die inhoud daarvan kon vereenselwig nie en dit as 'n foutiewe vertolking van die Atlantiese Handves beskou het.¹⁰⁰

Die ANC se momentum in die veertigerjare is verhoog met die totstandkoming van die Congress Youth League (CYL), 'n drukgroep binne die ANC, in 1944. Swart intellektuele in hul laat twintiger- en vroeë dertigerjare het die kern van hierdie liggaam uitgemaak, en hoewel die CYL se manifest in 1944 nie besonderhede ten opsigte van strategie uitgespel het nie, het dit swart eenheid as hoogste doelwit gestel. Met Anton Lembede, A. P. Mda, Jordan Ngubane, Walter Sisulu, Oliver Tambo en Nelson Mandela as invloedrykste figure, het die CYL, hoewel afkerig van kommunisme, massa-protesaksie ondersteun. Gedurende die leierskapydperk van Lembede is die organisasie gekenmerk deur 'n sterk neiging na eksklusiewe swart nasionalisme, met die onderliggende gedagte dat die swartman in Suid-Afrika self sy heil moet bewerkstellig, aangesien die witman dit nie vir hom sal doen nie. Die 'Afrikaniste' – soos bogenoemde CYL-lede ook bekend was – se eksklusiewe nasionalisme kan moontlik selfs as 'n vorm van rassediskriminasie bestempel word, omdat nie-swartes binne die ANC vir hulle nie aanvaarbaar was nie.¹⁰¹ Mettertyd het Xuma se leierskap ook te gematigd en versigtig vir die CYL geword.¹⁰²

Hoewel Smuts en ander regeringslede die invloed van kommunisme en die Kommunistiese Party oorskat het, en hulle die 'kommunistiese gevaar' kwistig as bangmaakpropaganda gebruik het, was dit beslis 'n faktor in die protespolitiek. Terselfdertyd het die Kommunistiese Party ook dikwels op die voorpunt gestaan van protesveldtogte teen sosiale ongeregtigheid – om dan volle krediet vir die geringste sukses op te eis. Die verset van stedelike swartes teen lewenskoste en behuising het die kommuniste handig te pas gekom en die party het dan ook direk by die stryd betrokke geraak. In verskeie plaaslike gemeenskappe aan die Witwatersrand en die Oos-Rand en in Port Elizabeth en Oos-Londen het die Kommunistiese Party 'n vastrapplek gekry en partytakke gestig.¹⁰³ Dit was ook aktief betrokke by die anti-pasveldtog van 1944–1946 en het in 1947 beswaar gemaak teen wat hulle bestempel het as die regering en die Johannesburgse stadsraad se outokratiese optrede teen plakkers aan die Witwatersrand.¹⁰⁴ Prominente politieke leiers soos die Indiër dr. Yusuf Dadoo en vakbondleiers soos E. S. Sachs en J. B. Marks was kommuniste. Die party het nie net betrokke geraak by die National Liberation League wat in 1935 deur 'kleurlinge' gestig is nie, maar ook die stigting van die Non-European United Front geïnspireer.

Kort voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die kommuniste se standpunt oor Suid-Afrikaanse deelname voortdurend verander namate Rusland se posisie verander het. Aanvanklik was die party teen Suid-Afrikaanse deelname gekant en het 'n veldtog teen rekrutering van swart soldate op tou gesit. Nadat Hitler Rusland egter in Junie 1941 ingeval het, het die kommuniste, met Dadoo aan die spits, skielik hierdie rekrutering ywerig ondersteun. Die enigste groep kommuniste wat onvoorwaardelik teen oorlogsdeelname gekant was, was 'n groep Trotsky-iste, hoewel hulle nooit deur die regering vervolg is nie. Die kommuniste het ook gereeld die plofbare situasie in Suid-Afrika wat deur die oorlog geskep is, tot sy eie voordeel probeer aanwend.

Hoewel die kommuniste sedert die laat dertigerjare veld gewen het in die 'kleurling'- en Indiërpolitiek en onteenseglik 'n rol in die vakbondbeweging en in stakingsaksies gespeel het,¹⁰⁵ het dit geen politieke hefboom gehad nie. In nie een van die verkiesings van die naturellevetennwoordigers kon die party enige sukses behaal nie en kon ook nie 'n kommunist tot die NVR verkose kry nie. Die Kommunistiese Party se rol in die vorming van rassebeleid het derhalwe beperk gebly.

Twee ander swart protesorganisasies in die veertigerjare het ook noemenswaardige steun geniet, maar hulle invloed het teen die einde

van daardie dekade sterk afgeneem. Hulle was die All African Convention (AAC) wat ten tyde van Hertzog se wetgewing in 1936 tot stand gekom het, en die African Democratic Party (ADP) wat in 1943 onder leiding van Paul Mosaka van die ANC afgestig is. Mosaka se party het doeltreffender massa-aksie voorgestaan, maar het nie besondere sukses behaal nie. Die belangrikste prestasie van die AAC in die veertigerjare was die totstandkoming van die Non-European Unity Movement (NEUM), wat die AAC en die Anti-CAD in 'n sambreelorganisasie saamgesnoer het.¹⁰⁶

Te midde van 'n verskerpte aanslag van die Kaaplandse Nasionale Party om rassesekeiding tussen blank en 'kleurling' af te dwing, het die 'kleurling'-politiek sedert die einde van die dertigerjare meer gepolariseerd geword, met politieke groepe wat aansienlik radikaler as die African People's Organization (APO) was. Hierdie situasie het voortgeduur in die veertigerjare. Dr. Abdullah Abdurahman, die spil waarom die APO gedraai het, is in 1940 oorlede en dit het die ondergang van dié organisasie bespoedig. Twee van die minder gematigde organisasies wat in die dertigerjare tot stand gekom het, was die National Liberation League en die Non-European United Front. Afgesien van die organisering van massaprotes teen die Kaaplandse Provinsiale Raad se maatreëls om woonbuurte in Kaapland te segregeer, kon hierdie organisasies teen 1943 nie op meer sukses as die APO aanspraak maak nie.

In 1943 het die regering aangekondig dat 'n afdeling van die Departement van Binnelandse Sake voortaan uitsluitlik 'kleurlingaangeleenthede' sou behartig. Prominente 'kleurling'-leiers het dié aankondiging beskou as die begin van 'n afsonderlike staatsdepartement, soortgelyk aan die Departement van Naturellesake, waarteen hulle heftig gekant was. Die regering het weliswaar die versekering gegee dat geen departement beoog is nie, maar toe 'n Kleurling Adviserende Raad in dieselfde jaar ingestel is, is 'n National Anti-Coloured Affairs Department (Anti-CAD) in die lewe geroep. Hierdie liggaam het gehoor gegee aan die oproep van die All African Convention (AAC) dat 'n sambreelorganisasie van politieke partye wat rassediskriminasie opponeer, gestig moes word. Hierop het die Non-European Unity Movement (NEUM) tot stand gekom, met 'n program van aksie wat hoofsaaklik bestaan het uit eise waaronder stemreg, vryheid van beweging, gelyke regte vir alle landsburgers en die hersiening van diskriminerende wetgewing. Voortaan sou die Anti-CAD en die NEUM in voortdurende konflik verkeer met lede van die Kleurling Adviserende Raad en die Coloured People's National Union (CPNU), wat deur die Raad gestig is.¹⁰⁷

Die geskil tussen die regering en die Indiërs sou in die veertigerjare wêreldwye reperkussies hê. In werklikheid was dit hoofsaaklik 'n Natalse 'probleem', want 195 000 van die kwartmiljoen Indiërs in die land (7,5 persent van die totale bevolking) het in Natal gewoon. Op die Kaapstadse Ooreenkoms van 1927 het 'n tydperk gevolg wat gekenmerk is deur minder spanning tussen die regering en die Indiërs. 'n Gedeelte van die Indiërbevolking se ekonomiese posisie het teen die middel-dertigerjare verbeter, veral nadat die Groot Depressie gewyk het. Tog het groot getalle Indiërs armoedig gelewe, met ontoereikende behuising en voedsel.¹⁰⁸ In hierdie tyd het sommige welgestelde Indiërs huise begin koop in tradisioneel blanke residensiële gebiede in Durban.¹⁰⁹ Hierop het die regering in 1940 die Broome-kommissie benoem om die aangeleentheid te ondersoek. Hoewel die eerste verslag nie noemenswaardige 'indringing' gerapporteer het nie, het 'n tweede verslag in 1943 bevind dat Indiërs wel in die Bereagebied 'ingedring' het. Die regering se reaksie was om deur middel van 'n 'vaspen'-wetgewing – die Wet tot Beperking van Handel en Okkupasie van Grond (Transvaal en Natal) – die Indiërs se beweging aan bande te lê. Later, na sterk protes deur Indiërs, is van die wetgewing afgesien en is die sogenaamde Pretoria-ooreenkoms in April 1944 aangegaan. Hiervolgens sou 'n raad bestaande uit blankes en Indiërs met 'n regsgeleerde as voorsitter beheer uitoefen oor eiendomstransaksies waarby Indiërs betrokke was. Die ooreenkoms het egter nie die Natalse Provinsiale Raad daarvan weerhou om deur middel van provinsiale wetgewing residensiële segregasie te probeer afdwing nie. Uiteindelik is dit laat vaar vanweë protes deur die Natal Indian Congress (NIC). In hierdie stadium het selfs die Indiese regering tot die geskil toegetree en wetgewing teen blanke Suid-Afrikaners aangeneem.

Smuts het die Pretoria-ooreenkoms as 'n mislukking beskou en het in Maart 1946 'n nuwe wet voorgestel, te wete die Wet op Grondbesit van Asiate en Verteenwoordiging van Indiërs. Hierdie wet het Indiër-eienaarskap en -okkupasie tot spesifieke gebiede in Natal beperk, maar Indiërs se politieke regte uitgebrei deurdat drie wit verteenwoordigers in die Volksraad en twee in die Senaat hul belange sou behartig, terwyl daar ook voorsiening gemaak is vir twee Indiër- Provinsiale Raadslede. Vir die Indiërs was hierdie reëling onaanvaarbaar, en die NIC (wat in 1944 verdeel het in 'n militante groep onder G. M. Naicker en 'n gematigde groep onder A. I. Kaje en P. R. Pather) het hom met 'n propagandaveldtog tot die regering van Indië en die VVO gewend. Nadat die sogenaamde 'Ghetto Act', soos die Indiërs dit genoem het, op die wetboek geplaas is, het die NIC met 'n veldtog van lydelike verset begin en het NIC-leiers

met swart en 'kleurling'-organisasies begin saamwerk.¹¹⁰ Kenmerkend van die verskil tussen die regering en die politieke verteenwoordigers van die Indiërs was die uiteenlopende vertolkings van feite. Die Unie-regering, asook die Durbanse munisipaliteit, het die toestande waaronder Indiërs in Suid-Afrika geleef het met dié van Indiërs in Indië vergelyk, terwyl die South African Indian Congress (SAIC) dit met dié van die blankes in Suid-Afrika vergelyk het.¹¹¹

Die uitwerking van protespolitiek

Die protespolitiek het in die veertigerjare 'n momentum verkry wat dit selde, indien ooit, in die verlede gehad het. Nietemin het nóg die ANC nóg enige ander party werklik 'n bedreiging vir die Smuts-regering ingehou. Dit was vir Smuts en die meerderheid van sy kabinet ondenkbaar om aan die eise van die NVR of enige ander swart politieke groep toe te gee. Vir die Nasionaliste, aan die ander kant, was dit tot voordeel om die meer militante styl van swart organisasies as hoogs gevaarlik vir die veiligheid van die land voor te hou. Die strategie daaragter was om politieke punte teen die Smuts-regering aan te teken deur die regering voor te stel as laks, pap en onmagtig om teen swart radikalisme op te tree.

Die vraag sou ook gestel kon word of 'n elite-groep intellektuele swartmense wat op geartikuleerde wyse griewe kon stel, werklik die swart massas se sienswyses in alle opsigte verteenwoordig het. Die feit dat lede van die NVR demokraties verkies is, dui daarop dat die swartmense vertroue in hulle gehad het as politieke verteenwoordigers – sekerlik vanweë die feit dat dié leiers ontwikkelde mense was wat in teenstelling met die breë massa hul standpunt mondeling en skriftelik op bekwame wyse kon stel. Of sommige van die ideologiese standpunte wat hierdie leiers ingeneem het verteenwoordigend was van die behoeftes van gewone swartmense (veral diegene wat nie verstedelik was nie) is twyfelagtig. Met die uitbreek van die oorlog het Xuma, Matthews en ander byvoorbeeld te kenne gegee dat swartes sou veg indien hulle vergoeding in die vorm van groter regte sou ontvang.¹¹² Dit is te betwyfel of die breë massa hierdie standpunt aanvaar het, veral in die lig van die feit dat 76 000 swartes uiteindelik vir die oorlogspoging gewerf is. Die argument dat hulle met beloftes mislei is, hou ook nie heeltemal steek nie, want nóg Smuts nóg enige ander senior kabinetslid of amptenaar het beloftes gemaak. Duisende swartmense het weens pragmatiese oorwegings aan die oorlog deelgeneem. Dit was ekonomiese knellings wat die

meeste van hierdie mense genoop het om van die geleentheid gebruik te maak om 'n vaste inkomste as soldate te verkry.

In die loop van die veertigerjare het die Smuts-regering, ondanks die finansiële beperkinge wat die oorlogspoging gestel het, sosio-ekonomiese hervormings aangebring wat ook die swart gemeenskappe bevoordeel het. Die ANC-leiers het hierdie maatreëls gering geag en die mening uitgespreek dat organisasies soos die ANC in der waarheid slegs doeltreffend na swartes se belange kon omsien indien swartes hulself regeer.¹¹³ Dit is 'n ope vraag of hierdie standpunt, naamlik dat politieke mag eers verkry moes word alvorens verbeterde lewensomstandighede sou volg, ook die standpunt was van 'n groot deel van die landelike swart gemeenskap, waarvan 'n groot persentasie waarskynlik in die eerste plek belang gestel het in die verbetering van hulle ekonomiese posisie. Alfred Hoernlé het in Julie 1938 sy bedenkinge uitgespreek oor die gesag van 'ontstamde' swartmense om namens die swart bevolking as geheel te praat.¹¹⁴ Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat omstandighede drasties verander het in die loop van die veertigerjare. Die lewenslot van swartes het oor die algemeen nie verbeter nie, verstedeliking het versnel, militantheid onder die swart stedelike werkers het toegeneem en hulle kon makliker politieke gemobiliseer word deur politieke leiers wat self meer militant geword het. Verwysende na die krisis waarin die regering hom in 1946 met die NVR bevind het, het die Sekretaris van Naturellesake byvoorbeeld erken dat 'the leaders of the people have had considerable pressure brought to bear on them and the debate, in my opinion, is a reflection of the general state of unrest and dissatisfaction throughout the country'. Selfs opperhoofde het hulle nou vir die eerste keer met die NVR se eise vereenselwig.¹¹⁵

Die feit dat die ANC se getal ingeskrewe lede gering was in verhouding met die swart bevolking¹¹⁶ het beslis nie beteken dat die organisasie nie invloedryk was nie. Verder was die feit dat die verkose lede van die Naturelle Verteenwoordigende Raad bykans almal radikaal was, 'n goeie aanduiding van die luim van die swart bevolking. Namate swart verstedeliking toegeneem het en werkers politieke gemobiliseer kon word, het die meer militante politieke groepe groter steun ontvang.

Swart leiers se opvatting dat die owerheid koud gestaan het teenoor die belange van swartes en dat hy min belangstelling getoon het in die bedrywigheide van swart politieke liggame, was deels geregtig. Veral Smuts, wat soveel energie in die oorlogspoging ingestee het, het die indruk geskep dat die kommerwekkende posisie van swartes hom nie

werklik geraak het nie. Sy Minister van Naturellesake van 1943 tot 1948, Piet van der Byl, was deeglik bewus van Smuts se standpunt dat wetgewing tydens die oorlogsjare tot 'n minimum beperk moes word; vandaar die Eerste Minister se teësinningheid om enige skemas ten opsigte van swartes goed te keur, veral as dit heelwat nuwe wetgewing sou impliseer.¹¹⁷ Amptenare van die Departement van Naturellesake het egter nie hierdie houding gedeel nie, maar hulle hande was afgekap as gevolg van die oorlogsomstandighede. Maar selfs dié departement kon wel die indruk geskep het dat dit nie altyd ten volle belang gestel het in die aktiwiteite binne die swart politiek nie. Een voorbeeld hiervan was 'n episode in Mei 1944, toe A. W. G. Champion in Durban 'n vergadering van hoofmanne, godsdienstige leiers en ander vooraanstaande swartmense gereël het om verslag te doen van sy werk as NVR-lid. Die waarnemende Hoofnaturellekommissaris in Natal is na die geleentheid genooi, maar vanweë ander verpligtinge kon nie hy of enige ander lid van sy personeel dit bywoon nie. Hy was egter van mening dat die byeenkoms 'n politieke vergadering was en dat hy nie daar gehoor het nie. *Illanga Lase Natal* het hierop in 'n hoofartikel sy spyt uitgespreek dat geen amptenaar van die Departement Naturellesake die vergadering bygewoon het ten einde eerstehands vertrouwd te raak met die oorsake van swart ontevredenheid nie. Die Sekretaris van die Departement, D. L. Smit, se reaksie was dat dit onwenslik sou wees dat enige amptenaar van die departement vergaderings van sodanige aard bywoon.¹¹⁸ Dit is nie bekend of swart leiers bekend was met Smit se beleid oor dié aangeleentheid nie. Indien hulle nie hieroor ingelig was nie, kon dit maklik tot misverstand aanleiding gegee het en kon swart leiers die departement se afwesigheid by politieke vergaderings as gebrek aan belangstelling vertolk.

Hervormings deur die Smuts-regering in die veertigerjare

Die regering was daarvan bewus dat die bestaande segregasiebeleid nie meer in alle omstandighede gewerk het nie. Die 1936-wetgewing het nie vir die versnelde nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika sedert die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog voorsiening gemaak nie. Aan die begin van die veertigerjare het dit dan ook voorgekom asof beheermaatreëls ten opsigte van swartmense minder streng toegepas is. Uit die oogpunt van swart leiers en blanke verteenwoordigers van die swartes was daar hoopvolle tekens dat die Smuts-regering besig was om swart aspirasies tegemoet te kom. Deney's Reitz, Minister van Naturellesake van September 1939 tot Januarie 1943, het volgens Margaret Ballinger 'n meer moderne en liberale benadering ten opsigte van die administratie-

we probleme van 'n veranderende Suid-Afrika openbaar. Hy het byvoorbeeld erken dat swartes geregverdigde griewe gehad het, terwyl Smuts die sukses van die beleid van segregasie bevraagteken het aangesien dit nie swart verstedeliking aan bande kon lê nie. Hy het verder ook sosio-ekonomiese hervormings rakende die swartmense in die vooruitsig gestel. Ongelukkig is Reitz, net soos sy opvolger, gekniehalter deur die eise wat die oorlogspoging aan die finansiële en mannekragbronne van die land gestel het. Ná 1943, toe Reitz as Hoë Kommissaris na Londen vertrek het, het die amptelike benadering, net soos onmiddellik na die 1936-wetgewing, weer teruggeval op die segregasiebeleid.¹¹⁹

In 1942 het die verslag van die Interdepartementele Komitee insake die Maatskaplike, Ekonomiese en Gesondheidstoestande van Naturelle in Stedelike Gebiede (met die Sekretaris van Naturellesake, D. L. Smit, as voorsitter) verskyn. Hierdie verslag, grootliks deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings (SAIRV) geïnspireer, het belangrike sake soos swart armoede, die nadelige gevolge van die trekarbeidstelsel vir swart gesinslewe, ontoereikende mediese fasiliteite en behuising, vervoer en lae lone aangeroer. Dit het verder ook die erkenning van swart vakbonde en die afskaffing van die paswette aanbeveel.¹²⁰

Hoewel die regering beloof het om swart vakbonde te erken en die toepassing van die paswette tydelik verslap het in sekere stedelike gebiede,¹²¹ het daar uiteindelik nie veel van die aanbevelings gekom nie. Omdat die bestaande stelsel van registrasie van werkers ernstig deur die verslapping van paswetregulasies benadeel is, is besluit om die paswette weer strenger toe te pas. Trouens, in 1944 is die administrasie van die wette opgeknep en teen 1946 is die toepassing daarvan aansienlik verskerp.¹²²

Ná nywerheidsonrus en 'n reeks stakings op die Natalse steenkoolvelde laat in 1942, het die regering noodproklamasies uitgevaardig wat swartes verbied het om te staak. Daarbenewens is polisie-optrede in stedelike gebiede ook verskerp, onder meer teen oortreders van die paswette.¹²³ Al hierdie gebeurtenisse het by swartes die indruk gewek dat die regering van sy vroeëre koers, naamlik om sy rassebeleid te hersien, afgewyk het. Smuts self het nie uit sy pad gegaan om die vertroue van swart leiers te wen nie. Hy het betreklik min belangstelling in die werksaamhede van die Naturelle Verteenwoordigende Raad getoon en was ook nie begerig om groter politieke regte aan swartes toe te ken nie. Die feit dat hy in Januarie 1943 vir P. V. G. (Piet) van der Byl as Minister van Naturellesake aangestel het, dui nie daarop dat Smuts van plan was om

verreikende hervormings in die regering se rassebeleid aan te bring nie. Van der Byl het self erken dat Naturellesake die laaste portefeulje sou wees waarvoor hy sou gevra het as hy 'n keuse gehad het. Verskeie ministers in die kabinet, so het Van der Byl later in sy outobiografie geskryf, het meer kennis as hy van dié portefeulje gehad. Sy aanstelling is uit die staanspoor gekritiseer en het skynbaar in niemand se smaak geval nie: vir sommige VP-mense was hy nie liberaal genoeg nie, vir die Nasionaliste was hy 'n negrofilië, terwyl die naturelleverteenwoordigers hom as reaksionêr beskou het.¹²⁴

Van der Byl se taak is bemoeilik deurdat hy in beheer geplaas is van 'n onsekere 'naturellebeleid'. Omstandighede het veral na die uitbreek van die oorlog dermate verander dat Smuts self segregasie as 'n mislukking bestempel het. Moes Van der Byl dus 'n nuwe rigting inslaan of moes hy die beleid volgens die 1936-wetgewing voortsit? Aangesien die Eerste Minister nie bereid was om totaal met segregasie weg te doen nie, was Van der Byl, volgens sy eie getuienis, genoodsaak om regeringsbeleid uit te voer. In sekere opsigte was hy realisties en selfs progressief – soos in sy siening dat swartes wat permanent in dorpe en stede gevestig was nie weer na reservate kon terugkeer nie, dat 'n swart middelklas aangemoedig moes word, en dat die trekarbeidstelsel onwenslik was. In watter mate hy wat dit betref deur die Sekretaris van die Departement van Naturellesake, D. L. Smit, beïnvloed is, is 'n ope vraag. Maar in ander opsigte was Van der Byl weer 'n konvensionele segregasionis. Hy het die onbeheerde instroming van swartes na stede afgekeur en hom ten gunste van afsonderlike woonbuurte en eie politieke instellings uitgespreek.¹²⁵

Van der Byl het hoë agting vir sowel Smit as sy opvolger as Sekretaris van Naturellesake, Gordon Mears, gehad. Mears, wat in 1949 deur die Nasionale Party-regering met W. W. M. Eiselen vervang is, het hom ten volle beywer vir 'n veelrassige samelewing sonder rassediskriminasie.¹²⁶ Maar dit was veral Douglas Smit, wat die pos van 1934 tot 1945 beklee het, wat sy stempel op die Departement afgedruk het.¹²⁷ Omdat hy 'n beleidshervormer was – en soms 'n uitgesproke een – was daar konserwatiewe Afrikaners wat sy rassebeskouings gelaak het. Tussen Smit en Van der Byl het 'n besonder goeie verstandhouding ontwikkel, en Van der Byl het die hoogste agting vir Smit en die amptenary in die Departement gehad. Die feit dat hulle hom lojaal bygestaan het toe hy as onervare nuweling die portefeulje in 1943 oorgeneem het, het waarskynlik heelwat hiermee te doen gehad. In teenstelling daarmee het Van der Byl, volgens sy eie vertelling, min ondersteuning van Smuts en Hofmeyr ontvang.¹²⁸

Smit is deur R. F. Hoernlé beskryf as 'a liberal handicapped by his official position'. Hoewel hy ook deur Edgar Brookes as 'n paternalis bestempel is, ly dit geen twyfel nie dat Smit belangrike werk gedoen het om die sosiale en ekonomiese posisie van swartnense te verbeter.¹²⁹ Hy was daarvan oortuig dat die regering se segregasiebeleid nie 'n blywende oplossing vir die rassevraagstuk kon bied nie. Teen 1942 was dit ook vir hom duidelik dat dié beleid nie meer konsekwent toegepas kon word nie. Daarby het die ekonomiese omstandighede van swartnense aansienlik versleg, en daar moes dringend stappe gedoen word om die lewensgehalte van swartes te verhoog indien 'n beleid van 'trusteeskap' enigsins verder uitgevoer kon word. Smit het gewaarsku dat daar te veel beperkinge in die vorm van wette op veral die stedelike swartes geplaas is.¹³⁰

Smit het nie gehuiwer om wanneer nodig sy standpunt prontuit te stel nie. Oor die omstrede aangeleentheid van swart plaasarbeid het hy in Januarie 1943 reguit verklaar dat die regering nie swart plakkers sou dwing om vir blanke boere te werk nie en het onvoldoende betaling as 'n belangrike rede vir die arbeidstekort uitgesonder.¹³¹ Dit het verontwaardiging by blanke boere ontketen. 'n Boer van Abrahamskraal in die Vrystaat het Smit heftig per brief aangeval en wou weet watter reg hy as 'ondergeskikte amptenaar' het om sulke onsin te verkoop.¹³² Maar Smit het ook die wind van voor gekry van W. R. F. Teichmann, 'n Verenigde Party-senator, wat Smit se uitsprake as 'n belediging vir die boere bestempel het. Volgens Teichmann was daar nie meer so iets soos regeeringsbeleid nie en het elke amptenaar sy eie beleid neergelê.¹³³

Nogtans het die regering nie hervorming heeltemal ter syde gestel nie en het Smuts in die laat veertigerjare dikwels die advies van Smit (wat in 1945 uitgetree het as Sekretaris van Naturellesake) ingewin.¹³⁴ Die Departement van Naturellesake het trouens in die loop van die veertigerjare verskeie aanbevelings aan Smuts gedoen. Daar is in 1946 aanbeveel dat die bepalinge van die Kleurslagboomwet verslap moes word om die swart bevolking tegemoet te kom; dat belastinge verlaag moes word; dat die getal swart lede van die NVR vergroot moes word; dat swart vakbonde (met uitsluiting van die Mynwerkersunie) erken moes word; dat 'n kommissie aangestel moes word om die paswette te ondersoek; en dat groter geleenthede vir eiendomsreg vir stedelike swartes geskep moes word.¹³⁵ Dit was ook dieselfde departement wat Smuts geadviseer het oor 'n gewysigde stelsel van swart verteenwoordiging.

Die Smuts-regering het veral op ekonomiese en maatskaplike terrein hervormings aangebring wat, hoewel nie ingrypend nie, tot voordeel van die swart gemeenskappe in Suid-Afrika gestrek het. Dit was veral op die gebied van swart onderwys dat daar in die veertigerjare aansienlike vordering gemaak is, ondanks blanke teenkanting. Ook in hierdie verband het Smit, wat regdeur sy openbare loopbaan 'n besondere belangstelling in swart onderwys getoon het, 'n aansienlike rol gespeel. In J. H. Hofmeyr het hy 'n Minister van Onderwys gevind wat sy geesdrif gedeel het, en saam het hulle gesorg dat die onderwyssituasie teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog aansienlik beter was as in 1939. Een van die belangrikste ontwikkelings was dat die Unieregering kragtens die Naturelle Onderwyswet van 1945 voortaan self die finansiële verantwoordelikheid vir swart onderwys sou aanvaar. Geld vir swart onderwys sou dus uit die algemene inkomste verkry word, en nie meer uit die Suid-Afrikaanse Naturelletrustfonds, wat vir sy inkomste grootliks afhanklik was van algemene belasting deur swartes. Staatsbesteding aan swart onderwys het in die tydperk 1940 tot 1945 meer as verdubbel en die getal swart skole het aansienlik vermeerder.¹³⁶

Op landbougebied het die Departement van Naturellesake voortdurend pogings aangewend om voedselproduksie in die swart landbougebiede te verbeter deur saad en kunsmis teen 55 persent van die koste beskikbaar te stel. Veral by die Taungs-besproeiingskema is sulke goeie resultate behaal dat selfs lede van die Naturelle Verteenwoordigende Raad, wat gedurende die veertigerjare toenemend krities teenoor die regering gestaan het, beïndruk was met hierdie projek. In 1944 is 'n herwinningskema vir swart reservate aangekondig, wat veral die bestryding van gronderosie en die beperking van veegetalle as voorlopige mikipunte gestel het.¹³⁷

Tydens en ná die oorlog is daar ook ander maatskaplike probleme in die swart gemeenskap aangespreek. Die nypende tekort aan gesondheidsentrums en klinieke is verlig toe die Departement van Gesondheid in 1946 bekend gemaak het dat bykomende klinieke opgerig sou word en dat 'n skema tot stand sou kom om gesondheidspersoneel op te lei.¹³⁸ In 1942 het die regering aangekondig dat maatskaplike welsyns- en sekuriteitsvoordele beskikbaar gestel sou word aan alle burgers. In 1944 is die Ouderdomspensioenwet en die Blinde Persone Wet gewysig om swartes in te sluit. Ongeskiktheidsvoordele is in 1946 na alle rasse uitgebrei, terwyl alle Suid-Afrikaners wat minder as £78 per jaar verdien het, op werkloosheidsversekering kon aanspraak maak.¹³⁹

In bykans al hierdie maatreëls kon die hand van die Departement van Naturellesake gesien word. Maar die oorlogspoging was die grootste enkele struikelblok in die weg van werklike vordering in die maatskaplike en ekonomiese opheffing van die swartmense. Smuts het Suid-Afrika in 1939 by die Tweede Wêreldoorlog betrek, maar hy het 'n duur prys daarvoor betaal – ook in terme van die oplossing van die rassevraagstuk. Dit was nie slegs grondaankope vir swartes wat ná 1939 feitlik tot stilstand gekom het nie; ook die uiters belangrike skema van die Departement van Naturellesake om die reservate ekonomies te rehabiliteer is feitlik deur die oorlog gekelder. In die kort tydperk tussen die aanvaarding van die Naturelletrust en -Grond Wet van 1936 en die uitbreek van die oorlog is omvattende skemas voorberei om die landboustoestande in die reservate te verbeter ten einde produktiwiteit te verhoog. Grond is aangekoop en hoogs opgeleide personeel, waaronder ingenieurs en landboukundiges, is aangestel. Na die uitbreek van die oorlog het hierdie ambisieuse skema sy momentum verloor omdat daar met verminderde personeel aangesukkel moes word en sekere items soos omheiningsmateriaal onverkrygbaar was. Die oorlog het inderdaad die werksaamhede van die Departement van Naturellesake ernstig benadeel. Nie minder nie as 321 (sowat 33 persent) van die manlike personeel van die departement, waaronder heelwat tegniese personeel, was afwesig – besig met militêre diens. Vanselfsprekend het dit ontwikkeling vertraag, en boonop moes die energie van die oorblywende personeel bestee word aan die instandhouding van noodsaaklike dienste. Ironies genoeg het D. L. Smit, wat dikwels die oorlogssituasie as die groot struikelblok in die weg van vordering met die verbetering van swartmense se lewensomstandighede vermeld het, self 'n aandeel gehad aan dié onbevredigende situasie deurdat hy aan die begin van die oorlog sy personeel aangemoedig het om by die Suid-Afrikaanse magte aan te sluit.¹⁴⁰

Of die regering meer geld aan die verbetering van die swartmense se lewensomstandighede sou bestee het as die land nie aan die oorlog deelgeneem het nie, is natuurlik geen uitgemaakte saak nie. 'n Belangrike prioriteit vir enige blanke regering in Suid-Afrika was om diegene wat hom verkies het, tevrede te hou. In die onverdraagsame rasseklimaat van die veertigerjare, toe die opposisie in ieder geval kritiek uitgespreek het teen verdere grondaankope vir swartes, sou dit moontlik politieke selfmoord vir die regering gewees het om ingrypende en duur hervormings aan te bring. Swart politieke leiers soos Xuma en Matthews wat waarskynlik steeds die agterstand van swart ontwikkeling in vergelyking met blanke ontwikkeling in gedagte gehad het, was nie beïndruk met die

sosiale en ekonomiese opheffingspogings van die regering nie. Dié maatreëls, so het hulle aangevoer, was bloot marginaal en deurspek met rasse-diskriminasie.¹⁴¹

Die Fagan-verslag

Die mees progressiewe stap van die Smuts-regering was die aanstelling van die Naturellewette-kommissie in Augustus 1946 onder voorsitterskap van regter H. A. Fagan. Die Fagan-kommissie, soos dit mettertyd algemeen bekend gestaan het, moes eerstens ondersoek instel na die bestaande wette rakende swartes in stedelike gebiede en gebiede waar hulle vir nywerheidsdoeleindes (myne uitgesluit) saamgetrek was; tweedens na die werking van die paswette en alle ander wette wat die voorlegging van 'n dokument van identifikasie vereis het; en derdens na die uitwerking van trekarbeid op diegene wat daarby betrokke was, met 'n aanduiding van toekomstige beleid in dié opsig. Hierdie kommissie se ondersoek was die omvattendste en indringendste wat tot op daardie tydstop na regeringsbeleid teenoor die swartmense gedoen is. Tussen September 1946 en Maart 1947 is 67 openbare sittings regdeur die land gehou en talle individue en groepe van uiteenlopende politieke oortuiging het voor die kommissie getuig. Daarbenewens is inligting by wyse van vraelyste ingewin en is talle munisipale lokasies, plakkerskampe en kampongs besoek. In Februarie 1948 is die verslag aan die regering voorgelê.

Die Fagan-verslag het bevind dat wette wat 25 jaar vantevore gemaak is, ondoeltreffend geword het vir die toestande in stedelike gebiede. Munisipaliteite se pogings om swart verstedeliking te beheer, het misluk en hulle kon ook nie behoorlik na swartes se behoeftes omsien wanneer hierdie mense reeds in die stedelike of dorpsgebiede gevestig was nie. Ekonomiese kragte was duidelik sterker as bestaande wetgewing: swartes het die landelike gebiede verlaat omdat die reservate oorbevolk en toestande op plase nie aantreklik genoeg vir hulle was nie. Die toenemende stroom van swartmense na dorpe en stede kon nie omgekeer word nie; trouens, daar was reeds 'n groot permanente swart bevolking in hierdie gebiede waarvoor munisipaliteite nie meer alleen verantwoordelikheid kon aanvaar nie.

'n Toekomstige beleid teenoor swartes het drie moontlikhede ingehou. Eerstens kon totale segregasie (of apartheid) toegepas word; 'n tweede moontlikheid was om geen diskriminasie in wetstoepassing of administrasie toe te pas nie; en derdens kon die bestaan van blanke en

swart gemeenskappe naas mekaar erken word met inagneming van die intrinsieke verskille ten opsigte van wetgewing en administrasie. Die verslag het die gevolgtrekking gemaak dat nóg algehele segregasie nóg die algehele afskaffing van diskriminasie die gewenste oplossing vir die rassevraagstuk sou wees. Die derde en laaste alternatief is as die mees uitvoerbare oplossing aanvaar. Dit sou noodwendig nuwe maatreëls impliseer, wat geleidelik ingevoer sou moes word met inagneming van gevestigde instellings, hul historiese agtergrond en die 'mentaliteit' wat daaraan gekoppel was.

Die verslag het tussen twee soorte swart dorpe in stedelike gebiede onderskei, naamlik dié wat binne en dié wat buite munisipale gebiede geval het. In eersgenoemde geval moes die bestaande adviesrade met dorpsrade vervang word, waarin inwoners inspraak sou hê en wat toereikende skakeling met blanke stadsrade sou geniet. Voldoende beskerming moes gebied word aan swartes wat eiendom besit het. In die dorpe buite munisipale beheer moes subdepartemente, wat deur die regering in die lewe geroep en van fondse en statutêre mag voorsien sou word, die administrasie behartig. Verder moes dorpsrade wat verantwoordelik aan die subdepartemente sou wees verantwoordelikheid aanvaar vir aangeleenthede soos behuising, gesondheid en vervoer.

Oor die tweede belangrike aangeleentheid wat die Fagan-kommissie ondersoek het, die paswette, het die kommissie die gevolgtrekking gemaak dat spesiale wetgewing met betrekking tot die passtelsel wel nodig was, maar dat diskriminerende maatreëls nie ingestel moes word wanneer gewone wetgewing voldoende was nie. Die kommissie het ook bevind dat die beperking van die beweging van swartes nie geheel en al opgehef kon word nie vanweë die besondere probleme wat swart verstedeliking meegebring het. Daarbenewens het die beginsel van residensiële segregasie in belang van beide seksies van die bevolking 'n mate van regulering vereis. Wat die paswette betref, kon bestaande strukture verbeter word deur die volgende maatreëls: deur die klem te verskuif van plaaslike na sentrale beheer en van verpligte en beperkende na vrywillige maatreëls; deur toe te sien dat elke persoon 'n plek het waar hy wetlik geregtig was om heen te gaan; deur strenger teen ledige en onordelike mense op te tree; en deur 'n werklik doeltreffende identifikasiestelsel te ontwerp. Landwye, sentraal-beheerde arbeidsburo's, 'n identifikasiestelsel waarvolgens swartes vrywillig registreer, die hou van sentrale rekords en die uitreik van identifikasiekaarte is as noodsaaklikhede beskou wat op die lang duur moontlik die bestaande passtelsel sou kon vervang. Daar is ook aanbeveel dat weggedoen moes word met die bestaande

bepaling dat die blote nie-vertoon van 'n pasboek strafbaar was, maar dat die onus steeds op die draer van 'n pas moes rus om dit op aanvraag te vertoon. 'n Staande komitee van die Departemente van Justisie en Naturellesake moes in die lewe geroep word om met verteenwoordigende liggame oorleg te pleeg om indien nodig enige nuwe situasie te heroorweeg en aanbevelings te maak. Die belangrikste dokumente wat destyds as passe gedien het, moes egter met enkele wysigings behou word.

Die derde aspek van beleid teenoor swartmense wat die kommissie ondersoek het, was die stelsel van trekarbeid. Hieroor was die bevinding dat die afmetings wat die stelsel in Suid-Afrika aangeneem het, meegebring het dat dit nadelige sosiale, morele en ekonomiese gevolge vir die betrokke swart gemeenskappe ingehou het. Derhalwe was wetgewing en maatreëls wat trekarbeid bestendig het, ongewens. Die stelsel kon egter nie wetlik verbied word nie; dus moes fasiliteite liever geskep word wat dit vir werkers moontlik sou maak om saam met hul gesinne te woon. 'n Belangrike uitgangspunt van die verslag was dat die ekonomiese druk op die reservate verlig moes word deur laasgenoemde voortdurend te ontwikkel. Daar moes binne die reservate dorpe aangelê word vir gesinne van mans wat nie grond besit het nie. Betrekkinge tussen blanke munisipaliteite en swart dorpe moes deur doeltreffende skakeling versterk word, terwyl die regering vir meer sub-ekonomiese behuising vir swartmense moes sorg. Daar is as 'n algemene beginsel aanvaar dat wetgewing wat die administrasie van naturellesake geraak het, wyd en buigsaam moes wees.¹⁴² Sonder twyfel het die Fagan-verslag, waarvan die bevindinge deur die Smuts-regering aanvaar is en later Verenigde Party-beleid geword het, die stempel van liberale mening in Suid-Afrika gedra. Aanbevelings wat Margaret Ballinger byvoorbeeld in Februarie 1947 by Smuts gemaak het oor aanpassings rakende swart beleid, is in die verslag weerspieël.¹⁴³ Standpunte van die Fagan-kommissie oor die permanensie van die stedelike swart bevolking, behuising, betrokkenheid van swartmense by bestuursinstellings wat hulle raak, die idee van arbeidsburo's, die ontwikkeling van die reservate, beheer oor stedelike swartes, swart armoede, en die erkenning van swart vakbonde het ooreengestem met dié van instansies soos die Joint Councils wat voor die kommissie getuig het. Tog het die kommissie nie in alle opsigte liberale mening tegemoetgekom nie; daar is byvoorbeeld nie volkome weggedoen met die pastelsel nie.¹⁴⁴

Die verslag is besonder gunstig deur Engelstalige koerante ontvang. *The Star* het dit bestempel as 'n verslag 'in admirably matter-of-fact

language' en dat dit 'restated the facts with which every well-informed South African should by now be familiar ...'.¹⁴⁵ *The Natal Mercury* het geskryf: 'Without doubt their [Fagan en die ander kommissielede] report is the most level-headed and practical approach to the complex problem of race relationships between Black and White yet produced in documentary form since Union.'¹⁴⁶ Vir die *Cape Times* het die Fagan-verslag die goue middeweg tussen 'equalitarianism and full-blooded apartheid' aangewys.¹⁴⁷ Sowel die *Cape Times* as *The Star* het dit in teenstelling met die pas verskene HNP-kleurbeleid as 'n baie nugterder en meer realistiese dokument bestempel.

Met die verskyning van die Fagan-verslag was die toonaangewende swart politieke mening (verteenwoordig deur invloedryke swart politieke en intellektuele leiers) reeds aansienlik vervreem van die Smuts-regering.¹⁴⁸ Dit is dus begryplik dat 'n organisasie soos die ANC, wat in sy getuienis voor die Fagan-kommissie die African Claims as beleidstandpunt gestel het, in beginsel nie die finale verslag se bevindinge aanvaar het nie. Xuma het reguit gesê die verslag was 'n 'typical South African political and legalistic document which recognises the facts of the situation but avoids recommending the obvious remedy'.¹⁴⁹ Aan die ander kant het verskeie aanbevelings die goedkeuring van baie gematigde swartes weggedra.¹⁵⁰

Nasionale Party-ondersteuners het, soos die ANC, die verslag verwerp – natuurlik om presies die teenoorgestelde rede. Die mees omvattende en beredeneerde antwoord op die Fagan-verslag het gekom van 'n elftal Afrikaanssprekende akademici van Stellenbosch, wat invloedryke Afrikaners soos W. M. R. Malherbe, G. B. A. Gerdener, H. B. Thom, A. C. Cilliers en G. Cillié (sr.) ingesluit het. In hulle betoog het hierdie akademici aangevoer dat integrasie, wat volgens die Fagan-kommissie veral op die ekonomiese terrein onafwendbaar geword het, uiteindelik op geestelike en kulturele gelykwaardigheid sou uitloop. Die parallelle instellings wat die verslag beoog het, sou slegs tydelik wees; daarna sou algehele gelykstelling volg. So 'n bedeling sou rassewrywing aanwakker, want swartmense sou nie tevrede wees met instellings waar hulle nie gelykgestel word met die blankes nie. In die stedelike konteks sou die toepassing van die voorgestelde beleid beteken dat blanke stede in die toekoms slegs aanhangsels van reuse swart stede sou word. Die probleem met die verslag, volgens dié akademici, was dat dit feitlik uitsluitlik ekonomiese oorwegings in ag geneem het en nie genoegsaam voorsiening gemaak het vir geestelike en kulturele oorwegings nie.¹⁵¹ Oswald Pirow se blad *Die Nuwe Orde* het min of meer dieselfde argument gebruik en die ver-

slag beskryf as 'n 'volslae veronagsaming van kultuurwaardes, nie net van die blanke maar ook van die naturel'. Hoewel die Fagan-verslag die rassevraagstuk realisties beskou het, het die blad integrasie as noodwendige gevolg gesien deurdat die swarte nou as 'n proletariaatklas in die ekonomiese lewe opgeneem sou word. Dit sou tot 'n klassestryd lei wat verhewig sou word as gevolg van rasseverskille.¹⁵²

Internasionale teenkanting teen Suid-Afrika se rassebeleid

Buitelandse kritiek teen rassediskriminasie in Suid-Afrika het voor die einde van die Tweede Wêreldoorlog sporadies en ongeorganiseerd voorgekom. Na 1945 het die posisie verander. Suid-Afrika se rassebeleid het nou internasionaal toenemend onder die soeklig gekom. Die veranderde situasie moet gesien word teen die agtergrond van die houding teenoor oorheersing, onderdrukking, diskriminasie en kolonialisme van dié lande wat vroeër deur Europese moondhede geregeer is. Die Midde- en Verre-Ooste en Afrika het onder die streke getel wat na 1945 kolonialisme wou afskud, en die situasie was na afloop van die oorlog ideaal daarvoor: Europa was uitgemergel en verarm deur die oorlog en die groot verskille tussen lande wat oorheers het en dié wat oorheers is, het gekrimp.¹⁵³

Van hierdie nuwe antagonisme teenoor Suid-Afrika het Smuts pynlik bewus geword toe hy Europa en daarna die sitting van die VVO in New York bygewoon het. Veral die Algemene Vergadering se verwerping van Suid-Afrika se versoek om Suidwes-Afrika te annekseer moes Smuts oortuig het van die naderende storm teen Suid-Afrika.¹⁵⁴ Hy het dié antagonisme deels aan die kleurskeidslyn en deels aan ongunstige publisiteit teen die regering uit Suid-Afrika toegeskryf.¹⁵⁵ Sy mislukking (soos hy dit gestel het) by die VVO was vir Smuts 'n bitter ondervinding. Die wêreld, het hy gekla, verstaan Suid-Afrika nie.¹⁵⁶ Maar Smuts moes gewis bewus gewees het van die rede vir die toenemende vyandigheid teen Suid-Afrika. Die antwoord het hy immers self gegee in 'n brief aan sy Gillett-vriende. 'Public opinion is mostly dead against us. They like me, they like South Africans, but colour bars and slavery and exploitation of the coloured underdog fills them with loathing.'¹⁵⁷

Die ANC, by monde van Xuma wat dieselfde sitting van die Algemene Vergadering van die VVO bygewoon het, het 'n uiters waardevolle geleentheid gehad om 'n bydrae te lewer tot die veroordeling van die Smuts-regering se rassebeleid. Gesteun deur die South African Indian Congress, wat hom bekend gestel het aan die Indiese afvaardiging by die

VVO, kon Xuma stemming maak onder verskeie afvaardigings van lande wat by die sitting teenwoordig was en simpatie vir die standpunt van die ANC wen. Verdere steun vir die ANC kon ook verkry word by die Pan-Afrikakongres in Manchester, Engeland, in 1945. Verskeie politici uit Afrika wat later leiersfigure in hulle onderskeie lande sou word, het die kongres bygewoon. 'n Aantal besluite wat rassisme veroordeel het is by hierdie geleentheid geneem. Daarbenewens is die kontak wat die ANC met hierdie lande bewerkstellig het, in 1947 in Dakar hernu.¹⁵⁸

Harry Lawrence het diegene wat by die 1946-sitting van die Algemene Vergadering van die VVO Indië se aanval op Suid-Afrika gesteun en Suid-Afrika se rassebeleid veroordeel het in drie kategorieë verdeel: eerstens die 'nie-blanke' state soos Indië, Pakistan, China, die Filippyne, die Arabiese state, Ethiopië en Liberië, wie se doelwit dit was om die 'nie-blanke' rasse wat nie hulself regeer het nie van hul blanke regeerders te verlos. Tweedens was daar die Sowjetblok, wat hoofsaaklik propagandistiese motiewe gehad het en probeer het om hul invloed by die onderontwikkelde lande te vergroot. Derdens kon 'n aantal Sentraal- en Suid-Amerikaanse state soos Meksiko, Panama en Colombië onderskei word – lande wat self 'n geskiedenis van rasseprobleme gehad het. Sekere lande, veral in die Sowjetblok, het Suid-Afrika se beleid voorgestel as bloot 'n nuwe vorm van Nazisme sonder om die geskiedkundige agtergrond van die rassevraagstuk in aanmerking te neem. Lawrence se gevolgtrekking was dat die rasseonderskeid in Suid-Afrika vir die meerderheid lande in die VVO onaanvaarbaar was – selfs vir die land se beste vriende – en hy het aan die hand gedoen dat die land se rassebeleid hersien word, sonder dat alle rassesseiking in beginsel afgeskaf word.¹⁵⁹

Maar in Suid-Afrika self het die kritiek op die land se rassebeleid in die VVO ongekwalifiseerde weersin by die oorgrote meerderheid blankes gewek.¹⁶⁰ Dit het presies die onafwendbaarheid van die komende krisis vir toekomstige blanke regerings in Suid-Afrika weerspieël. Direk teenoor die rassestandpunt van die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaanse blankes (wat die regering van die dag by die stembus gekies het), het die rassemening van die res van die wêreld gestaan. Sedert 1945 sou dié twee standpunte toenemend met mekaar in botsing kom.

3

Rassebeskouings van liberale blanke Suid-Afrikaners

Inleiding

Aan die begin van die twintigerjare was die negentiende-eeuse Kaapse liberalisme, wat geleidelike rasse-assimilasie voorgestaan het, uitgedien. In die plek daarvan het 'n nuwe, meer pragmatiese liberale rigting na vore getree wat teen die agtergrond van industrialisasie, agteruitgang van die swart reservate, swart verstedeliking en 'n groeiende radikale swart werkersklas gevorm is. Verskeie vooraanstaande Suid-Afrikaners op verskillende lewensterreine kon as liberale geïdentifiseer word, men- se soos J. H. Hofmeyr, Saul Solomon, Howard Pim, Ray Phillips, J. du Plessis, C. T. Loram, Edgar Brookes, J. D. Rheinallt Jones, E. G. Malherbe en Leo Marquard. Eksponente van die liberale rassebeskouing was veral te vinde in onderwysinstellings, asook in die talryke sendingorganisasies in die land en die grootste Engelstalige kerke. In die vroeë dekades van die twintigste eeu het baie Christene die taak van die sending beskou as een wat nie slegs swart onbekeerdes kersten nie, maar ook na swart Christene se opvoeding, gesondheid en maatskaplike welsyn omsien.

Betreklik min liberale was direk met die politiek gemoeid. Enkeles, waaronder C. T. Loram, het in regeringsinstellings soos die Naturellesakekommissie gedien, terwyl daar ook 'n aantal liberaalgesindes in die Departement van Naturellesake werksaam was. D. L. Smit en sy opvolger, Gordon Mears, was prominente figure in dié verband. Ná die bewindsoorname van die Herenigde Nasionale Party (HNP) in 1948 is die

liberale invloed in die Departement van Naturellesake egter geleidelik uitgeskakel. Sonder noemenswaardige politieke bedingingsmag het die liberale probeer om met die medewerking van goedgesinde swartmense 'n beter begrip tussen wit en swart te bewerkstellig. Nie alle liberaaldenkendes was egter uit die staanspoor oortuigde integrasioniste nie en gedifferensieerde ontwikkeling van swartes was wel 'n moontlike beleidsrigting wat vir die liberale gedurende die eerste helfte van die twintigerjare lewensvatbaarheid ingehou het. Onder diegene wat segregasie sonder onderdrukking as 'n redelike beleid beskou het, was Loram en Brookes. Teen die einde van die twintigerjare het die idee van parallelle ontwikkeling egter veld begin verloor, hoofsaaklik omdat die liberale Hertzog se beoogde afskaffing van die Kaaplandse swart stemreg heeltemal onaanvaarbaar gevind het en hulle sterker as tevore met swart verset teen die voorgenome maatreël geïdentifiseer het. Brookes het byvoorbeeld die mening gehuldig dat segregasie sou lei tot 'n hoogs gepolitiseerde swart proletariaat. Daarbenewens het die bevindinge van die sosiale historikus W. M. Macmillan dat die reservate in 'n hoogs kommerwekkende toestand verkeer skynbaar ook sommige segregasioniste oortuig dat segregasie nie werkbaar was nie.

Die naturelleverteenvoerwoordigers

Met uitsondering van die enkele liberale in die Verenigde Party, was naturelleverteenvoerwoordigers die enigste verteenwoordigers van die liberale groep wat sitting in die parlement gehad het. Die Naturelle-Verteenwoordigings-Wet van 1936 het voorsiening gemaak vir vier gekose blanke Senatore wat swartes landwyd sou verteenwoordig, terwyl die stemgeregtigde swartes in Kaapland in drie kiesafdelings ingedeel is en een blanke Volksraadslid vir elke kiesafdeling sou kies. Afgesien van enkele uitsonderings was hierdie naturelleverteenvoerwoordigers bekwame mense wat op onbaatsugtige wyse die belange van die swartes op die hart gedra het. Hul oogmerk was om segregasie op 'n konstitusionele wyse te probeer aftakel, terwyl hulle ook, soos senator Edgar Brookes dit gestel het, 'n 'opvoedingstaak' wat betref rasseverhoudinge onder parlementslede en blankes in die algemeen gehad het.¹ Die naturelleverteenvoerwoordigers het hulself as 'n onderskeidende groep in die parlement sonder party-affiliasies beskou. Nogtans het hulle die Verenigde Party by verskeie geleenthede in die parlement ondersteun, nie omdat die Verenigde Party 'n liberale party was nie, maar omdat hy die enigste gematigde alternatief vir die Nasionaliste was.²

Onder die Volksraadslede wat swartes verteenwoordig het, het Margaret Ballinger die meeste bekendheid verwerf.³ Afgesien van 'n enorme groot kiesafdeling wat sy behartig het, was sy 'n onvermoeide korrespondent en raadgewer aan swart leiers.⁴ Sy het baie nou met Donald Molteno en Gordon Hemming saamgewerk. Alhoewel al drie individuaalistiese persoonlikhede gehad het, het hulle as 'n span in die parlement saamgewerk en hulle verskille meestal privaat bygelê.⁵ Ballinger en haar kollegas het hulle veral beywer vir die groter persoonlike vryheid van swartmense en die verbetering van hulle sosiale en ekonomiese omstandighede. Hoewel hulle meestal nie die ondersteuning van parlamentslede buiten dié van hul mede-naturelleverteenwoordigers gekry het nie, het hulle dikwels op indringende wyse knelpunte ten opsigte van rassebeleid en die leeftoestande van swartmense in die parlement te berde gebring. Molteno het byvoorbeeld in 1944 in 'n briljante betoog op die nadele van die paswette vir swartes gewys.⁶

Ballinger het dikwels die noodsaaklikheid van die hervorming van regeringsbeleid teenoor swartes beklemtoon. Die kern van haar betoog in die veertigerjare is saamgevat in 'n brief aan Smuts in Februarie 1947. Daarin bepleit sy vryer toegang vir swartes tot die arbeidsmark, asook die afskaffing van die paswette. Die swart verstedelikingsproses moes versnel in plaas van vertraag word. Ballinger was van mening dat die tekort aan plaaswerkers in werklikheid 'n probleem van gebrekkige opleiding was en dat beter opleiding doeltreffender diens tot gevolg sou hê. Ten opsigte van politieke regte aan swartes het sy gemeen dat die bestaande Naturelle Verteenwoordigende Raad tydelik 'n doel kon dien solank daar aan 'n nuwe bestel gewerk word. Die regering moes egter behoorlike oorleg met dié liggaam pleeg.⁷

Hoewel die naturelleverteenwoordigers kragtens die Naturelle-Verteenwoordigings-Wet gefunksioneer het, het hulle nie die stelsel van politieke verteenwoordiging van swartes goedgekeur nie. Ballinger en Molteno het gemeen dat die ou Kaapse stelsel ontoereikend geword het en dat strukturele hervorming nodig was. Hulle was nietemin betreklik konserwatief wat politieke regte aan swartes betref en het byvoorbeeld gekwalifiseerde stemreg voorgestaan.⁸ In September 1947 het Douglas Buchanan en Ballinger die gedagte dat die Kaapse swart stemreg na die Noorde uitgebrei word, bespreek. Hoewel swart verteenwoordigende liggame eintlik aangedring het op die direkte verteenwoordiging van swartes deur swartes, het Ballinger gemeen dat so 'n radikale maatregel verkieslik deur 'n private mosie aangevoer moes word.⁹ Senator C. H. Malcomess het ook by Smuts aanbeveel dat swartes direkte verteen-

woordiging in die parlement moes ontvang, maar dat dit vir die Smuts-regering te gevaarlik sou wees om so 'n drastiese maatreël voor die algemene verkiesing in werking te stel omdat die blanke mening nie daarvoor ryp was nie.¹⁰

Hierdie konserwatiewe standpunt van die naturelleverteenvoordigers¹¹ oor swart politieke regte het waarskynlik die meeste daartoe bygedra dat daar veral gedurende die veertigerjare 'n mate van verwydering tussen hulle en die Naturelle Verteenvoordigende Raad ingetree het. Mirjana Roth bestempel die naturelleverteenvoordigers se optrede teenoor die NVR as paternalisties.¹² Dit is sekerlik moontlik dat NVR-lede dit destyds so ervaar het. Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die naturelleverteenvoordigers die bykans bomenslike taak gehad het om blankes se houding jeens swartes te probeer verander. In die klimaat van die veertigerjare sou radikale standpunte oor swart stemreg totaal onrealisties en selfs teenproduktief wees.

Hoewel die naturelleverteenvoordigers waarskynlik Smuts se liberale simpatieë asook die invloed van liberalisme in Suid-Afrika grootliks oorskat het, het dit nie beteken dat hulle niks bereik het nie. Vanweë hulle invloed by Smuts en Hofmeyr het hulle soms wel daarin geslaag om geringe toegewings vir die swartes, veral wat ekonomiese posisie betref, te bewerkstellig.¹³

Buite-parlementêre organisasies

Buite-parlementêre organisasies, waarvan sommige as drukgroepe bestempel kan word, het in die praktyk die belangrikste rol gespeel om liberale waardes uit te dra. Onder hierdie organisasies, waarvan sommige 'n geringe ledetal gehad het, tel die Society of Friends of Africa, wat hom hoofsaaklik toegespits het op die nywerheidsaspek van die rassevraagstuk, die Liberal Association, die Libertas League, die Council for Human Rights, en die Campaign for Right and Justice. Organisasies soos die National Council of Women het nie uitsluitlik op die terrein van die rassevraagstuk beweeg nie, maar het wel van tyd tot tyd besluite geneem en versoeke tot die regering gerig wat daarop gemik was om die lewensgehalte van swartmense te verhoog.

Die belangrikste buite-parlementêre organisasies wat die belange van swartes behartig het, was die Joint Councils of Europeans and Africans en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings (SAIRV). In albei laasgenoemde liggame het naturelleverteenvoordigers gedien wat deskundige hulp van beide organisasies geniet het.¹⁴ Die Joint Council-

organisasie het reeds in 1921 tot stand gekom met die oogmerk om rassebetrekkinge te verbeter. Dit was 'n vrywillige organisasie wat sy fondse hoofsaaklik uit ledegeld verkry het.¹⁵ Persone wat betrokke was by die Joint Councils het 'n breë spektrum van die Suid-Afrikaanse samelewing verteenwoordig: kerkgroepe (insluitend die Nederduitse Gereformeerde Kerk), universiteitsdepartemente, die onderwys, die joernalistiek, die staatsdiens, munisipaliteite en die sakesektor. Hoewel die inisiatief vir die totstandkoming van die Councils dus van liberale uitgegaan het en liberale 'n toonaangewende rol in die organisasie gespeel het, het die Councils nie uitsluitlik uit liberale bestaan nie. Van die kant van die swartmense was samewerking grootliks beperk tot die konserwatiewe en gematigde middelklas. Twee dekades later, in die veertigerjare, het die Joint Councils steeds rassesamewerking nagestreef en probeer om onkunde omtrent swartmense by blankes uit die weg te ruim, 'n meer simpatieke houding te kweek en sosiale geregtigheid ten opsigte van swartes te bewerkstellig.¹⁶ In sy getuienis voor die Fagan-kommissie in 1947 het die Johannesburgse Joint Council byvoorbeeld gewys op die volgende: die onvermoë van die Naturelle (Stadsgebiede) Wet om swart verstedeliking aan bande te lê; die ontwrigting wat die trekarbeidstelsel vir swartes se gesinslewe meegebring het; die noodsaaklikheid van die afskaffing van die paswette; verbeterde onderwysgeriewe en behuising vir swartes, asook swart deelname aan plaaslike regering. Die Pretoriase Joint Council het soortgelyke sake aangeroer.¹⁷ In 'n memorandum aan die Johannesburgse Stadsraad het dieselfde Joint Council aanbeveel dat swartes in die Johannesburgse Stadsraad verteenwoordig moes word.¹⁸

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings (SAIRV) is in 1929 gestig met behulp van fondse van die Carnegie Corporation en die Phelps-Stokes Fund en het verdere fondse plaaslik gegenereer. Dit was veral die ywer van J. D. Rheinallt Jones, wat sewentien jaar lank voltyds in diens van die organisasie was en in April 1947 as direkteur uitgetree het, wat daartoe bygedra het dat die SAIRV 'n gerespekteerde liggaam geword het wat hom besig gehou het met indringende navorsing oor rasse-aangeleenthede. Sy totale ledetal was 2 549 in 1947¹⁹ en het vooraanstaande Suid-Afrikaners ingesluit, waaronder veral akademici, politici en kerkleiers. Die ondersoeke van die SAIRV het sake soos die lewensomstandighede van swartmense, rassehoudings, lewenskoste, wetgewing-in- wording, asook bestaande wetgewing, uitbouing van rassesarmonie deur die bevordering van die werksaamhede van die Joint Councils, verbetering van ekonomiese en sosiale toestande van swartes,

'kleurlinge' en Indiërs en die verbetering van opleidingsgeleenthede vir laasgenoemde gemeenskappe omvat.²⁰ In 1942 het die SAIRV die taak op sy skouers geneem om 'n studiegroep in die lewe te roep wat die beginsels van die Atlantiese Handves en Smuts se definisie van 'trusteeskap' behoorlik sou bestudeer met die oog daarop om die openbare mening op te voed.²¹

Ondanks die volgehoue pogings van die Joint Councils en die SAIRV om 'n beter klimaat vir rassiesamewerking te skep en die sosio-ekonomiese omstandighede van swartes te verbeter, het albei organisasies in die veertigerjare afnemende steun van swartes ondervind.²² In Desember 1947 was daar 80 Joint Councils oor die land versprei, maar slegs 20 – hoofsaaklik dié in stedelike gebiede – was werklik aktief. Dit was veral swart lede wat afgeneem het, waarskynlik omdat swartes gemeen het dat die Joint Councils nie daarin kon slaag om fundamentele beleidsveranderinge teweeg te bring nie.²³ Daar moet egter in gedagte gehou word dat die Joint Councils reeds in die twintigerjare geen steun van die radikale vleuel van die ANC en die ICU geniet het nie, wat beteken het dat die swart werkersklas inderdaad nie binne die invloedssfeer van die organisasie kon kom nie. Aan die ander kant het die Councils in die veertigerjare steeds die steun van 'n aantal prominente swart leiersfigure in die ANC – waaronder Xuma en Oliver Tambo – geniet, terwyl die SAIRV vanweë sy beleid om nie direk in die politiek in te meng by wyse van mosies of besluite nie, hom in die veertigerjare van die swart massas vervreem het. Xuma wou byvoorbeeld in 1942 nie lid van die SAIRV se Uitvoerende Komitee word nie, omdat hy in daardie stadium nie meer belang gestel het om bloot 'n hervormer te wees nie. Die feit dat Rheinallt Jones in die Senaatsverkiesing van 1942 deur die swart kiesers verwerp is ten gunste van H. M. Basner, wat die SAIRV openlik daarvan beskuldig het dat dit slegs die bestaande orde wou bestendig, dui verder daarop dat die swartes die *modus operandi* van die SAIRV verwerp het.²⁴ Hierdie houding van swart leiers teenoor die SAIRV is waarskynlik ook die rede waarom van die naturelle verteenwoordigers soos Ballinger, Buchanan en Molteno in 1943 probeer het om dié liggaam van sy neutrale navorsingsoogmerk te laat afsien ten gunste van 'n duidelike politieke standpunt, asook om nouer samewerking met die Society of Friends of Africa te probeer bewerkstellig. Alfred Hoernlé en Rheinallt Jones het egter hierdie 'radikale aanslag' afgeweer en die SAIRV het 'n navorsingsinstansie gebly.²⁵

Die wetenskaplike studie van die rassevraagstuk tot 1939

Die oorheersende fokus van die liberale in Suid-Afrika was die rassevraagstuk. Dit is dus begryplik dat hulle ook 'n besondere belangstelling sou hê in die akademiese bestudering van dié vraagstuk.

Gedurende die eerste dekade van die twintigste eeu, toe die proses van staatkundige eenwording van Suid-Afrika aan die gang was, het daar ook 'n ernstige teoretiese besinning oor rassebeleid plaasgevind. Blanke openbare mening ten gunste van segregasie was sterk, en onverantwoorde, dikwels rassistiese uitsprake is soms in die openbaar oor die proses van die ontwikkeling van swartmense gemaak. Daar was weliswaar politieke administrateurs soos sir Godfrey Lagden, Sekretaris van Naturellesake in Transvaal, wat gretig was dat 'n 'naturellebeleid' gematig en humanitêr moes wees; derhalwe was wetenskaplike kennis oor die rassevraagstuk noodsaaklik om ekstremistiese uitsprake teen te werk. Met die aanmoediging van Lagden het Howard Pim sedert 1903 'n aantal wetenskaplike referate oor die 'naturellevraagstuk' gelewer.

Die algemene standpunt in die eerste twee dekades van die eeu – selfs van liberale denkers – was dat daar voor-die-hand-liggende rasseverskille tussen wit en swart bestaan het. Hierdie standpunte kon destyds moeilik geëvalueer word, omdat weinig antropologiese navorsing in Suid-Afrika tot in daardie stadium gedoen is om enige bevindinge te bevestig. 'n 'Naturellebeleid' vir die verenigde Suid-Afrika wat op hande was, het ook 'n akademiese besprekingspunt geword en 'n organisasie wat hom hiermee besig gehou het, was die Transvaal Native Affairs Society (TNAS), wat in 1908 gestig is. Binne hierdie organisasie is gematigde, oorwoë standpunte aangetref, soos dié van Pim, die eerste president van die vereniging. Maar daar was ook sienswyses wat 'n strak biologiese determinisme verteenwoordig. 'n Eksponent hiervan was F. W. Bell, wat Pim as president van die TNAS opgevolg het. Bell, wat beïnvloed is deur die Amerikaanse rasteoretikus Robert Bean, was van mening dat swartes 'n duidelike verstandelike agterstand by blankes gehad het. Bell se uitsprake en ander ekstremistiese standpunte in dié tyd was duidelik in ooreenstemming met die eugenetiek (die leer van rasverbetering) en die sogenaamde sosiale Darwinisme (die negentiende-eeuse leer dat die sosiale orde 'n produk is van natuurlike seleksie van daardie persone wat die beste geskik is vir die bestaande lewenstande).

Die belangstelling in die verkryging van wetenskaplike kennis oor rasse in Suid-Afrika het toegeneem. 'n Spesiale afdeling van die South

African Association for the Advancement of Science (SAAAS) het op sosiale en antropologiese aangeleenthede gekonsentreer en periodiek het artikels oor genetiese raseienskappe (wat selfs fisieke kenmerke soos verskille in grootte van skedels by verskillende rasse ingesluit het) in die SAAAS se blad verskyn. Die belangstelling in intelligensiemeting wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog in Europa en die VSA geheers het, het ook na Suid-Afrika oorgewaa en toetse met groepe swartes (later ook armblikes) is uitgevoer. Die resultate hiervan het egter beperkte welslae opgelewer, veral omdat die Suid-Afrikaanse samelewing so heterogeen was. Dit het konstante, betroubare toetsresultate feitlik onmoontlik gemaak. Daar was nietemin voor en gedurende die twintigerjare vakkundiges wat bevind het dat blanke kinders beter in dié toetse as swart kinders presteer het. Enige afleidings hieruit dat beter prestasie aan genetiese faktore toegeskryf kon word, is nie net deur swart intelligentsia verwerp nie, maar is ook deur blanke teoretici bevraagteken.

Voor die aanbreek van die twintigerjare het die opvatting dat swartes, al sou hulle nie 'n genetiese agterstand by blankes gehad het nie, nietemin nie onmiddellik in die 'blanke' samelewing geassimileer kon word nie en dat gedifferensieerde onderwys wenslik was, wye steun geniet onder teoretici. Die bekende opvoedkundige en liberaal C. T. Loram se boek *The education of the South African native*, wat in 1917 verskyn het, was verteenwoordigend van hierdie opvatting. H. B. Fantham, professor in vergelykende anatomie aan die Universiteit van die Witwatersrand, het genetiese oorerflikheid by rasse nog sterker beklemtoon. Fantham se geesdrif om 'n 'eugenetiese bewussyn' by Suid-Afrikaners te bevorder (hy het 'n aantal komitees binne die SAAAS op die been gebring om die studie van eugenetika en genetika te stimuleer), het reaksie by akademici soos J. E. Duerden binne die SAAAS uitgelok. Duerden het gewaarsku teen 'n uiterste standpunt oor genetika en daarop gewys dat die rassevraagstuk in Suid-Afrika nie soseer om die verskille tussen wit en swart gewentel het nie, maar dat dit eerder 'n industriële en ekonomiese probleem was.

Hierna is die genetiese oorerflikheidsfaktor in die rassevraagstuk toenemend op die agtergrond geskuif. Veral Peter Nielsen se boek *The black man's place in South Africa* (1922) het 'n groot bydrae gelewer om die genetiese faktor in diskrediet te bring by vooraanstaande liberale wat by organisasies soos die Joint Councils betrokke was. Nielsen het rasseklasifikasie volgens fisieke kenmerke soos grootte van skedels, asook die idee dat daar by swartes so iets soos 'arrested development' bestaan het,

verwerp. Hy het ook die bestaan van 'n afsonderlike 'native mind' ontken.

Hoewel die toetsing van intelligensie van swart en wit groepe in die twintigerjare (ook deur liberale akademici) voortgegaan het, het die klem in die dertigerjare nog sterker weg van die toetsing van genetiese potensiaal verskuif. Die verslag van die Interdepartementele Komitee oor Naturelleonderwys van 1935 het byvoorbeeld geen melding gemaak van die 'opvoedbaarheid' van die swarte nie. Die bestaande sosiale posisie van wit en swart is as kriterium geneem en standpunte is nie meer op oorerflike faktore gegrond nie. In lyn met die benadering van die sosiale antropologie is die fokus van ras verskuif na 'n kulturele ontleding van die mense van Suid-Afrika. Ook in die sielkunde het 'n verskuiwing plaasgevind van intelligensiemeting as sodanig na 'n wyer studie van tussengroepverhoudinge. Veral I. D. MacCrone se werk, wat in die volgende afdeling volledig bespreek word, het sterk invloed uitgeoefen op liberale denke oor die rassevraagstuk.

Ook Afrikaner-akademici wat hulle met die studie van die rassevraagstuk besig gehou het, het in die dertigerjare oormatige klem op 'wetenskaplike' argumente oor die 'opvoedbaarheid' van swartes vermy. Derhalwe was daar reeds voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog 'n redelike mate van konsensus by Afrikanerintellektuele en liberale Engelssprekende intellektuele dat daar in die Suid-Afrikaanse debat oor onderwys klem op kultuur in plaas van ras geplaas moes word. Prof. J. Chr. Coetzee van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys het in 1943 in 'n resensie van prof. B. F. Nel se boek *Naturelleopvoeding en onderwys* geskryf: 'Ek hou staande dat nog niks bewys is omtrent die agterlikheid van die naturelle-verstand of die voorlikheid [sic] van die blanke-verstand nie.'²⁶

Die vestiging van sosiale antropologie en/of 'Bantoestudies' as akademiese dissipline in Suid-Afrika aan die begin van die twintigerjare verteenwoordig 'n belangrike mylpaal in die studie van die rassevraagstuk. Aan die Universiteit van Kaapstad is 'n professoraat in sosiale antropologie in 1921 ingestel, en binne enkele jare het al die doserende universiteite in die land departemente in die lewe geroep wat kurusse in sosiale antropologie, 'Bantoestudies', 'Bantoekunde' of volkekunde (soos dit by Afrikaanse universiteite mettertyd bekend geword het) aangebied het. Sosiale antropologie is indertyd beskou as 'n belangrike bron van toegepaste kennis en invloedryke individue soos C. T. Loram, J. D. Rheinallt Jones en J. C. Smuts het 'n aandeel gehad in die instelling en bevoor-

dering van die vak. Nie net is die belangrikheid van sosiale antropologie in die pogings om die 'naturellevraagstuk' op te los beklemtoon nie, maar daar is ook voortdurend pogings aangewend om dié dissipline in belang van die staat aan te wend. Sommige universiteite het byvoorbeeld diplomakursusse in 'Bantoekunde' (of 'Native studies' in die geval van Engelstalige universiteite) ingestel wat in die behoeftes van amptenare in die Departement van Naturellesake sou voorsien.²⁷ Navorsing in 'Bantoestudies' of 'native studies' is ook aangemoedig deur middel van studebeurse, terwyl 'n Inter-University Committee for African Studies beoog het om sodanige navorsing te koördineer.²⁸

Hoewel beleidmakers rassebeleid geformuleer het sonder inagneming van die bevindinge van die sosiale antropologie, en sosiale antropologie as dissipline dus volgens Saul Dubow slegs 'n beperkte invloed op staatsbeleid gehad het, het dié dissipline 'n belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die ideologie van segregasie. Prominente liberale wat in die twintigerjare tot die beleid van segregasie geneë was – en veral dié wat by die Joint Councils betrokke was – is sterk beïnvloed deur die denke van die sosiale antropologie. So was Rheinallt Jones byvoorbeeld deeltydse lektor in 'Bantoestudies' aan die Universiteit van die Witwatersrand en ook redakteur van *Bantu Studies*. R. F. A. Hoernlé was 'n tyd lank hoof van die Bantoestudiesdepartement aan die Universiteit van die Witwatersrand, terwyl Edgar Brookes as professor in publieke administrasie aan die Transvaalse Universiteitskollege kursusse in 'Naturelleadministrasie' aangebied het vir beamptes in die Departement van Naturellesake. Vir hierdie liberale het die studie van sosiale antropologie insig gebied in 'n studie van swartmense wat deur industrialisasie in 'n nuwe milieu geplaas is en wat moontlik sou baat by 'n gedifferensiëerde ontwikkeling naas die blanke.

Dubow wys verder daarop dat antropologiese denke ook in 'n ander opsig vir sowel liberale as segregasioniste nuttig was. Deurdat die antropologie die begrip kultuur – in teenstelling met ras – gebruik, het daar nou 'n middeweg oopgegaan tussen die utopiese klassieke liberalisme, wat aan die onbeperkte ontwikkeling van alle mense glo, en die rassistiese rasse-ideologie in Suid-Afrika (hoofsaaklik deur die bewoners van die voormalige Boererepublieke gehuldig) wat glo dat swartes slegs beperkte vordering op die evolusieskaal kon maak. Die begrip kultuur of kulturele aanpassing was die sleutel tot hierdie middeweg. Vir segregasioniste was kulturele aanpassing 'n middeweg tussen die uitgediende Kaapse liberale tradisie van assimilasie en onderdrukking. Prakties gesproke het dit daarop neergekom dat swartmense biologies gesproke nie minder-

waardig was teenoor blankes nie, maar dat hulle nog nie so 'n peil van ontwikkeling bereik het dat hulle in alle opsigte gelyk was aan die blanke nie. Die oplossing vir dié probleem was kulturele aanpassing, wat neergekom het op 'n beleid van gedifferensieerde ontwikkeling. Hierdie gedagte is in 1929 ook deur W. W. M. Eiselen, professor in etnografie aan die Universiteit van Stellenbosch, later professor in volkekunde aan die Universiteit van Pretoria, en ná 1948 Sekretaris van Naturellesake, uitgespreek. Swartmense moes volgens Eiselen nie in swart Europeërs ontwikkel nie, maar moes hul eie ideale nastreef en hul eie kultuur behou.²⁹

Invloedryke liberale teoretici in die dertiger- en veertigerjare

Soos reeds vermeld, het die klem by teoretiese denke oor die rassevraagstuk gedurende die dertigerjare verskuif van 'n ontleding van rasseverskille na 'n ontleding van kulturele waardes by rassegroepe in Suid-Afrika. Intergroepverhoudinge het sterk onder die soeklig gekom, en sowel R. F. A. Hoernlé as I. D. MacCrone het belangrike werk in dié verband gelewer. Hoernlé, hoof van die Departement Filosofie aan die Universiteit van die Witwatersrand tot 1943 en president van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings van 1934 tot 1943, was een van die invloedrykste liberale denkers van sy tyd. Hy was nie net 'n akademikus nie, maar 'n praktiese denker wat jare lank belang gestel het in die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk. Hoernlé was die eerste Suid-Afrikaner wat die plurale en multi-etniese sosiale modelle van Westerse denke – in teenstelling met die negentiende-eeuse assimilasiemodelle – in Suid-Afrika gesistematiseer het. Teen die middel van die dertigerjare het Hoernlé reeds opgemerk dat die kulturele basis vir assimilasië van die Amerikaanse swartes aansienlik verskil het van Suid-Afrikaanse swartes.³⁰ Sy idees oor die rassevraagstuk in Suid-Afrika is hoofsaaklik verwoord in die Phelps-Stokes-lesings wat hy in 1939 aan die Universiteit van Kaapstad gelewer het,³¹ terwyl van sy ander geskifte onder die titel *Race and reason* gebundel is.³²

Hoernlé het van die standpunt uitgegaan dat die blanke minderheid die swart meerderheid oorheers het op politieke sowel as sosiaal-ekonomiese gebied. Suid-Afrika was nie 'n demokrasie nie maar 'n rasse-oligargie. Blanke oorheersing het egter nie beteken dat blankes swartes noodwendig swak behandel het nie, en 'n onderskeid moes derhalwe getref word tussen 'n formele stelsel of beleid en private verhoudinge tussen individue. Die prys wat die blanke kastesamelewing (soos Hoern-

lé dit gestel het) vir hierdie oorheersing moes betaal, was vrees vir die voortbestaan van sy superioriteit en vrees vir die toekoms. Hierdie vrees was nie versoenbaar met die liberale gees nie.³³

Die begrip voogdyskap ('trusteeship'), wat 'n praktiese instrument vir die liberale denkwys is, het nie by die meeste Suid-Afrikaanse blankes inslag gevind nie, omdat dit nie uit Suid-Afrikaanse bodem stam nie, maar van Europa afkomstig is. Volgens Hoernlé het die beleid van voogdyskap wel vrugte opgelewer vir Suid-Afrikaanse swartmense, al was dit ook beperk. Die Hertzog-wetgewing van 1936 (wat na sy mening die stempel van voogdyskap gedra het) het op politieke terrein 'n aantal voordele gebied, byvoorbeeld seggenskap (vir swartes) in plaaslike bestuur landwyd, die feit dat blankes nie grond in swart gebiede kon koop nie, en dat die reservate vergroot is. Op opvoedkundige terrein is swart onderwys veral deur sendingskole bevorder, terwyl die Kamer van Mynwese geld vir swart opvoeding bewillig het. Verskeie blanke munisipaliteite het ook heelwat gedoen om swart behuising te verbeter. In die gees van voogdyskap was daar ook pogings veral deur die Joint Councils om toenadering tot swartes te bevorder.³⁴

Die liberale gees ('liberal spirit') waarna Hoernlé dikwels verwys, het in die moderne wêreld aansienlik daartoe bygedra om van die wêreld 'n vryer plek te maak deur byvoorbeeld algemene stemreg te bepleit en oorheersing van minderheidsgroepe teen te staan. Die liberale gees het agting vir sosiale groepe en kulture wat anders as syne is, maar is bereid om met ander te deel. Liberalisme het egter in baie gevalle misluk. Dit kon byvoorbeeld nie 'n doeltreffende wêreldorde tot stand bring nie. In Suid-Afrika het liberalisme duidelik nie veld gewen nie, veral nie na 1910 nie. Die Kaapse liberalisme, wat stemreg sonder inagneming van velkleur bepleit het, moes die knie buig voor die noordelike standpunte, wat swart stemreg uitgesluit het. Die segregasioniste het geseëvier en toenemende diskriminerende wetgewing sedert Uniewording is op ras, en nie op kultuur nie, gebaseer. Weersin in liberalisme was nie net kenmerkend van blanke Afrikaanssprekendes nie maar ook van die meerderheid Engelssprekendes. Daar was ook net 'n graadverskil tussen die regerende Verenigde Party en die Nasionale Party wanneer die rassevraagstuk ter sprake gekom het, en mense soos genl. Smuts, wat as 'n liberale denker bekend staan, was nie bereid om sy liberale beskouinge in 'n veelrassige Suid-Afrika toe te pas nie.³⁵

Vir Hoernlé het daar 'n aantal grondwaarhede oor die rasseprobleem bestaan. Eerstens was rassevermenging ondenkbaar, omdat die

blankes baie sterk daarteen gekant was. Tweedens is rassegevoelens nie deur ekonomiese status beïnvloed nie, dit wil sê in Suid-Afrika het rasse-antagonisme oor ekonomiese grense heen gesny. Die behoeftige blanke het nie in die behoeftige swartman 'n bondgenoot gesien nie, maar laasgenoemde het vir hom 'n lid van 'n vreemde en minderwaardige ras gebly. 'n Ryk Indiër se finansiële status het nie outomaties aan hom toegang tot 'n ryk blanke se huis verleen nie. Derdens het Hoernlé nie geglo dat die swartman inherent 'n verstandelike agterstand by die blanke gehad het nie, maar dat gebrekkige geleenthede vir sy agterstand verantwoordelik was. Vierdens het die proses van akkulturasie van die swartman teen 'n verbasende tempo plaasgevind. In dié proses het kulturele verskille tussen wit en swart vervaag maar rasseverskille het bly voortbestaan. Vyfdens het hy gemeen dat blankes nog vir baie lank die swartes kon oorheers, maar dat die swartes mettertyd meer verenigd sou word in hul verzet teen blanke oorheersing.³⁶

Watter rol kon die liberale dan vervul in Suid-Afrika? Vir Hoernlé was daar sowel korttermyn- as langtermyn doelwitte wat die liberale moes nastreef. Op die kort termyn moes hulle druk uitoefen dat die beginsel van voogdyskap in 'n liberale gees toegepas word. Hulle moes binne die bestaande stelsel as demokrate funksioneer, die liberale gees in die stelsel inspuit en stappe van die regering om byvoorbeeld swart onderwys en gesondheid te bevorder, ondersteun. As langtermyn doelwit moes die liberale help soek na 'n regeringstelsel wat oorheersing sou uitskakel. Drie moontlikhede het bestaan in Suid-Afrika: parallelisme, totale assimilasië, en totale skeiding. Hy het parallelisme (die bestaande stelsel) verwerp omdat dit in die skaduwee van blanke oorheersing gestaan het. Ook totale assimilasië, as die resultaat van akkulturasie (die beleidsrigting wat die negentiende-eeuse liberalisme in die vooruitsig gestel het) was vir hom onaanvaarbaar omdat dit vir die blanke groep nooit aanvaarbaar sou wees nie. Die derde moontlikheid, totale skeiding, wat sou meebring dat die land in wit en swart gebiede verdeel word, was versoenbaar met die ideale van die liberalisme. Swartes sou dan vry wees van blanke oorheersing, en blankes vry van vrees vir die swartes se getaloorwig. Hoernlé het egter 'n duidelike onderskeid getref tussen segregasië – wat vir hom sinoniem was met die kastestruktuur in 'n veelrassige Suid-Afrika waar die wit groep oorheers het – en totale skeiding. Hierdie beleid het egter net so onuitvoerbaar gelyk as die ander twee alternatiewe, veral omdat blankes en swartes ekonomies ineengestrengel was: die blanke ekonomie was van swart arbeid afhanklik maar terselfdertyd het dit aan swartes 'n looninkomste gebied. Bowendien het

die wil by die blankes ontbreek om totale skeiding met al sy konsekwensies deur te voer.³⁷

Hoernlé se prognose oor die toekoms van rassebetrekkinge in Suid-Afrika was nie optimisties nie. Die blankes was volgens hom onwillig om hul bevoorregte posisie in gevaar te stel. Daar was nie die wil en die visie in die kastesamelewing om die situasie te verander nie. Dat veranderinge wel sou plaasvind, het hy nie betwyfel nie, en dié profetiese woorde daaraan toegevoeg: 'The changes which will come will be forced upon us by world-forces and world-events over which humanity has little conscious control.'³⁸

In 'n tyd toe die ideologie van eie etniese ontwikkeling van swart gemeenskappe al hoe sterker deur Afrikanerdenkers verkondig is, het Hoernlé 'n doelbewuste liberale strategie bepleit. Sy geesgenote het hom egter weinig steun gebied en was nie bereid om die liberale koers, wat nie vir radikale politieke hervorming voorsiening gemaak het nie, drasties te wysig nie.³⁹

Nog 'n liberale denker en akademikus wat in sy tyd invloed uitgeoefen het, was die psigoloog prof. I. D. MacCrone. MacCrone het hom in die dertiger- en veertigerjare, in lyn met die hoofstroom van denke oor rasseaangeleenthede in die psigologie, verdiep in die studie van rassehoudings by Suid-Afrikaners. Hy het blanke Suid-Afrikaners se rassehoudings vertolk teen die agtergrond van die Wes-Europese oorheersing van die wêreldtoneel sedert die ontdekkingstogte wat in die sestiende eeu begin het. Die gemak waarmee die Europese lande hierdie doel bereik het, het by hulle 'n nasionale bewussyn asook 'n gevoel van meerderwaardigheid jeens die nie-Europese volke opgewek. 'n Verskeidenheid kulturele kontakte en botsings tussen Europeërs en nie-Europeërs het nuwe dogmas oor rassemeerderwaardigheid en -eksklusiwiteit, wat nie in die Middeleeue bestaan het nie, tot gevolg gehad. Hierin het godsdiens ook 'n rol gespeel. Vanweë die groter eksklusiwiteit van die Protestantse geloof (in teenstelling met die Rooms-Katolieke geloof), het die uitbreiding van die Protestantse godsdiens 'n patroon van onverdraagsaamheid teenoor ander rasse en kulture gevestig. In Suid-Afrikaanse verband het dit beteken dat die blanke setlaars die sienswyses en houdinge van sowel die Europeërs as die Protestante gedeel het. Die probleem van rassehoudings in Suid-Afrika was dus 'n plaaslike variant van 'n wêreldwye verskynsel. Maar in Suid-Afrika, waar rasseverskille so beduidend was, was rassehoudings besonder rigied. Dit is verder versterk deur latere gebeurtenisse soos die Groot Trek.⁴⁰

MacCrone het van die standpunt uitgegaan dat die blankes in Suid-Afrika, hoewel hulle numeries 'n minderheid vorm, in die proses van oorheersing 'n meerderheid gevorm het. Hy het sy teoretiese raamwerk ten opsigte van oorheerser-oorheersdes gegrond op H. H. Anderson se model, waarvolgens oorheersing 'n reaksie is op 'n sosiale situasie waar daar botsende belange bestaan; die groep wat oorheers nie bereid is om sy mag prys te gee nie en ook die staatsapparaat tot sy beskikking het; die patroon van oorheersende gedrag kontrasteer met dié van integreerende gedrag, dit wil sê wanneer persone bereid is om toegewings teenoor persone van 'n ander groep te maak en gemeenskaplike doelstellingen tussen die twee groepe probeer vind; en die reaksie op oorheersing gewoonlik óf weerstand óf onderwerping is.⁴¹

MacCrone het verder van die veronderstelling uitgegaan dat daar nie so iets soos 'n aangebore individuele rassehouding bestaan nie; dat die individu se biologiese groeplidmaatskap irrelevant is en dat hy sy houding as lid van sy 'psigologiese groep' ervaar. Dit is moontlik dat individu wat lid is van dieselfde biologiese groep aan verskillende psigologiese groepe kan behoort, net soos individu wat lid is van verskillende biologiese groepe tot dieselfde psigologiese groep kan behoort. As daar na 'n 'rassegroep' op dieselfde wyse as na 'n nasionale, klasse- of godsdienstige groep verwys word, is die belangrike kriterium dat lede van so 'n 'rassegroep' 'n gemeenskaplike kultuur het.

Hierdie situasie het in Suid-Afrika gegeld en dus rassehoudings en -verhoudinge geraak. Die implikasies daarvan was dat die bewustheid van verskille tussen blankes en swartes – verskille wat in elk geval bestaan as gevolg van kulturele groepsverskille – verhoog is deur fisiek of biologies bepaalde verskille, waarvan velkleur die mees uitstaande was. Mense identifiseer meer geredelik met diegene wat soos hulle is (geestelik of fisiek), en dit geld ook vir velkleur. Waar fisieke verskille saamval met sosiale of kulturele verskille, verkry dit meestal 'n enorme psigologiese betekenis omdat hierdie verskille maklik die kriteria van groeplidmaatskap, groepinsluiting of -uitsluiting word. In Suid-Afrika sou dit impliseer dat 'n swartmens vanweë sy of haar velkleur nie tot die blanke groep toegelaat sou word nie, al het hy of sy die kultuur van die blanke gemeenskap verwerf. Velkleur word in hierdie geval deur 'n eenvoudige proses van kulturele en persoonlike sosiale kondisionering geassosieer met 'n aantal psigologiese kenmerke, meestal negatief – kenmerke wat volgens blankes biologies of ingebore is. Hierdie aanname is verkeerd, aangesien dit gegrond is op 'n verwarring tussen die biolo-

giese begrip van 'n rassegroep en die sosiaal-psigologiese begrip van 'n kultuurgroep.⁴²

Hoewel die individu in 'n samelewingsgroep nie noodwendig altyd buitelanders as vyande beskou nie, is dit volgens MacCrone 'n psigologiese feit dat 'n lid van die sogenaamde uit-groep hom 'n potensiële voorwerp van groepsvooroordeel maak, terwyl 'n lid van die sogenaamde in-groep nooit deur die groep in die dieselfde lig beskou word nie. Insgelyks behandel die individu lede van sy eie groep as individue soos hy self, maar lede van die uit-groep as buitelanders. Hierdie skerp onderskeid tussen in- en uit-groepe berei die weg voor vir konflik tussen groepe met onvermydelike vooroordeel aan die kant van die in-groep teen lede van die uit-groep. In so 'n konfliksituasie word die bewustheid van groeplidmaatskap verhoog en groepverskille beklemtoon. Lede van die uit-groep word nie as individuele persoonlikhede gesien nie maar as verteenwoordigers van 'n vyandige groep wat al die ongewenste kenmerke van daardie groep besit. In Suid-Afrika het die onderskeid tussen die in- en die uit-groep in die mees onverdraagsame vorm voorgekom as rasseonderskeid tussen die oorheersende wit groep en oorheersde swart groep.

MacCrone het Hoernlé se bevinding onderskryf dat rassegevoel en nie klasgevoel nie deurslaggewend was in groepsverhoudinge in Suid-Afrika. Dit is die individu se rasselidmaatskap eerder as sy lidmaatskap van 'n klas binne sy groep wat sy houding en gedrag bepaal. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat sy vroeë persoonlikheid deur sy raslidmaatskap bepaal is en hy derhalwe meer ras- as klasbewus is. Lidmaatskap van die blanke ras het dit vir die blanke moontlik gemaak om te deel in die voorregte van die regerende klas. Hy wou ook hierdie voorregte behou en is derhalwe deur die staat beskerm teen die bedreiging van die kant van die swartes. Die patroon van oorheerser-oorheersde moes dus behou word; vandaar die blanke se vrees vir 'n swart getal-soorwig en sy vrees vir swart oorheersing.

MacCrone het die oorheersde swart groep se reaksie teen oorheersing beskryf as taamlik gewelddadig – 'n gedragswyse wat op sigself 'n vorm van oorheersende gedrag is. Hierdie weerstand veroorsaak dié soort konfliksituasie waarin groepsvooroordele as 'n funksie van die in- en uit-groepkonflik floreer. Die swartmense se rassehoudinge is reeds in 'n vroeë stadium gevorm en hul teenstand teen die blanke oorheersers is verder versterk deur hul persoonlike ondervinding in 'n veelrassige samelewing, veral hul interaksie met minder gesofistikeerde en minder

ontwikkelde blankes, wat bedreig gevoel het deur die blote bestaan van 'n klas van opgevoede swartmense.⁴³

Die invloed van die liberale op die Suid-Afrikaanse samelewing van die veertigerjare

'n Ontleding van die invloed van die liberale en die liggame wat deur hulle in die lewe geroep is, toon dat hulle betreklik min vermag het, ten spyte van hul verhewe doelstellings en versierendheid. Hulle het nie daarin geslaag om Suid-Afrika van 'n segregasiepad weg te hou nie; hulle het ook nie daarin geslaag om die lewenslot van swartes noemenswaardig te verbeter nie – hulle kon hoogstens in sommige gevalle help om verligting te bring. In die dertiger- en veertigerjare het die liberale slegs 'n indirekte invloed op die blanke politiek – die enigste magsinstrument om betekenisvolle verandering in rasseverhoudinge aan te bring – uitgeoefen. Liberale amptenare in die staatsdiens, waaronder veral D. L. Smit, het deurentyd daarna gestreef om rasseverhoudinge en die omstandighede van swartes te verbeter. Soos reeds gemeld, was die liberale stempel ook duidelik op die Fagan-verslag merkbaar. Maar dit was waar die liberale invloed opgehou het. Hulle het geen kans gestaan om in noemenswaardige getalle direkte toegang tot die partypolitiek te verkry nie, omdat die blanke kiesers hulle nie daar wou gehad het nie.

Meer drastiese uitsprake oor die liberale verdoem hulle as paternaliste, 'n magtelose groep sonder 'n politieke basis; erger nog, dat hulle werktuie van die kapitalisme was wat met die segregasiestelsel saamgewerk het en dus deel van die 'stelsel' was om swartmense te onderdruk. Hulle wou swart radikalisme verhoed ten einde blanke voorregte te beskerm.⁴⁴

Gesien teen die agtergrond waarteen die liberale opgetree het, is die beskuldiging dat hulle meegewerk het aan die bestaande segregasiestelsel, ongeregverdig. Slegs die mees radikale swart politieke aktiviste het in die veertigerjare die gebruik van regeringsinstellings verwerp. Boikotpolitiek, gepaard met ander radikale metodes, sou onder geen omstandighede die blanke regerings van die dertiger- en veertigerjare van hul koers gedwing het nie. Die liberale het derhalwe die enigste beskikbare middele gebruik om hervorming te probeer bewerkstellig. Radikale metodes sou na alle waarskynlikheid op bloedvergieting uitgeloop het – en die verloorders sou die swartmense wees. 'n Mens sou verwag dat, indien die liberale medepligtiges van die stelsel was, liberale liggame finansieel afhanklik sou wees van die implementeerder van die 'stelsel',

naamlik die regering. Hoewel die Joint Councils fondse van die regering ontvang het, was dit bepaald nie hul enigste bron van finansiële hulp nie; hulle het ook hulp van talle oorsese instansies ontvang.

In werklikheid was die liberale in die veertigerjare slagoffers van hul eie ideologie. Vir die oorgrote meerderheid blankes was hulle meelopers van die kommuniste, 'kafferboeties' met onpraktiese gelykstellings-idees wat die blanke beskawing sou vernietig. Vir die hoofstroom van swart politieke denke, wat toenemend radikaal geneig het ná 1945, het hulle ewe onaanvaarbaar geword omdat hulle te gematigd was. In die naoorlogse Suid-Afrika het die liberale in 'n situasie beland waarin hulle nie kon wen nie.

4

Die rassevraagstuk en die 'middelpartye': die Verenigde Party en die Arbeidersparty

Inleiding

Die regerende Verenigde Party was soos sy voorganger, die Suid-Afrikaanse Party, geen liberale party nie, ondanks die maatreëls van die Smuts-regering om die maatskaplike en ekonomiese toestand van die swartmense te verbeter. Die minder dogmatiese en meer buigsame beeld wat die party in vergelyking met die Nasionale Party vertoon het, het nie beteken dat hy werklik liberaal ten opsigte van rasseverhoudinge was nie. In dié opsig was Alfred Hoernlé se waarneming volkome korrek. Die ledetal van die liberale binne die Verenigde Party en veral binne die parlement was buitendien ook gering.¹ Hierdie liberale het egter ná die aanvaarding van die Hertzog-wette in 1936 besef hoe gering hulle bedingingsmag inderdaad was. Omdat 'n liberale party nie gerealiseer het nie, was die Verenigde Party die enigste moontlike politieke tuiste vir hulle. Daar was sekere beginsels van die Verenigde Party waarmee die liberale hulle vereenselwig het, byvoorbeeld die minimum inmenging van die regering in die rege van die individu, die beginsel van regsoewereiniteit, die onaantasbaarheid van die grondwet en 'n onafhanklike regbank – almal beginsels wat in ooreenstemming was met die Westerse liberale tradisie.²

Die amptelike VP-rassebeleid

Hoewel die Smuts-regering ten gunste was van die ekonomiese en maatskaplike opheffing van die swartes, 'kleurlinge' en Indiërs, het die VP se program van beginsels en beleidsuiteensettings duidelik genoeg getoon dat die party baie versigtig was om drastiese stappe te doen wat politieke regte betref. Die VP was duidelik begaan oor sy blanke magsbasis. In die party se program van beginsels, wat in November 1946 uitge-reik is, is uitgespel dat 'n oplossing vir die 'naturellevraagstuk' (die term wat in die beginselprogram gebruik word) langs die weg van erkenning van die 'hoofsaaklikheid van die Europese beskawing' verkry moes word, ofskoon die swartman se reg tot ontwikkeling hom nie ontnem sou word nie. Verder word ook vermeld dat die afsonderlike verteenwoordiging van swart en wit die grondslag sou vorm van 'n politieke oplossing van die rassevraagstuk. Eg paternalisties is die swartman beskou as 'n wese wat steeds onder die blanke se Christelike voogdyskap behoort te staan.³

'n Beleidstuk van die party getiteld 'South Africa and the govern-ance of natives and coloured races', wat in 1947 verskyn het, het 'n breë oorsig oor die bevolkingsamestelling en die rassevraagstuk in die alge-meen gebied. Daar is gewys op die uiteenlopendheid van die swart gemeenskappe ten opsigte van taal, kultuur en gebruike, en ook op die diversiteit wat ontwikkeling betref – veral by die verstedelike en platte-landse swartmense. In die lig van Suid-Afrika se bevolkingsamestelling en die swartman se gebrek aan ervaring van demokratiese regering was politieke gelykstelling nie moontlik nie en sou dit waarskynlik ook nie binne die volgende vyftig tot honderd jaar moontlik wees nie. Nietemin was die regering besig om die swartman geleidelik ryp te maak vir die demokratiese regeringstelsel by wyse van instellings soos die Naturelle Verteenwoordigende Raad. Die beleidstuk se siening is ook dat dit makli-ker was om die swartes op die ekonomiese terrein op te lei, sodat hulle uiteindelik gelykheid met die blanke kon bereik. Besondere klem is gelê op die opheffing van die swart bevolking op die gebied van landbou, onderwys, gesondheidsdienste, pensioene en behuising.

Hoewel die rassevraagstuk grotendeels om die swartes gewentel het, het die beleidstuk hom ook oor die Indiërs en 'kleurlinge' uitgespreek. 'n Uitvoerige verduideliking van die omstandighede wat gelei het tot die aanvaarding van die Wet op Grondbesit van Asiate en Verteen-woordiging van Indiërs in 1946 is gegee, met die klem op die regering se sienswyse dat sosiale konvensie en nie politieke oorwegings nie die rege-

ring genoop het om op te tree teen welgestelde Indiërhandelaars wat veral gedurende die oorlogsjare eiendom in blanke woongebiede begin opkoop het. Die wet het egter aan die Indiërgemeenskap die geleentheid gebied om vir die eerste keer regstreekse verteenwoordiging in die Natalse Provinsiale Raad te verkry. Die beleidstuk kon nie nalaat om Indiërs se andersins 'bevoorregte' posisie in Suid-Afrika te skets nie – byvoorbeeld dat die gemiddelde inkomste per Indiërgesin in Suid-Afrika heelwat hoër as dié in Indië was. Wat politieke regte betref, het die dokument Smuts se standpunt onderskryf: geen volledige politieke regte kon aan die Indiërs gegee word tensy dit ook aan die swartes gegee word nie. Die 'kleurlinge' se posisie, aldus die dokument, was ietwat gunstiger, aangesien hulle politieke regte in Kaapland gehad het – die streek waar die oorgrote meerderheid woonagtig was. 'Kleurlinge' het wel op die arbeidsterrein onder beperkinge gebuk gegaan omdat sosiale gebruike en vakbonde geneig was om goedkoper 'kleurlingarbeid' uit te sluit ten einde blanke werkers te beskerm. Dit sou egter nie 'n blywende probleem wees nie, aangesien die kleurskeidslyn op die arbeidsterrein waarskynlik uiteindelik heeltemal sou verdwyn.⁴

Hoewel daar dus standpunte en breë riglyne omtrent 'n rassebeleid uitgestippel is, was dit nog geen bloudruk vir 'n toekomstige beleid nie.⁵ Smuts en sy kollegas sou bowendien ook nie voor die verskyning van die Fagan-verslag duideliker aan die kieserspubliek kon meedeel in watter rigting die Verenigde Party beweeg wat die rassevraagstuk betref nie. Uiteindelik het die party ook nie werklik dié verslag doeltreffend aangewend in die 1948-verkiezing nie.

'n Aantal historici het foutiewelik die indruk geskep dat die Verenigde Party wel sterk op die Fagan-verslag geleun het tydens die verkiesingsveldtog voor die algemene verkiesing van 1948.⁶ In werklikheid het die regering tot enkele dae voor die verkiesing geen poging aangewend om sy standpunt oor die verslag duidelik te maak nie. Eers toe het Smuts in vae terme verklaar dat die regering in breë trekke die Fagan-aanbevelings sou aanvaar.⁷ Phyllis Lewsen se siening is dat die verslag nie 'n invloed op die verkiesing gehad het nie omdat dit nie betyds in propagandavorm verwerk kon word nie.⁸ Hierdie siening bevat 'n element van waarheid, maar selfs al kon die Verenigde Party die verslag betyds verwerk om in die verkiesingstryd te gebruik, is dit te betwyfel of dit enige voordeel vir die party ingehou het. Trouens, dit is selfs moontlik dat dit die regerende party sou benadeel, omdat sy opponente dit as 'n verdere voorbeeld van die regering se integrasionistiese beleidsrigting kon voorhou. Juis daarom kon Smuts en ander senior partyleiers moontlik doelbe-

wus die Fagan-verslag buite die verkiesing probeer hou het, veral in die lig van die Nasionaliste se kleurpropaganda in die verkiesingsveldtog.⁹

Die Verenigde Party het dus nie werklik 'n duidelik onderskeibare rassebeleid gehad wat in die 1948-verkiesing as teenvoeter vir die Nasionale Party se apartheidsbeleid kon dien nie. Toe dit vir die Verenigde Party duidelik begin word dat die Nasionaliste die rassevraagstuk as groot verkiesingswapen sou gebruik, het die partyleiding op pragmatiese wyse aan sprekers op politieke vergaderings opdrag gegee om die partybeleid soos volg aan die kiesers te stel: die Verenigde Party staan vir die behoud van die blanke Westerse beskawing in Suid-Afrika en derhalwe was dit noodsaaklik dat die witman in beheer van die landsregering bly; tweedens aanvaar die party die beginsel dat daar fundamentele verskille tussen blank en 'nie-blank' bestaan en dat assimilasië of gelykstelling rampspoedig vir die land sou wees. Daar was wel 'n verpligting op die blanke om die 'agterlike rasse' te ontwikkel. In die uitvoering van beleid sou blankes steeds 'nie-blankes' in die parlement verteenwoordig, residensiële segregasie sou in die stedelike gebiede toegepas word, hoewel meer grond aan die 'nie-blanke' in die landelike gebiede bekikbaar gestel sou word. Op ekonomiese terrein sou die 'nie-blanke' so doeltreffend moontlik as 'n geskoolde werker opgelei word.¹⁰ Oor die kwessie van die tekort aan swart plaasarbeid het die party, veral in die lig van die voortdurende agitasië van die boerderysektor, 'n verbasend laë profiel gehandhaaf. Dit was moontlik 'n taktiese flater wat die party waarskynlik stemme in die algemene verkiesing van 1948 sou kos.

Smuts, die pragmaties

Soos in die geval van sy party, het Smuts 'n pragmatiese standpunt oor die rassevraagstuk ingeneem. In wese het hy evolusionisties oor die probleem gedink, hoewel dit soms geskyn het asof hy die erns daarvan onderskat en aan die verhouding tussen die blanke taalgroepe 'n heelwat hoër prioriteit verleen het. By geleentheid het hy verklaar dat die oplossing van die 'naturellevraagstuk' eintlik in die toekoms lê.¹¹

Teen 1913 het Smuts parallelle ontwikkeling as 'n moontlike oplossing vir die rassevraagstuk gesien, hoewel hy sewe jaar later erken het dat ekonomiese integrasie die omvang van die probleem aansienlik vergroot het. In 1936 was hy egter, tot ergernis van die liberale groep in die Verenigde Party, nie bereid om die risiko te loop dat die swart stemreg die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes versteur nie.¹² Gedurende die veertigerjare, toe hy die intensiteit van die rassekonflik

eerstehands ervaar het, het Smuts besef dat segregasie en die beginsel van blanke voogdyskap nie 'n resep vir alle tye sou wees nie en dat die verstedelike swartmense 'n heel nuwe dimensie aan die rassevraagstuk toegevoeg het.¹³

Aan die begin van 1948 het hy gewaarsku dat Suid-Afrika nie geïsoleerd kon staan van die heersende wêreldwye belangstelling in mense-regte nie.¹⁴ Die oplossing vir die land se rassevraagstuk het ook nie vir hom in gelykstelling gelê nie.¹⁵ Smuts het die beginsel van blanke voogdyskap oor die swartes en ook dié van afsonderlike ontwikkeling (hoewel nie statutêr bepaal nie) gesteun en, soos D. F. Malan en ander Nasionaliste, geglo dat dit in belang van die land was dat die blanke beskawing gehandhaaf moes word.¹⁶

Wat Smuts natuurlik deurgaans in aanmerking geneem het, was dat sy politieke lewe van blanke kiesers afgehang het; daarom kon hy nie in 1948 die idee van uitbreiding van parlementêre verteenwoordiging aan swartes deel van sy verkiesingsprogram maak nie. Om dieselfde rede het hy in die 1943-verkiesing die rassevraagstuk op die agtergrond probeer hou en op die oorlog gekonsentreer.¹⁷ Bernard Friedman se mening dat Smuts nie bereid was om vinniger as die openbare mening te beweeg nie, is inderdaad korrek.¹⁸ Met die gety van kleur wat toenemend gestyg het, het hy hom uiteindelik – volgens sy eie waarneming – voor 'n tweeledige probleem bevind. Eerstens wou die swart en Indiërleiers status en regte hê en nie net sosiale vooruitgang of verbetering nie.¹⁹ Tweedens het 'n klimaat van uiterstes in die veertigerjare posgevat: uiterste swart eise en uiterste blanke reaksie. Vir geleidelike ontwikkeling in die eg Fabian-tradisie was daar nie meer plek nie, hoewel juis dit volgens Smuts in die heersende omstandighede die gewenste verloop van sake sou wees. Moontlik was sy grootste dilemma dat 'by appearing pro-native I may run the risk to lose the general election next year, and thus hand the natives over to the other extreme'.²⁰ Hierdie dilemma het sy liberale kritici nie altyd besef nie.

Hofmeyr se dilemma

Aansienlik groter as Smuts se dilemma was dié van Hofmeyr. Hofmeyr sou hom nooit heeltemal tuis voel in die Verenigde Party nie, omdat te veel partygenote en kollegas nie sy sienswyse oor die rassevraagstuk gedeel het nie. Moontlik het Hofmeyr se beginsels ten opsigte van politieke regte aan swartes, 'kleurlinge' en Indiërs en veral sy verzet in 1936 en 1939 teen wetgewing wat swartes en Indiërs geraak het, grotendeels

bygedra tot sy beeld by veral die blanke Afrikaner. Sy standpunt oor die politieke, sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die swartmense het bepaald nie onmiddellike gelykstelling geïmpliseer nie. Hofmeyr het sowel rassegelykheid as blanke oppergesag verwerp en die spontane en eiesoortige ontwikkeling van swartes in eie gebiede voorgestaan, terwyl diegene in stedelike gebiede die geleentheid gebied moes word om ekonomies te ontwikkel. Hy het in 'n middeweg geglo – nie assimilasie nie en ook nie onderdrukking nie, maar wel Christelike voogdyskap aanvaar wat nie baasskap moes beteken nie. Liberalisme was vir Hofmeyr 'n filosofie eerder as 'n beleid. In die Suid-Afrikaanse konteks het dit die erkenning van die mens se waarde beteken en 'n geloof dat alle bevolkingsgroepe 'n bydrae kon maak en dus die geleentheid moes hê om dit te doen. Liberalisme het volgens hom nie noodwendig gelykheid beteken nie, maar wel die voorsiening van redelike geleenthede.²¹ Gedagtes hieroor het Hofmeyr dikwels gelug in *The Forum* wat in 1938 as mondstuk vir liberaaldenkendes tot stand gekom het.²²

Hofmeyr het nie 'n eksklusiewe liberale groep om hom vergader nie; ook het hy nie die naturelle verteenwoordigers in die parlement gesteun met hulle amendemente en resolusies nie. En toe hy in November 1946 met die konflik tussen die regering en die NVR as regeringswoordvoerder opgetree het, het hy homself die gramskap van swart leiers soos Z. K. Matthews op die hals gehaal, omdat hy op daardie tydstip niks daadwerklik aan die swartmense se posisie probeer doen het nie. Nogtans het liberaalgesindes na Hofmeyr opgesien. Dit was daarom ook begryplik dat hy teen 1938 genader is om 'n liberale party te stig – 'n versoek wat hy van die hand gewys het omdat hy gemeen het dat die tyd nie ryp was vir so 'n party nie. Hy het verkies dat 'n breë liberale organisasie gestig moes word en dat lede daarvan liberale idees in hul onderskeie politieke partye sou bevorder.²³ Maar dit was juis hierdie besluit wat tot sy groot dilemma sou bydra. Kon hy lid van die Verenigde Party bly, selfs die party lei, maar steeds getrou aan sy beginsels bly? Soos die party op daardie tydstip saamgestel was, het dit net nie vinnig genoeg beweeg en ver genoeg gegaan om die knellende rassevraagstukke van die land op te los nie.²⁴ Aan die ander kant was hy ook nie bereid om openlik 'n nuwe koers in te slaan wat teenstrydig met dié van Smuts sou wees nie, want teenoor laasgenoemde was hy (anders as in die geval van Hertzog) onvoorwaardelik lojaal. Vandaar sy 'lack of passionate commitment' – soos Bernard Friedman dit stel – teenoor die liberale saak.²⁵

Hoewel Hofmeyr aansien geniet het omdat hy bekwaam en beginselvas was, was hy 'n risiko vir die Verenigde Party by die stembus,

omdat sy rassestandpunte net nie by gewone kiesers aanklank gevind het nie. Op die platteland is hy reeds in die dertigerjare gewantrou en hierdie wantroue het voortgeduur tot die 1948-verkiesing.²⁶ Hofmeyr se eie sporadiese waarnemings teen 1947/48 dat daar groter begrip by sy partygenote en die plattelandse kiesers vir sy standpunte aan die ontwikkel was,²⁷ was ooroptimisties. In die parlement en op politieke verhoë het hy die hoofteikens van die Nasionaliste se aanvalle geword.²⁸ Veral sy uitspraak in Maart 1946 tydens die debat oor die Wet op Grondbesit van Asië en Verteenwoordiging van Indiërs dat hy ten gunste van die verwydering van die kleurslagboom uit die grondwet was, het hom die wrewel van J. G. Strijdom en Eric Louw op die hals gehaal.²⁹ Ná die Verenigde Party-neerlaag in die parlementêre tussenverkiesing in Hottentots-Holland in Januarie 1947, het die *Sunday Times* onomwonde die skuld op Hofmeyr gepak omdat hy in 'n toespraak, wat veronderstel was om die kandidatuur van sir De Villiers Graaff te bevorder, te kenne gegee het dat die uitbreiding van munisipale stemreg aan Indiërs in Transvaal onafwendbaar geword het en dat swartes na sy mening uiteindelik deur swartes en Indiërs deur Indiërs in die parlement verteenwoordig sou word.³⁰

Verdere standpunte binne die VP

Die res van die Smuts-kabinet in die veertigerjare sou nie as liberaal bestempel kon word nie, ondanks die feit dat verskeie kabinetslede simpatiek teenoor die swartes gestaan het en ten gunste van hulle opheffing was. Deneys Reitz het hom byvoorbeeld in 1942 teen die toepassing van die paswette uitgespreek, terwyl F. C. Sturrock aan die natuurelleveerwoordigers in die parlement hulp verleen het waar hy kon.³¹ Soos reeds aangetoon, was Piet van der Byl, wat Deneys Reitz in Januarie 1943 as Minister van Naturellesake opgevolg het, geen liberaal nie, hoewel hy ten gunste van matige hervorming was. Richard Stuttaford was in 1937 gekant teen voorgenome wetgewing wat gemengde huwelike wou verbied, maar origns was hy konserwatief.³² J. W. Mushet het op 'n pragmatiese wyse in Oktober 1947 in 'n private brief aan Smuts voorgestel dat swartmense in die reservate beter opgelei word as deel van die 'oplossing' van die rassevraagstuk sodat die Verenigde Party met die oog op die algemene verkiesing van 1948 'n teenvoeter kon hê vir die Nasionaliste.³³

In die meeste gevalle was die Unie se sewende ministerie dus mense wat Smuts se sentimente gedeel het (ook wat die rassevraagstuk betref) en bykans onvoorwaardelik lojaal aan hom was.

Hoe ver verwyderd sommige Verenigde Partylede van Hofmeyr se rassefilosofie gestaan het, blyk uit die bedanking uit die party van twee Volksraadslede, J. B. Wolmarans (LV vir Losberg) en E. P. Pieterse (LV vir Pretoria-Noord-Sentraal) minder as 'n jaar voor die algemene verkiesing van 1948. Onder die redes wat albei aangevoer het vir hul besluit, was dat die party se rassebeleid (wat in elk geval nie die stempel van Hofmeyr gedra het nie) nie meer vir hulle aanvaarbaar was nie. Hulle het gevolglik by die Nasionale Party aangesluit.³⁴ Wolmarans het inderdaad aan die wense van sy partygenote in sy kiesafdeling voldoen, want tydens die provinsiale partykongres van die Verenigde Party in 1945 het dié kiesafdeling 'n beskrywingspunt ingedien dat die naturelleverteenwoordigers in die parlement afgeskaf moes word.³⁵ In die volgende jaar het Wolmarans sonder sukses probeer om 'n soortgelyke private mosie by die Volksraad in te dien.³⁶

Maar Wolmarans en Pieterse was nie die enigste konserwatiewe VP-Volksraadslede nie. Sarel Tighy (LV vir Johannesburg-Wes) het in 1944 probeer om swartmense uit Newclare, Sophiatown en Martindale te laat sit.³⁷ Harold Abrahamson (LV vir Drakensberg) het in Maart 1947 die regering skerp gekritiseer oor sy onvermoë om die toestroming van swartes na blanke gebiede, veral in Natal, te beheer.³⁸ In die verkiesingsveldtog voor die algemene verkiesing van 1948 het die VP-kandidaat in Smithfield, kapt. John O'Higgs, te kenne gegee dat hy nie Hofmeyr se standpunt oor politieke regte aan swartes ondersteun nie.³⁹ Minder as 'n maand voor die algemene verkiesing het 'n organiserende sekretaris van die VP in die Ermelo-kiesafdeling, C. J. Bothma, vanweë die party se rassebeleid uit die VP bedank en by die HNP aangesluit.⁴⁰ En ná die 1948-verkiesing, toe die hoofkomitee van die Transvaalse Verenigde Party nabetragting oor die uitslag gehou het, het verskeie van die aanwesiges, waaronder David Jackson, Ben van Graan, Frans Theron, Arthur Barlow en George Sutter die uitlatinge van Hofmeyr oor die kleurskeidslyn direk verantwoordelik gehou vir die party se neerlaag. Volgens J. G. N. Strauss was daar drie faksies: die Hofmeyr-liberale, die anti-Hofmeyr-groep, en 'n groot middelgroep, wat Hofmeyr-bewonderaars ingesluit het, 'who thought him too heavy to carry and too dangerous to drop'. Selfs hierdie groep het gemeen dat Hofmeyr 'n minder prominente plek in die party behoort te beklee.⁴¹

'n Verdere aanduiding van die konserwatiewe rassebeskouings binne die party is die beskrywingspunte wat deur Verenigde Party-takke ingedien is by provinsiale of sirkelkongresse. Veral op die platteland (waar die grootste swaai ten gunste van die Nasionale Party in die alge-

mene verkiesing van 1948 plaasgevind het), het Verenigde Partylede se rassebeskouing en meer bepaald die beskouing oor die behandeling van swartnense nie juis van dié van die Nasionaliste verskil nie. By verskeie kongresse sedert 1944 is onder meer versoek dat die paswette strenger toegepas moes word – 'n beskrywingspunt wat soms saamgehang het met klagtes oor 'n tekort aan swart plaaswerkers. Beskrywingspunte hieroor het onder meer gekom van die partytakke Rooikrans, Roose-nekal, Roedtan, Welgevonden, die afdelingsbestuur van Lydenburg en sewe takke in die kiesafdeling Bethal.⁴² Verder is gevra dat swart arbeid beter gereguleer moes word, met die implikasie dat die boerderysektor sy regmatige aandeel verkry (Standerton, Riebeek, Indwe-tak, Kwam-bambi-tak).⁴³ Een tak (Groot Marico) het selfs die Minister van Naturelle-sake in 1947 versoek om die huurgeld wat swartnense op trustgronde moes betaal, te verhoog.⁴⁴ Hierop het die Departement van Naturellesake waarskynlik korrek afgelei dat die versoek daarop gemik was om dit vir swartes onekonomies te maak om op trustgrond te bly en hulle sodoende te verplig om te gaan werk. Die Departement het twyfel uitgespreek of daar wesenlike veranderinge aan die huurgeld aangebring sou word en ook verduidelik dat dit regeringsbeleid was om die swartes op die grond te hou ten einde aan 'n gesonde landbougemeenskap te bou.⁴⁵

Nog 'n gewilde beskrywingspunt was 'n versoek dat groot getalle swartnense ('swart kolle' soos dit dikwels genoem is) in bepaalde blanke streke verminder of heeltemal verwyder moes word (Besters-tak, Saamwerk-tak in Rustenburg-kiesafdeling, Biesjesvlei-tak in Lichtenburg-kiesafdeling en Queenstown).⁴⁶ Aangeleenthede wat soms ook ter sprake gekom het, was die ontmoediging van die volgende: swart plak-kery (Ermelo-tak),⁴⁷ swart vakbonde (Sabie-tak),⁴⁸ die stigting van loka-sies op plase (Krokodilrivier-Noord-tak),⁴⁹ rondlopery deur swartes en die strenger beheer van swartes in stedelike gebiede (Vrouetak Greenside in Afdeling Parktown, vrouetakke Turffontein en Forest Hill in Afdeling Turffontein, vrouetak Robinson Deep in Afdeling Langlaagte).⁵⁰ Teen Julie 1947 het die Verenigde Party se Vroueraad van die Skiereiland en Westelike Provinsie in 'n memorandum oor segregasie opgemerk dat daar 'n toenemende neiging onder Verenigde Party-ondersteuners was om die Nasionaliste se segregasieplan te steun en dat sommige selfs beoog het om vir die Nasionale Party te stem omdat hulle segregasie wou hê.⁵¹

Meer 'liberale' en opheffende standpunte oor die rassevraagstuk (hoewel ver in die minderheid) het gewoonlik van stedelike VP-kiesafdelings gekom, waar meer gegoede mense (wat waarskynlik in voeling met

liberale organisasies soos die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings verkeer het) gewoon het. Dikwels het die beskrywingspunte van vrouetakke gekom. Die volgende sake is onder meer geopper: versoeke dat die paswette hersien moes word en dat kleiner boetes vir geringe oortredings opgelê moes word (Pinetown/Kloof/Hillcrest-vrouetak);⁵² dat swartes oor die algemeen beter behandel behoort te word en nie vir nietige oortredings gearresteer moes word nie (Vroue- en manstak, Florida);⁵³ dat swartes beter opgelei moes word (Vrouetak, Kensington);⁵⁴ en dat voorkeur in lokasies aan swart ambagsmanne bo blankes gegee moes word (Vrouetak, Parktown).⁵⁵

Die rassevraagstuk en die Engelstalige koerante

Die standpunte van die regerende Verenigde Party as 'n sentrale, gematigde, of selfs 'n konserwatiewe politieke party is verder versterk deur die oorwig van Engelstalige koerante in die land. In die veertigerjare was al die Engelstalige dagblaaie (wat 'n totale daaglikse sirkulasie van ongeveer 340 000 gehad het)⁵⁶ asook die belangrikste weekblaaie ondersteuners van die Smuts-regering. Hulle standpunte het die rassefilosofie van die Verenigde Party in die belangrikste opsigte weerspieël. Gedurende die oorlogsjare het hierdie koerante hoofsaaklik die oorlog en die uitwerking daarvan op die blanke Suid-Afrikaanse politieke en maatskaplike lewe in hulle hoofartikels bespreek. Daar is weinig aandag aan die rassevraagstuk of aan verwickelinge in die swart, 'kleurling', of Indiërpolitiek gegee.⁵⁷

Die mees gelese Engelstalige koerant, die *Sunday Times* (met 'n sirkulasie van ongeveer 140 000), se rasse-opvattinge was in die veertigerjare bepaald nie liberaal nie.⁵⁸ In Maart 1945 het die blad Smuts se uitspraak dat blanke oppergesag in Suid-Afrika noodsaaklik was heelhartig ondersteun. In Suid-Afrika, het die blad geskryf, was die enigste moontlike beleid teenoor swartmense dié van 'gradual adaptation'. Plek vir onderdrukking of assimilasie was daar nie.⁵⁹ Verder het die *Sunday Times* aangevoer dat die afskaffing van die kleurskeidslyn tot ekonomiese en sosiale chaos sou lei, hoewel hy 'n verslapping in die toepassing daarvan as wenslik beskou het.⁶⁰ Nog 'n stelling van die koerant was dat die Naturelle-Verteenwoordigings-Wet van 1936 goed werk omdat die swartes meer regte daardeur verkry het as wat hulle voorheen gehad het en dat die NVR 'n liggaam was wat sy stem laat hoor het ten opsigte van sake rakende die swartmense.⁶¹ Die koerant het hom ook in 1947, in die lig van swart verstedeliking met gepaardgaande oorbevolking van stede-

like swart woonbuurte en 'n hoë misdaadsyfer, ten gunste van instromingsbeheer uitgespreek.⁶²

Hierdie standpunte is meestal ook deur die ander groot Engelstalige dagblaaie gedeel. Die politieke ontwikkeling van die swartman moes 'n geleidelike proses wees, terwyl blanke voogdyskap, selfs blanke oppergesag, noodsaaklik was vir die welsyn van almal in die land.⁶³ Smuts se middeweg-beleid is as die mees aanvaarbare voorgelou.⁶⁴ Swart instroming na stedelike gebiede is as onwenslik beskou, veral in die lig van die behuisingstekort, hoewel toegegee is dat die dieperliggende oorsake hiervoor aandag behoort te ontvang.⁶⁵ Radikalisme is met afkeer bejeën; die swart mynwerkerstaking van 1946 is byvoorbeeld as onsinnig beskou en die blaam daarvoor is op die skouers van 'agitators' geplaas.⁶⁶ Eweneens is Xuma se eise ná Smuts se voorstelle ten opsigte van die NVR as ekstremisties bestempel.⁶⁷ Daar was wel begrip vir die swartes se politieke magteloosheid, die frustrasies wat die NVR ondervind het en sommige van die sosiale en ekonomiese beperkinge wat deur wetgewing op swartes geplaas is.⁶⁸ Hoewel dit dikwels gestel is dat die Unie se rassebeleid, gebaseer op Hertzog se 1936-wetgewing, verouderd was en aangepas moes word en dat die ontwikkeling van die reservate noodsaaklik was,⁶⁹ is die Smuts-regering selde of ooit direk geblameer vir sy traagheid gedurende die oorlogsjare om aandag aan die rassevraagstuk te skenk. Die Nasionaliste is weliswaar periodiek skerp gekritiseer oor dié party se rassebeleid en die onwerkbaarheid van die apartheidsbeleid (veral op ekonomiese terrein) is beklemtoon.⁷⁰

Die Arbeidersparty

Onder die blanke politieke partye wat in die parlement verteenwoordig was, het die Arbeidersparty, Smuts se koalisievennoot tot 1945, teoreties gesproke in die veertigerjare die mees liberale beginsels teenoor swartes, 'kleurlinge' en Indiërs in sy beleidsprogram gehad. In die praktyk het die dualisme egter bestaan dat die meerderheid van die partylede in werklikheid slegs die belange van die blanke werker op die hart gedra het.⁷¹ Die Arbeidersparty kon dus ook nie as 'n liberale party as sodanig bestempel word nie.

Tradisioneel het die party hom openlik vir die belange van die blanke werker beywer, maar aan die begin van die oorlogsjare het 'n merkbare verandering ingetree. Dit kan veral daaraan toegeskryf word dat daar 'n aantal linksgesinde sosialiste sedert die middel-dertigerjare by die party aangesluit het. Onder hulle het Ben Weinbren, Richard Feldman en

Alec Wanless getel.⁷² Na 1940 het die liberale groep binne die party groter invloed verkry in die Nasionale Uitvoerende Raad (NUR). Hierdie groep het Tom Osborn, Colin Legum, Ben Weinbren, Jessie McPherson, Margaret McKenzie en Charles Clingman ingesluit.⁷³ In 1941 het die party 'n nuwe beleid ten opsigte van swartes geformuleer wat regverdige behandeling, 'n beter lewensbestaan, beter lone, onderwys en behuising, en die afskaffing van diskriminerende wetgewing bepleit het. Maar dit was veral die erkenning van swart vakbonde waarvoor die NUR in die veertigerjare geveg het.⁷⁴

In die stryd om erkenning van swart vakbonde het die Minister van Arbeid in die Smuts-kabinet, Walter Madeley, 'n prominente rol gespeel. Sy pogings is egter telkens gefnuik deur konserwatiewe regeringslede en blanke vakbonde. Kragtens oorlogstydse regeringsmaatreëls is stakings deur swartes verbied en arbitrasie verpligtend gemaak. Tog het Smuts in 1943 laat blyk dat die erkenning van swart vakbonde nie ver in die toekoms gelê het nie. Toe Madeley egter in Oktober van daardie jaar 'n konferensie belê wat deur verskeie organisasies bygewoon is, moes hy ondervind dat die Suid-Afrikaanse Handels- en Arbeidsraad (SA Trades and Labour Council) geensins entoesiasies oor die idee was nie, omdat so 'n stap volgens dié liggaam die wrewel van die blanke werkers sou opwek. Selfs die parlementêre kookus van die Arbeidersparty was nie bereid om sterk druk uit te oefen vir die erkenning van swart vakbonde nie, wat natuurlik in stryd was met die opvatting van die NUR. Die uiteinde was dat daar tot en met Madeley se bedanking uit die kabinet in Oktober 1945 geen vordering met die saak gemaak is nie. Die enigste mate van bevrediging wat die Arbeiders kon smaak, was dat die regering in Mei 1947 'n wetsontwerp ter tafel gelê het wat voorsiening gemaak het vir verpligte arbitrasie ten opsigte van swart arbeidsdispute.⁷⁵ Madeley was andersins beslis nie liberaal nie. Hy het dan ook in 1946 die Wetsontwerp op Grondbesit van Asië en Verteenwoordiging van Indiërs teengestaan omdat hy gekant was teen die toekenning van politieke regte aan Indiërs.⁷⁶ Hierdie aangeleentheid het trouens die Arbeidersparty verdeel en die geloofwaardigheid van sy rassebeleid ernstig aangetas. Die dilemma waarin die party hom bevind het, was om tegelyk as kampvegter vir die belange van swartmense én vir dié van die blanke werker te poseer. In 1946 is die Arbeiders dan ook van alle kante gekritiseer omdat hulle op twee stoele probeer sit het en is die party selfs daarvan beskuldig dat sy rassebeleid nie opreg bedoel was nie.⁷⁷

Dat die meer liberale element in die party – met mense soos Hepple, Legum en Jessie McPherson aan die spits – uiteindelik oor net soveel

oorredingsvermoë as die konserwatiewe groep – waaronder Henderson, Van den Berg en Cilliers – beskik het, blyk uit die bevestiging van die party se liberale rassebeginsels in November 1946. Die kern daarvan was die verbetering van die lewensomstandighede van swartmense op die terrein van arbeid, opvoeding, gesondheid en behuising, asook stappe om politieke regte uit te brei. Desondanks was die party ten gunste daarvan dat die kleurskeidslyn behou moes word, met 'n verduideliking dat diegene wat dit wou afskaf nie die swartmense wou help nie, maar eerder goedkoop swart arbeid wou verseker. Die Arbeiders het ook sosiale en residensiële skeiding ondersteun. Oor die kwessie van politieke regte aan swartes was daar sterk meningsverskil binne die party en die saak kon uiteindelik slegs by wyse van 'n kompromis beslis word. Politieke regte aan swartmense in reservate sou op 'n federale basis geskied, met stemreg wat op opvoedkundige kwalifikasies gegrond sou wees, terwyl swartes in blanke gebiede politieke seggenskap in plaaslike regerings sou verkry. Geen spesifieke beleid is ten opsigte van 'kleurlinge' geformuleer nie, maar Asiërs sou indirekte parlementêre verteenwoordiging deur blankes geniet.⁷⁸

Hoewel die sosialiste in die Arbeidersparty baie meer liberaal was as die wit werkers wat hulle verteenwoordig het, het hulle goed besef dat laasgenoemde se stem by die stembus onontbeerlik was. Daarsonder sou enige poging van die party om sosialistiese maatreëls, wat na hul mening die lot van sowel die minderbevoorregte blankes as dié van swartes, 'kleurlinge' en Indiërs in die land sou verbeter, futiel wees. Nogtans is die party deur ander linksgesindes gekritiseer omdat hy nie van sy rassevooroordeel ontslae kon raak nie.⁷⁹

Die Arbeidersparty het sy erns met die oplossing van die rassevraagstuk kort na sy 1946-konferensie probeer bewys deur 'n uitnodiging aan al die politieke partye te rig om 'n nasionale konferensie oor die aangeleentheid te hou. Die gedagte was om die vraagstuk buite die partypolitiek te hou en die Arbeiders het hul eie beleidsverklaring van 1946 as basis vir verdere bespreking aangebied.⁸⁰ Met hierdie voorstel het die Arbeiders egter ook 'n bymotief gehad. S. J. Smith, wat die idee geopper het by die NUR-vergadering, het sy kollegas verseker dat die Nasionaliste die voorstel sou verwerp, terwyl die Verenigde Party – wat geen beleid gehad het nie – in 'n hoek gedryf sou wees; derhalwe sou die Arbeiders politieke voordeel daaruit haal.⁸¹ Dat van hierdie nasionale konferensie niks gekom het nie, was geen verrassing nie.

Voor die algemene verkiesing van 1948 het die Arbeiders nietemin daarop aanspraak gemaak dat dié party die enigste van al die partye in die Volksraad was met 'n volledige plan vir die regverdige en eerlike behandeling van al die bevolkingsgroepe. Die 'plan' het egter steeds voorsiening gemaak vir maatskaplike skeiding, wat woonbuurtskeiding ingesluit het. Origens het dit die stempel gedra van die meer liberale beskouings in die party sedert 1945: ontwikkeling van die swart gebiede, 'sodat die naturelle nie geforseer sal word om na die dorpe toe te stroom om 'n lewe te maak nie'; die daarstelling van sogenaamde satellietdorpe vir swartes wat permanent in 'blanke' gebiede gevestig was; en ook die verhoging van swart lone, 'sodat hulle nie gebruik sal word om die blanke lone te ondergraaf nie'.⁸²

Die uurglas was egter reeds aan die uitloop vir die Arbeidersparty. Teen 1948 was dié party nie meer 'n faktor van besondere belang in die blanke politiek nie. Dit is langelê deur interne verdeeldheid, finansiële probleme en 'n stroom bedankings uit die party gedurende 1946/47. Vir die partyleiding moes dit teen hierdie tyd duidelik geword het dat die Afrikanerwerker toenemend sy heil by die Nasionale Party gesoek het.⁸³

Dit was teen die einde van die veertigerjare dus duidelik dat die 'middelpartye' nie in staat was om rassebeleid drasties te hervorm nie. Die Verenigde Party was die regerende party wat by magte was om segregasie af te takel of belangrike aanpassings te maak. Ondanks die feit dat daar binne die amptenary van die Smuts-regering 'n geneentheid tot hervorming bestaan het, was die partyleiding, met enkele uitsonderings, pragmatiese politici wat nie vinniger sou beweeg as die openbare mening nie. Daarby het hulle ook aan blanke oppergesag geglo vir die onmiddellike, indien nie die afsienbare toekoms nie. Die VP het blanke belange behartig en sy magsbasis het bestaan uit groepe Suid-Afrikaners wat geensins van plan was om van hul bevoorregte posisie afstand te doen nie. Ook die Arbeidersparty het ter wille van politieke oorlewing in die blankbeheerde politiek geen keuse gehad as om 'n pragmatiese rassebeleid te handhaaf nie. Hoewel daar by dié party 'n betekenisvolle ideologiese koersaanpassing in die middel-veertigerjare was met die invloed wat liberaalgesindes op die partyleiding kon uitoefen, was die beweegruimte vir dié groep gering. Die party se magsbasis, die blanke werker, sou geensins toelaat dat sy posisie in die arbeidsmark deur swartes bedreig word nie.

5

Die geboorte van apartheid

Inleiding

Die apartheidsidee wat ná die bewindsoorname van die HNP in 1948 op die amptelike apartheidsbeleid uitgeloop het, het sy beslag gekry in die geledere van die Afrikaners. Om die uitkristallisering van hierdie idee teen die einde van die veertigerjare te begryp, behoort die verwikkelinge in Afrikanergeledere in die dertigerjare in oënskou geneem te word. Die Carnegie-verslae het in dié jare die aandag gevestig op die posisie van die arm Afrikaner, en twee volkskongresse is oor die onderwerp gehou. Uit besprekings op hierdie kongresse het dit geblyk dat Afrikanerleiers begaan was oor die 'naturellevraagstuk', veral omdat daar gevrees is dat die armblankes veral in die stedelike gebiede deur die groeiende getal swartmense verswelg sou word. Gedagtes hieroor is deur verskeie Afrikanerakademici en Afrikaanse koerante geopper.¹

In die loop van die dertigerjare het Afrikaner-intellektuele toeneemend belang gestel in die rassevraagstuk en mense soos H. F. Verwoerd, R. W. Wilcocks, J. du Plessis en W. W. M. Eiselen het aanvanklik lede van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings (SAIRV) geword. Hulle meelewing met die probleme van die armblanke het egter meegebring dat hulle vervreem geraak het van die SAIRV. In 1935 het Afrikanerleiers 'n konferensie belê oor die verhouding tussen blankes en ander rasse asook oor onderwys aan swartes. Verskeie liggame waaronder die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF), Transvaalse Onderwysersvereniging, Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), verskeie Afrikaanse en Duitse sendinggenootskappe, die Universiteit van Preto-

ria, die Potchefstroomse Universiteitskollege vir CHO, die Voortrekkers, die Calvinistiese Bond, die Afrikaanse Nasionale Studentebond (ANS) en die Spoorbond was by die kongres verteenwoordig. By hierdie geleentheid is die Suid-Afrikaanse Bond vir Rassestudie gestig met mev. M. M. Jansen as die eerste voorsitster en M. D. C. de Wet Nel as sekretaris. Reeds by die stigtingskonferensie het mev. Jansen dit kategoriees gestel dat indien daar 'n rassessekeidslyn ingestel sou word, dit oral en altyd gehandhaaf moes word. Die konferensie het hom ook teen die Joint Councils uitgespreek omdat gesamentlike vergaderings tussen blank en swart maatskaplike gelykstelling in die hand sou werk. Nie alle afgevaardigdes het egter dié sienswyse gedeel nie omdat daar gemeen is dat die Joint Councils besluite geneem het wat tot voordeel van wit en swart kon wees. Tydens die Bondskongres in die daaropvolgende jaar het die Bond, in ooreenstemming met die standpunt van die Nasionale Party, dit duidelik gestel dat Hertzog se segregasiebeleid nie 'n oplossing vir die rassevraagstuk gebied het nie. 'n Beleid van rasse-apartheid, wat totale rassessekiding op alle lewensterreine as uiteindelijke oogmerk gehad het, is as alternatief voorgelê. Vanweë die klemverskuiwing wat daar ná die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog ten opsigte van nasionale belange ingetree het en ook omdat die apartheidsidee op daardie tydstip nog nie 'n finale vorm aangeneem het nie, het die Bond egter vroeg doodgeloop.

In dié jare was daar ook in Potchefstroom 'n organisasie wat onder meer die rassevraagstuk ondersoek en daaroor geskryf het, te wete die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings. Deur middel van sy lyfblad, *Koers*, het dié liggaam ook die apartheidsidee uitgedra. Artikels in dié blad deur Calvinistiese skrywers soos P. J. S. de Klerk en ds. H. du Plessis het reeds in 1934 en 1935 die koers vir latere apartheidsdenke aangedui. In die vorming van 'n Christelik-nasionale rassebeleid is die swarte se kultuur as anders maar nie as minderwaardig nie teenoor dié van die blanke gestel. Daar is geredeneer dat die swartmens se kultuur en rassekenmerke 'n Goddelike oorsprong gehad het en as sodanig eerbiedig moes word. Die rasseverskeidenheid in Suid-Afrika was deur God georden en dit was die Christen se taak om die swarte se identiteit te help bewaar. Du Plessis het, soos die Duitse sendelinge, geglo dat dit die doel van sendingwerk was om volke te bekeer en nie individue nie. Daar was egter vir hom geen alternatief vir totale skeiding tussen wit en swart nie; slegs dié sou oorheersing van wit deur swart voorkom.²

Waar die teoretiese aanvoorwerk vir die apartheidsbeleid dus reeds in die dertigerjare gedoen is, het veranderde omstandighede wat veral deur die Tweede Wêreldoorlog veroorsaak is, meegebring dat Afrikaners

in die veertigerjare met nog groter dringendheid na oplossings vir die rassevraagstuk gesoek het. Daarby was Afrikanernasionalisme in die veertigerjare besig om na 'n hoogtepunt te beweeg; en omdat die beskerming van Afrikaneridentiteit onlosmaaklik deel van Afrikanernasionalisme was, het die formulering van 'n rassebeleid wat vir die Afrikaner aanvaarbaar was hoë prioriteit by Afrikanerleiers geniet.

Soos in die dertigerjare het Afrikaner-intellektuele, waarvan heelwat aan Afrikaanse universiteite verbonde was, ook in die veertigerjare 'n besonder belangrike rol gespeel om die apartheidsidee te vestig. Vakkundiges soos G. Cronjé, P. J. Coertze, F. J. Language en B. I. C. van Eeden het ingesien dat die Suid-Afrikaanse swartes, veral as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog, nie geïsoleerd van die veranderde wêreldmening oor rassediskriminasie gestaan het nie. Die dae van kolonialisme, imperialisme en uitbuiting van die swartes, so het hulle besef, was verby. Afrikaner-akademici het dus met nuwe oë na swart aspirasies gekyk – hoewel hul natuurlik nie liberaal was nie en 'n sterk paternalistiese standpunt gehad het. Hertzog se segregasiebeleid het nie meer aan die nuwe eise voldoen nie en 'n nuwe beleidsrigting wat rekening sou hou met swart aspirasies, was nodig.

Hoewel die Suid-Afrikaanse Bond vir Rassestudie die aanvoorwerk gedoen het vir 'n nuwe oriëntering ten opsigte van die rassevraagstuk, het die begrip 'apartheid' eers in die veertigerjare 'n omvattende, geformuleerde stelsel van rassedifferensiasie geword. Volgens De Wet Nel het die woord 'apartheid' sy oorsprong by die Suid-Afrikaanse Bond vir Rassestudie gehad, wat hierdie term na 1935 gebruik het omdat die Bond segregasie as 'n mislukking gesien het. Die woord is later in 'n pamflet opgeneem en onder parlamentslede versprei. Sedert 1943 het die gebruik daarvan in gewildheid toegeneem en het D. F. Malan dit in toesprake begin gebruik. Die apartheidsidee het nou toenemend in intellektuele kringe begin inslag vind. Coertze, Language en Van Eeden het dit byvoorbeeld gebruik in hul werk *Die oplossing van die natuurleevraagstuk in Suid-Afrika* (1943). Daarbenewens is van die belangrikste beginsels van die beleid in lesings, toesprake, artikels en brosjures uiteengesit deur bekende Afrikaners soos di. J. Reyneke en J. G. Strydom, proff. N. J. Olivier, B. I. C. van Eeden, P. J. Coertze, W. P. de Villiers, G. B. A. Gerdenier, L. J. du Plessis, J. D. du Toit, P. J. Schoeman, A. C. Cilliers, dr. J. D. Vorster, F. J. Language, P. van Biljon, S. Pauw, W. W. M. Eiselen, N. Diedrichs en M. D. C. de W. Nel.³

Die rol van die Afrikaner-Broederbond

Die organisasie wat waarskynlik die meeste bygedra het tot die koördinerende van Afrikanerdenke en -standpunte oor die rassevraagstuk was die Afrikaner-Broederbond (AB). In die woorde van P. J. Meyer: 'Die AB [het] ook die belangrike voorbereidingswerk gedoen vir die grondig-wetenskaplike formulering en bekendstelling van die Afrikaner se beleid van afsonderlike ontwikkeling as grondslag vir die gesonde naasbestaan van die blanke en nie-blanke volksgemeenskappe van ons land.'⁴ Sedert die dertigerjare het die invloed van akademici in die AB toegeneem en feitlik al die belangrike Afrikaner-intellektuele wat in die dertiger- en veertigerjare 'n studie van die rassevraagstuk gemaak het en hulle daarvoor uitgespreek het, was lede van die AB. Daarbenewens was die kultuurliggame wat konferensies oor die vraagstuk gereël het, frontorganisasies van die AB.

Dit was ook die AB wat in 1933/34 sterk standpunt teen koalisie en samesmelting ingeneem het en geloofwaardigheid aan die 'Gesuiwerde' Nasionale Party by die Afrikaner gegee het. Binne die AB, waarvan die ideologiese swaartepunt in die noorde geleë was, het veral die Potchefstroomse Calviniste 'n toonaangewende rol gespeel. Kort na koalisie het die Calvinistiese blad *Koers*, wat in Potchefstroom uitgegee is, sy verskyning gemaak. Dié blad sou in die daaropvolgende jare 'n ideologiese rigtingwyser vir talle denkende Afrikaners word.⁵

Reeds in die dertigerjare het die AB standpunte oor die rassevraagstuk geformuleer wat jare daarna steeds die grondslag van Afrikanerdenke sou vorm. In 1933 het 'n UR-komitee in 'n verslag aanbeveel dat massasegregasie dadelik as regeringsbeleid aanvaar moes word, maar dat daar ook voldoende grond beskikbaar gestel moes word waar swartes afsonderlik van blankes selfstandig op alle lewensterreine kon ontwikkel. Die verslag het beklemtoon dat swartes wat uit hul eie gebiede na blanke gebiede wou gaan om werk te soek sonder hul gesinne moes gaan en dat verstedelike swartes (wat in elk geval aangemoedig moes word om hulle in hul eie gebiede te vestig) in afsonderlike woonbuurte moes woon. By 'n ander geleentheid (ook in die dertigerjare) het die Bondsraad hom ten gunste van aparte woonbuurte en teen gemengde huwelike en universiteite uitgespreek. Swart onderwys het ook heelwat aandag ontvang en die AB het die beginsel van moedertaalonderwys sterk ondersteun. Daarby sou dit ook doelgerigte pogings aanwend om die Afrikaanse 'gedagtegang' beter aan die swartes, 'kleurlinge' en Indiërs bekend te maak.⁶

Die AB het meer konkrete resultate verlang. In 1940 het die UR aan sy rassevraagstukkommissie opdrag gegee om die moontlikheid van 'n volkskongres te ondersoek. 'n Kommissie vir Rassestudie, bestaande uit hoofsaaklik UR-lede en lede van die Suid-Afrikaanse Bond vir Rassestudie, het gevolglik onder beskerming van die FAK 'n kongres gereël. Onder die lede van die kommissie het proff. G. Cronjé (sameroeper), J. A. Engelbrecht, A. J. H. van der Walt, P. J. Schoeman en dr. N. Diederichs getel.⁷ Die Volkskongres oor die Rassebeleid van die Afrikaner het op 29 en 30 September 1944 in Bloemfontein plaasgevind. By daardie geleentheid is referate gelewer deur E. G. Jansen oor 'Die historiese en prinsipiële grondslae van die Afrikanerbeleid t.o.v. Nie-blankes', J. D. du Toit oor 'Die godsdienstige grondslae van die rassebeleid van die Afrikaner', G. Cronjé oor 'Die vraagstuk van bloedvermenging' en J. H. Greyvenstein en ds. J. G. Strydom oor 'Die Afrikaner se sendingbeleid'. Daar is in hierdie referate tot die slotsom gekom dat gelykstelling tussen blank en 'nie-blank' noodlottig vir die blanke sou wees; dat bloedvermenging (volgens 'wetenskaplike bewyse') nadelig was vir swart en wit en dus vermy moes word; dat die Bybel dit duidelik stel dat God vanaf die skepping voorsiening gemaak het vir verskillende nasies en dat rasse-skeiding in Suid-Afrika dus geregverdig was. Die besluite van die kongres was dan ook in ooreenstemming met hierdie referate, en in 'n omvattende verslag is toekomstige riglyne uitgestippel vir 'n politieke, maatskaplike en ekonomiese bestel wat voorsiening sou maak vir 'n beleid van rassesekeiding. Hoewel die besonderhede nie uitgespel is nie, het die gedagte van afsonderlike gebiede vir swartes waar hulle hul aspirasies op alle lewensterreine sou kon uitleef, duidelik na vore getree.⁸ Daar is 'n baie sterk ooreenstemming tussen dié verslag en die verslag van die Kleurvraagstuk-kommissie van die HNP (Sauer-verslag) wat enkele jare later sou verskyn.

Drie jaar later, in 1947, het die AB se Bondsraad besondere aandag aan die rassevraagstuk gewy en aan die UR opdrag gegee om 'n liggaam te stig wat 'n studie sou maak van die rassevraagstuk en sy bevindinge onder die algemene publiek sou versprei. Dit het saamgeval met 'n soortgelyke voorneme van die Transvaalse NG Kerk en 'n aantal Stellenbosse akademië, maar die AB het daarin geslaag om al dié pogings te koördineer en dit het uiteindelik uitgeloop op die stigting van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (Sabra) in die tweede helfte van 1948. Daarmee het Afrikaner-intellektuele hul kragte saamgesnoer om hul denke oor die rassevraagstuk te sistematiseer en kennis daaromtrent te versprei. Sommige van die stigterslede was vooraanstaande Afrika-

ners soos E. G. Jansen, W. Nicol, H. B. Thom, B. I. C. van Eeden, J. C. van Rooy, M. D. C. de W. Nel en J. H. Viljoen.⁹

Afrikaner-apartheidsdenkers in die veertigerjare

Die werk wat Afrikaner-akademici gelewer het, was van besondere belang in die uitkristallisering van apartheid. Die konsep van eie swart vaderlande is veral deur volkekundiges neergelê en verder uitgebou. In hierdie verband was die invloed van W. W. M. Eiselen duidelik merkbaar. Eiselen – volgens Moodie die hoofargitek van die Afrikaner-Broederbond se teorie oor aparte ontwikkeling – was die seun van 'n Berlynse sendeling. Hy het aan die Universiteit van Berlyn en Hamburg gestudeer en in Hamburg onder die invloed van die volksorganiese opvatting en die funksionalisme¹⁰ gekom. Aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy die Departement Bantoe-kunde gestig en later professor geword het, het hy sterk invloed op sy studente uitgeoefen en heelwat van hulle het later ook ondersteuners van die apartheidsbeleid geword. Dit is ook daar waar hy H. F. Verwoerd ontmoet het en gevind het dat hulle dieselfde standpunt oor die rassevraagstuk gehuldig het. Eiselen was later ook hoofinspekteur van Naturelleonderwys van die Transvaalse Onderwysdepartement en professor in volkekunde aan die Universiteit van Pretoria.¹¹ Na die bewindsoornamme van die HNP in 1948 sou hy as Sekretaris van Naturellesake 'n belangrike rol speel in die regering se nuwe bestel vir swartes.

Geoff Cronjé, professor in sosiologie aan die Universiteit van Pretoria, se werk het sedert die middel-veertigerjare in invloed toegeneem.¹² Sy boek *'n Tuiste vir die nageslag: die blywende oplossing van Suid-Afrika se rassevraagstukke* (Johannesburg, 1945) was die eerste omvattende beleidsuiteensetting van die apartheidsidee in boekvorm. Daarna het hy ook drie verdere werke oor die onderwerp gepubliseer, *Afrika sonder die Asiat* – *die blywende oplossing van Suid-Afrika se Asiatevraagstuk* (Johannesburg, 1946), *Regverdige rasse-apartheid* (Stellenbosch, 1947) en *Voogdyskap en apartheid* (Pretoria, 1948). Cronjé het die gedagtes wat in die verslag van die Volkskongres van 1944 vasgelê is, verder uitgebou en omskryf. Maar hy het ook probeer om dié Afrikaner te bereik wat nie veel meer as tydskrifte en koerante gelees het nie deurdat hy sy rassebeskouing in 'n aantal populêre artikels uiteengesit het.¹³ Daarbenewens is sy boek *'n Tuiste vir die nageslag* landwyd deur Afrikanerorganisasies bespreek en bepaald ook deur die AB.¹⁴ Dit was, in W. A. de Klerk se woorde, 'immensely important in the translation into political terms of the concept of

the nation, with its full implications for the multinational situation in South Africa: and also in the formulation of the new socio-political ideal as "practical politics".¹⁵

Hoewel Cronjé dus by wyse van sy vaardige pen 'n besliste invloed uitgeoefen het, was hy skynbaar nie geneë om prakties mee te werk aan 'n formulering van 'n rassebeleid vir die HNP nie. Van al die Afrikanervakkundiges wat genader is om in subkomitees van die Kleurvraagstukkommissie (Sauer-kommissie) te dien, was hy die enigste wat nie sy weg oopgesien het om in 'n komitee te dien nie. Aan De Wet Nel het hy geskryf dat die enigste bydrae wat hy op daardie tydstip (Augustus 1947) kon lewer, vervat was in twee boeke, *'n Tuiste vir die nageslag en Afrika sonder die Asiaat*. Sy brief is in 'n formele trant geskryf, en die aanhef lui 'Waarde Heer' – asof hy nie op persoonlike voet met Nel verkeer het nie.¹⁶ Dit is bepaald vreemd dat Cronjé, wat in vele opsigte in Afrikanergeleedere 'n intellektuele leierskaprol vervul het, nie aktief met so 'n belangrike kommissie soos die Sauer-kommissie saamgewerk het nie.

In verskeie opsigte het die idees van die Stellenbosse volkekundiges P. J. Schoeman,¹⁷ P. J. Coertze, F. J. Language en B. I. C. van Eeden¹⁸ met dié van Cronjé en Eiselen ooreengestem. Schoeman en Eiselen het 'n hoë premie geplaas op die selfbeskikkingsreg van swart volke met die ideaal dat eie vaderlande vir elke volk geskep moes word.¹⁹ Die natuurlike verskille tussen mense was volgens hulle 'n gegewe werklikheid en elke volk behoort volgens eie aard te ontwikkel (Coertze e.a.).²⁰ Cronjé²¹ en Schoeman²² was dit eens dat 'n beleid van gelykstelling in Suid-Afrika ondenkbaar was. Indien blanke voortbestaan verseker wou word, sou daar toegesien moes word dat bloedvermenging nie plaasvind nie. Dit was slegs moontlik deur 'n beleid van skeiding (Cronjé).²³

Swart volke het die potensiaal om te ontwikkel, maar blanke voogdyskap was 'n vereiste. Die 'Boerenasie' (soos Coertze, Language en Van Eeden, asook Schoeman na die Afrikaner verwys het) was bestem om in Suid-Afrika leiding te gee wat die formulering van 'n rassebeleid betref. Daar het dus 'n historiese verantwoordelikheid op die skouers van die Afrikaner gerus (Coertze e.a., Cronjé).²⁴ Waar Cronjé sonder omhaal van woorde die geestelike superioriteit van die blanke as hoofrede genoem het waarom blanke leiding in die formulering en toepassing van 'n rassebeleid noodsaaklik was,²⁵ was daar 'n klemverskil by Eiselen. Anders as Cronjé en andere het hy nie die mening gehuldig dat swartmense 'n eeuelange intellektuele agterstand gehad het nie. Eiselen se siening was

dat die swartmense se ekonomiese, sosiale en politieke vooruitgang binne die bestaande stelsel (segregasie) deur die witman belemmer is. Om daardie rede het Eiselen ook nie die Fagan-verslag onderskryf nie, omdat dit nie wou aanvaar dat die swartmense die potensiaal gehad het om self nywerhede in swart gebiede te vestig nie. Dié verslag én diegene wat teen skeiding gekant was, wou inderdaad die bestaande tegniek van wit oorheersing bestendig.²⁶

Bogenoemde Afrikanerdenkers het die bestaande beleid van 'plaaslike segregasie' verwerp en streng territoriale skeiding in plaas daarvan voorgestel. Dit moes egter ook 'n skeiding wees wat die swartes se totale volkslewe sou omsluit. 'Ons beleid is dus een van radikale en totale apartheid,' het Coertze en sy Stellenbosse kollegas geskryf.²⁷ Schoeman het drie kerngebiede onderskei wat hy as lewensvatbare 'reserwes' vir swartes beskou het: Swaziland en Zoeloeland (met aangrensende stroke in Transvaal en Natal); die Transkeigebiede en Basoetoland (met moontlike aangrensende stroke in Kaapland en die Vrystaat); en Betsjoeanaland (met moontlike aangrensende stroke in Transvaal en Kaapland). Hierdie drie voorgestelde reserwate sou 'n oppervlakte van ongeveer 24 miljoen morge 'goeie grond' beslaan.²⁸

Coertze en sy kollegas het daarop gewys dat die proses van skeiding en verplasing van swartes geleidelik moes plaasvind omdat ekonomiese omstandighede meegebring het dat swartes nog vir 'n geruime tyd werk- en woonplek onder blankes sou moes vind. Sulke swartes sou apart van blankes lewe, maar die ideaal moes wees dat hulle ook uiteindelik in hul stamverband teruggeplaas moes word.²⁹ In eie, afsonderlike swart gebiede (vaderlande) moes die onderskeie swart volke se stamstelsels uitgebou word. 'Kulturele selfdeterminisme' was volgens Schoeman die sleutelwoord. Hoewel blanke leiding noodsaaklik was, behoort die swarte nie alle inisiatief ontnem te word nie. Ook Cronjé het voogdyskap as tydelik gesien totdat die swartes rypheid bereik het.³⁰

Dit was veral die Stellenbosse volkekundiges Coertze, Language en Van Eeden wat uitvoerige riglyne vir die ontwikkeling van die stamstelsel op maatskaplike, politieke, onderwys- en godsdienstige terrein aangedui het. Ontstamming is as besonder nadelig vir die swartes beskou, omdat dit volgens hierdie volkekundiges 'n gees van individualisme, egosentrisme en 'n gebrek aan maatskaplike verantwoordelikheid by die swartes laat posvat het. Op politieke gebied moes die bestaande stelsel waarvolgens swartes verteenwoordiging in blanke bestuursliggame geeniet het, afgeskaf word. Swartes moes polities afsonderlik in hul eie

gebiede ontwikkel, met die klem op die uitbouing en verbetering van die stamstelsel. Kapteins en rade sou verantwoordelik wees vir die beheer van stamaangeleenthede, terwyl Bantoereg in die stamlewe herstel moes word en kapteins vir die regspleging verantwoordelik sou wees. Fondse sou ook deur die stam geïen moes word. Blanke toesig was egter noodsaaklik; daarom moes 'n blanke kommissaris verantwoordelikheid aanvaar vir die administrasie van 'n streek waarin swart stamme woon. 'n Staatsdepartement moes verder geskep word om swartes se belange te behartig, asook 'n etnologiese instituut wat deur middel van navorsing die departement van kundige advies kon bedien. Maatskaplike dienste in swart gebiede was die verantwoordelikheid van die blanke.³¹

Swart onderwys moes kultuurgebonde wees en behoort dus by die volkseie aangepas te word, maar blanke toesig oor die uitvoering van beleid was noodsaaklik (Schoeman en Coertze e.a.).³² Wat godsdiens betref, moes Coertze en sy kollegas toegee dat daar in die tradisionele religie van die swarte min was waarby aansluiting gevind kon word. Sendingwerk onder swartes sou met geduld beoefen moes word en daar sou gewaak moes word dat die sending nie in 'vreemde' hande val wat die Afrikaner nie goedgesind was nie.³³ Hierdie argument is klaarblyklik 'n verwysing na die Engelse kerke en sendinggenootskappe wat 'n hoë premie op die gelykheid van mense geplaas het.

Op ekonomiese terrein is gebrekkige grondgebied, rooibou, oorbeveiding, en so meer, as akute probleme vir swartes geïdentifiseer. Die instelling van afsonderlike gebiede, die reorganisasie van die swartes se ekonomiese stelsel (insluitende die rehabilitasie van bestaande reservate) en die stelselmatige uitskakeling van die swartes uit die blankes se ekonomiese stelsel is as 'n moontlike oplossing voorgelê.³⁴ Eiselen het groter buigzaamheid van denke aan die dag gelê in sy standpunt dat swartes nie noodwendig almal boere in 'n eie vaderland moes wees nie, en dat sekondêre nywerhede nie noodwendig gesentraliseer en in of naby blanke dorpe geleë moes wees nie. Dit was volgens hom ook belangrik dat grond waarop swartes boer, behoorlik benut moes word. Swartes, so het Eiselen aangevoer, was wel in staat om doeltreffend te boer. 'n Goeie bewys hiervan was 'n swart gebied in die Lichtenburgse distrik waar swart boere groter ooste gemaak het as blankes wat voor hulle daar geboer het.³⁵

'n Netelige vraagstuk was die kwessie van blanke afhanklikheid van swart arbeid. Eiselen het erken dat die blanke ekonomie volkome afhanklik van swart arbeid was. In die uitvoering van ekonomiese apart-

heid sou daar dus met hierdie feit rekening gehou moes word. Die oplossing het vir sowel Schoeman as Eiselen in die geleidelike skeiding van wit en swart gelê. Schoeman het egter bygevoeg dat blanke boere hul boerdery so sou moes inrig dat hulle met minder ongeskoolde swart werkers kon klaarkom. Ook Cronjé het gewaarsku dat die Afrikaner sou moes leer om minder afhanklik van swart arbeid te wees. Daar moes beter gebruik gemaak word van eie werkkragte, 'n groter mate van meganisering sou moes plaasvind en 'n 'verstandige' immigrasiebeleid moes toegepas word.³⁶

Nog 'n belangrike saak was die billikheid van die beoogde beleid van apartheid en hoe aanvaarbaar dit vir swartes sou wees, veral vir die geleerde en ontstamde swartes. Cronjé en Schoeman was dit eens dat 'n regverdige, billike oplossing vir die rassevraagstuk gevind moes word. Cronjé het ook nadruklik ontken dat apartheid in enige opsig onderdrukkend was. Hy het die liberale rassebeskouing van Suid-Afrikaners soos Hoernlé ontleed en die gevolgtrekking gemaak dat 'n liberale rassebeleid geen duidelike rigting het nie. Eiselen het gemeen dat skeiding nie 'n onbereikbare ideaal was nie en dat die opoffering vir wit en swart nie te hoog kon wees in ruil vir die verlossing van die euwels van die bestaande 'kastestelsel' nie. Die swartman, het Eiselen verduidelik, het ook 'n rasse- en tradisietrots. Indien hy sou merk dat hy in sy eie gebied daardie posisies of ambagte beklee wat vroeër in die 'wit' gebiede die monopolie van sy wit heerser was, sou hy apartheid aanvaar. Schoeman het hierdie bykans blinde idealisme gedeel. Toestande in die reservate moes vir die swartes aantreklik gemaak word sodat dit vir hulle 'n aanvaarbare tuiste sou wees. Ontstamdes sou deur die regte 'stamopvoeding' weer stamvas gemaak word, terwyl die geleerde swartes moes kon help om hul eie mense op te hef. 'Elke geleerde naturel behoort dit as sy hoogste en enigste roeping te voel,'³⁷ het Schoeman geskryf. Geen melding is in enige van hierdie vakkundiges se werk gemaak van die sienswyses van 'n Z. K. Matthews, A. B. Xuma, Jordan Ngubane, J. S. Moroka, Albert Luthuli, Anton Lembede en ander nie. Geen balansstaat is opgestel om naasteby te bereken hoeveel ontwikkelde swartes beïnvloed sou moes word om in afsonderlike swart gebiede hul eie mense te gaan ophef nie; nog minder is die moontlikheid om met enige swart intellektuele te beraadslaag êrens genoem.

In die idees van Eiselen, Cronjé, Schoeman en Coertze, Language en Van Eeden was veral vier gemeenskaplike trekke: eerstens is daar sterk klem op etniese verband gelê, wat natuurlik ook tot 'n politieke oplossing vir die rassevraagstuk sou bydra deurdat swartes verhoed sou word

om kollektief op te tree. Tweedens het die beleid, in teenstelling met die bestaande segregasiebeleid, totale skeiding op alle gebiede behels en dit sou ook die totale lewe van die swartmens raak. Derdens was dit sterk paternalisties, nie net omdat die uitvoering van rassebeleid vir 'n onbepaalde tyd in blanke hande sou wees nie, maar ook omdat blanke Afrikaners hul Christelik-nasionale lewensbeskouing op die bestuursinstellings en die maatskaplike lewe van die swartes sou afdruk. In die laaste instansie is dit gekenmerk deur betreklik nuwe denke oor die ekonomiese realiteite van swart gebiede. Oor die uitvoerbaarheid van en koste verbonde aan die beleid van apartheid verneem 'n mens min in die denke van hierdie akademici.

Dit is opvallend dat terwyl Eiselen die Smuts-regering se rassebeleid as nadelig vir veral die swartes beskou het, Cronjé en ander dit hoofsaaklik as nadelig vir die blanke beskou het. Anders gestel, waar die blanke (volgens Cronjé) die grootste baat by apartheid sou vind, sou dit volgens Eiselen eintlik die swarte wees wat daardeur bevoordeel sou word. Juis in hierdie verskil lê die verleidelikheid van Eiselen se teoretiese uitgangspunt. Hy kon naamlik die groot swakheid van die bestaande segregasiebeleid duidelik uitwys – die feit dat die swarte in blanke gebied van geleenthede ontnem is. In der waarheid was dit 'n variasie van die ou argument wat Hoernlé vroeër genoem maar onuitvoerbaar gevind het, naamlik dat in algehele skeiding (ook ter wille van die swartman) die oplossing vir die rassevraagstuk gelê het.

Cronjé het hom ook oor die stedelike swartes, die 'kleurlinge' en Asiate uitgespreek. Die stedelike swartes moes afsonderlik van die blanke in eie woongebiede en volgens etniese verband woon. Die 'kleurlinge' het hy as 'n onderskeibare ras beskou, en nie as 'n aanhangsel van die blanke nie. In hul eie belang (en in dié van die blanke) moes die 'kleurlinge' as 'n aparte groep tot 'n volk ontwikkel. Ten opsigte van die Indiërs het hy min verdraagsaamheid aan die dag gelê en die feit dat Indiërs nie lank tevore gerepatrieer is nie as 'n fout beskou. Die nageslag moes veral op handelsgebied teen die 'bedreiging' van die Asiaat 'gevreem word'. Cronjé het algehele gebiedskeiding as die beste onmiddellike antwoord en algehele repatriasie as die enigste blywende oplossing vir dié 'vraagstuk' beskou.³⁸

Afrikanernasionalisme en apartheid

Die opbloeï van Afrikanernasionalisme in die laat dertiger- en veertigerjare het bygedra om die apartheidsfilosofie te bestendig. Hierdie ople-

wing het uit sowel etniese as materiële oorwegings gespruit. Aan die begin van die dertigerjare het die Afrikanerwerker beskerming geniet teen goedkoop swart arbeid vanweë die Pakt se arbeidswetgewing. Die Hertzog-regering het ook in die twintigerjare die belange van Afrikaans aktief bevorder, terwyl die Afrikaner reeds verseker was van 'n stewige vastrapplek in die politieke besluitneming. Op ekonomiese gebied het die Afrikaner egter steeds 'n agterstand gehad, en die samesmelting tussen Hertzog en Smuts se partye het nie aan hom 'n bevoorregte posisie op verskillende lewensterreine verseker nie.

Teen hierdie agtergrond het Afrikaanse kultuur- en sakeleiers in die dertigerjare met 'n veldtog begin om die Afrikaner ekonomies op te hef. Die Afrikaner-Broederbond (AB) het deur middel van sy openbare instrumente soos die Reddingsdaadbond (RDB), Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), Blankewerkersbeskermingsbond en ander 'n deurslaggewende rol in hierdie opheffingspoging gespeel. Na die Ekonomiese Volkskongres van 1939 het die RDB, die Ekonomiese Instituut van die FAK en die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) die leiding geneem in die ekonomiese beweging. Die belangrike doelwit was om die koopkrag van Afrikaners te koördineer sodat die Afrikaner die handelswêreld in Suid-Afrika kon beheer. Teen die middel van die veertigerjare het die RDB by wyse van ledegeld, premies op 'n lewenspolis en administrasiefooie meer as £150 000 ingesamel. Bykans 'n derde hiervan is later in Federale Volksbeleggings (FVB) en ander Afrikanerbeheerde maatskappye belê. Teen die einde van die veertigerjare het die getal Afrikanerbeheerde besighede in die land verviervoudig, hoewel die meeste daarvan klein, plaaslike ondernemings was. Afrikaner- finansiële instellings soos Sanlam, Volkskas en FVB het egter indrukwekkend gegroei.

Die AB was bekommerd dat klasseverdeling onder die Afrikaners sou voorkom; derhalwe is ook die Afrikanerwerkers georganiseer. So 'n mobilisasie van Afrikanerwerkers sou ook verhoed dat hulle deur die georganiseerde arbeidsbeweging ('on-Afrikaanse' vakbonde en die Arbeidersparty) met 'vreemde ideologieë' ingepalm word. Verskeie organisasies het in dié verband 'n belangrike rol gespeel. In 1936 is die Nasionale Raad van Trustees (NRT) deur dr. Albert Hertzog, P. J. Meyer, N. Diederichs en ander gevorm, hoofsaaklik om regsgeinde vakbonde te stig. Hoewel dié liggaam nie besonder baie vermag het nie, het die Afrikanerbond van Mynwerkers (wat onder die NRT se beskerming gestaan het) en die Bond se opvolger, die Hervormers Organisasie binne die Mynwerkers Unie, daarin geslaag om in 1948 beheer oor die Mynwerkersunie oor te neem. Nog 'n betekenisvolle organisasie was die Blanke-

werkersbeskermingsbond – die arbeidsfront van die Herenigde Nasionale Party – wat in 1944 tot stand gekom het. Hierdie organisasie het volgens die organiseerders teen 'liberaliste' en 'kommuniste' geveg ter wille van die behoud van die 'Christendom' en die 'blanke beskawing'.³⁹ Hoewel die apartheidsgedagte implisiet in die ekonomiese beweging was (O'Meara verklaar dit as 'n skepping om die kapitalistiese klas onder die Afrikaner te dien) het nasionale identiteit in die evolusie van die apartheidsidee 'n groter rol gespeel. Nasionaalisme stimuleer gewoonlik die drang na selfbehoud by volke, en omdat die apartheidsfilosofie hom binne die Suid-Afrikaanse rassekonteks as 'n waarborg vir blanke en Afrikaneridentiteit aangebied het, het dit aanklank by elke Afrikaner gevind. Die bewaring van die 'blanke beskawing' is geassosieer met die voortbestaan van die Afrikaner en die gedagte dat dit God se wil was dat die Afrikaner in die land voortbestaan was 'n tema van Geloftedagtoesprake regdeur die veertigerjare.⁴⁰ Die apartheidsidee het sodoende deel van die Afrikanervolksbeweging van dié tyd geword.

Afrikaner-intellektuele, waaronder N. Diederichs, P. J. Meyer, Geoff Cronjé, H. F. Verwoerd en J. de W. Keyter, het reeds in die vorige dekade die ideologiese grondslag van 'n afsonderlike Afrikanernasionalisme gelê en die uiteindelijke heerskappy daarvan in Suid-Afrika aktief gepropageer. Hulle het dikwels Afrikaanse organisasies toegesprek en hul toesprake is omvattend deur Afrikaanse koerante gedek. Ook die jong Afrikanerstudente is deur die stigting van die Afrikaanse Nasionale Studentebond (ANS) in 1935 binne dié Afrikanerdenkers se invloedssfeer gebring. Die ANS se spesifieke oogmerk was om die idee van 'n afsonderlike Afrikanernasie met 'n eie roeping uit te dra. Spoedig het Diederichs en Cronjé die organisasie onder hulle vleuels geneem, terwyl daar gereeld artikels in die ANS se maandblad verskyn het wat die nuwe beweging se gedagtes bekend gestel het. In die oorlogsjare het Diederichs, Cronjé, Keyter en Meyer 'n reeks boekies onder die titel *Die Tweede Trek Reeks* geredigeer en ook daarin Afrikanernasionalisme verder versprei.⁴¹ Bekende Afrikaners soos Meyer, A. J. H. van der Walt, C. H. de Wet en ander het ook gereeld in *Wapenskou*, amptelike orgaan van die 'Afrikaanse jeugbeweging', artikels oor die Afrikaner en sy kultuur geskryf. Dit is opvallend dat die blad dikwels die term 'volksbeweging' gebruik het. In die veertigerjare het Diederichs, Meyer en Cronjé se werk die idees van die 'nuwe intellektuele élite' (soos W. A. de Klerk⁴² hierdie Afrikanerdenkers genoem het) waarskynlik die beste verwoord. Waar Diederichs en Meyer hoofsaaklik die plek en taak van die Afrikanervolk aangedui het, het Cronjé hom op die rassevraagstuk toegespits.

Vir Diederichs en Meyer was menswees slegs volkome as die individu lid van 'n volk was (Diederichs het die term 'nasie' in 1936 gebruik). Die mens is deur God geroep om lid van 'n volk (nasie) te wees; derhalwe het die belange van die nasie bokant dié van die individu gestaan. Liberalisme en die leer van gelykstelling is verwerp; Meyer het dit trouens as die grootste vyand van die Afrikanerdom beskou. Diederichs het hom ook teen die leer van die kosmopolitisme uitgespreek omdat dit die individu as volgroeiende, selfstandige wese erken het, maar die reg en noodwendigheid van die bestaan van nasies ontken het. Hierteenoor het nasionalisme – wat die noodwendigheid en noodsaaklikheid van die bestaan van nasies en nasionale onderskeide eerbiedig – gestaan. Meyer het die historiese faktore in die vorming van die Afrikanerdom van groot betekenis geag. Hy het die volgende noodsaaklike elemente in die Afrikaner se nasionale lewe onderskei: die patriargale familie, die republikeinse regeringsvorm, voogdyskap oor die swartes, onderdanigheid aan God, algemene ekonomiese welstand, Christelik-nasionale opvoeding (veranker in die Calvinisme), en 'n eiesoortige etniese kuns en wetenskap.⁴³

Die feit dat talle Afrikaners gedurende die Tweede Wêreldoorlog sterk Duitse simpatieë gehad het en dat verskeie Afrikaner-intellektuele in die dertigerjare in Hitler se Duitsland gestudeer het, laat die vraag ontstaan watter moontlike invloed die nasionaal-sosialistiese ideologie op Afrikanerdenke kon uitgeoefen het. 'n Aantal antwoorde is reeds op dié vraag gebied.⁴⁴ In een van die meer gesofistikeerde ontledings wat Afrikanernasionalisme en apartheid direk aan nasionaal-sosialisme koppel, voer Allister Sparks in sy werk *The mind of South Africa* 'n aantal argumente aan wat, oppervlakkig beskou, betreklik oortuigend voorkom. Volgens Sparks het apartheid en nasionaal-sosialisme dieselfde oorsprong. Dit rig dieselfde appèl tot die emosie en het dieselfde gemeenskaplike vyande: kapitalisme, kommunisme en liberalisme. Sparks sonder Diederichs, Meyer, Cronjé en Verwoerd uit as die Afrikaners wat waarskynlik die belangrikste rol gespeel het in die ontwikkeling van die apartheidsideologie. Al vier het in Duitsland gedurende die Nazi-bewind gestudeer. In die werke van Fichte, Herder, Schleiermacher, Schlegel en ander het hierdie Afrikaners, volgens Sparks, intellektuele regverdiging gevind vir hulle idees oor volk, ras en nasie. Ook die Duitse Nasionaal-Sosialiste het hierin inspirasie gevind. Op politieke gebied was die verskille tussen D. F. Malan se NP en die Ossewa-Brandwag bloot pragmaties, nie ideologies nie. Sparks is oortuig dat dit sowel die idees as die styl van die nasionaal-sosialisme was wat die Afrikaner aangegryp het. Om

dit te staaf, verwys hy na die opwelling van Afrikanernasionalisme tydens die Ossewatrek van 1938.⁴⁵

Sparks se gevolgtrekkings moet egter bevraagteken word. In die eerste plek is dit te betwyfel of Diederichs en Meyer as sleutelfigure in die formulering van die apartheidsbeleid beskou kan word. Albei het hulle hoofsaaklik met die ontwikkeling van die Afrikaner en Afrikanernasionalisme besig gehou en het meestal terloopse verwysings na die swartes en afsonderlikheid gemaak, maar dit is gedoen binne die raamwerk van hul betoog vir 'n selfstandige, onafhanklike Afrikanervolk.

Oor die Afrikaner se vatbaarheid vir nasionaal-sosialisme is al heelwat debat gevoer en daar is nog nie finale antwoorde gegee nie. Om, soos Sparks, in die emosionele opwelling van 1938 'n analogie tussen Afrikanernasionalisme en Duitse nasionaal-sosialisme te sien, is in sekerre opsigte vergesog. Verskeie ander invloede binne Suid-Afrika het baie sterk op die Afrikaner ingewerk. Een hiervan was 'n diepgewortelde anti-Britse gevoel, wat Sparks nie belangrik genoeg ag nie. Daarby sou verskeie inherente historiese verskille tussen die Afrikaner se lewensbeskouing en dié van die Duitse nasionaal-sosialisme gevoeg kon word: die invloed van Calvinisme op die Afrikaner is byvoorbeeld een so 'n fundamentele verskil.

Daar kan nie ontken word nie dat sommige aspekte van Afrikanernasionalisme met die nasionaal-sosialisme en fascisme ooreenstem. Een voorbeeld hiervan is die bykans fanatiese afkerigheid van die liberalisme en 'n verheerliking van die organiese volksgedagte (veral deur Meyer). Nog 'n voorbeeld is die opvatting dat die individu ondergeskik is aan die volk (nasie), wat byvoorbeeld deur Diederichs en Meyer gehuldig is. Verdere voorbeelde kan gevind word in die konsep-grondwet vir 'n toekomstige republiek in Suid-Afrika wat in 1941 verskyn het en deur die Afrikaner-Broederbond geïnisieer is. Laasgenoemde organisasie was aan die begin van die veertigerjare ontnugter met die parlementêre stelsel wat volgens sommige Afrikaner-intellektuele die produk was van liberale Anglo-Saksiese ideologieë. In die plek daarvan is 'n outokratiese regeeringsvorm sonder politieke partye, soos in Paul Kruger se republiek, in die vooruitsig gestel. In die konsep-grondwet is byvoorbeeld voorsiening gemaak vir die verteenwoordiging van mense volgens hulle beroepe, 'n idee wat ooreenstemming toon met die fascisme. Afrikaneroorheersing is duidelik uitgespel. Daarby is die anti-Joodse sentimente van die nasionaal-sosialistiese, ekstremistiese organisasies soos die Gryshemde, Bruinhemde en Swarthemde en selfs verskeie Nasionale Party-leiers

nie in 'n inheemse anti-Semitiese tradisie gewortel nie, maar het saamgeval met die Derde Ryk se veroordeling van en optrede teen Jode. Afgesien van die sogenaamde Hempbewegings, die Ossewa-Brandwag en die Nuwe Orde, het talle Nasionaliste sterk Duitse simpatieë gekoester, en het die Nasionale Party as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog meer radikaal geword, soos die historikus Patrick Furlong aangedui het.⁴⁶

Dit beteken egter nie dat Afrikanernasionalisme in sy totaliteit, en by implikasie ook die beleid van apartheid, deur die nasionaal-sosialisme of fascisme geïnspireer is nie. Daar was byvoorbeeld belangrike verskille tussen die Christelik-nasionale strewe van die Afrikaner en dié van die Duitsers. Die Duitse beweging het in die Derde Ryk 'n belangrike bondgenoot gesien in sy poging om die Duitse kerk op te bou. Bloedsuiwerheid en die nasionaal-sosialisme is as die wil van God vertolk, terwyl Hitler feitlik as heilige verklaar is. Hierdie sienswyse het met die Calvinistiese beskouing van die Afrikaner gebots. Om politieke leiers, ras en bloed te verheerlik was vir die Afrikaner onaanvaarbaar omdat dit die soewereiniteit van God aangetas het. Calvinistiese skrywers soos J. D. Vorster en A. J. H. van der Walt het hulle duidelik hieroor uitgelat.⁴⁷

Selfs die gedagtes van skrywers wat sterk met die nasionaal-sosialisme geassosieer word, verskil in belangrike opsigte met laasgenoemde. Diederichs het byvoorbeeld die teorie van rassuiwerheid verwerp⁴⁸ en nie soos die nasionaal-sosialisme die staat bokant die individu verhef nie. 'Om die politiek tot die hoogste te maak, beteken ook om die staat tot die hoogste te maak. Maar ook dit is verkeerd. Die staat is nie die hoogste in die samelewing nie; die staat is geen doel op sigself nie,'⁴⁹ het hy geskryf. Meyer put sy besieling vir die 'volksarbeid en volkstaak' van die Afrikaner nie uit die Duitse nasionaal-sosialisme of die fascisme nie maar uit die verlede van die Afrikaner, en veral uit die ideale van Kruger.⁵⁰

Dit sou ook verkeerd wees om die invloed van Afrikaner-ideoloë wat nasionaal-sosialistiese idees gekoester het, te oorskat. Veral Diederichs en Meyer se werke is besonder filosofies van aard en is nie maklik verteerbare leesstof nie. Hulle idees is nooit in so 'n mate gepopulariseer dat dit die Afrikanermassas sou meevoer nie. Afgesien daarvan bestaan daar ook bewyse dat nie alle Afrikaner-intellektuele deur die nasionaal-sosialisme geïnspireer is nie. Die invloedryke *Die Burger* het byvoorbeeld deurentyd betreklik krities teenoor die Duitse nasionaal-sosialisme gestaan.⁵¹

Oor die invloed van nasionaal-sosialisme op die twee ander Afrikanerideoloë wat Sparks noem, Cronjé en Verwoerd, kan eweneens beden-

kinge uitgespreek word. Ook Dunbar Moodie maak die gevolgtrekking dat Cronjé se idees oor die rassevraagstuk direk uit die nasionaal-sosialisme binne die Ossewa-Brandwag gespruit het. Cronjé se boek *'n Tuiste vir die nageslag* is byvoorbeeld deur die OB-pers uitgegee, en weerspieël volgens Moodie in die eerste plek vrees vir rassevermenging en nie soseer 'n ernstige begeerte om die etniese tradisie van swartmense te bewaar nie.⁵² Moodie se afleiding is egter nie oortuigend nie. Verskeie ander Afrikanerdenkers en -politici (waaronder J. G. Strijdom, E. G. Jansen en M. D. C. de W. Nel) het teen die middel-veertigerjare geen OB-affiliasies meer gehad nie, hoewel hulle rassebeskouings nie wesenlik van dié van Cronjé verskil het nie. In Cronjé se belangrikste geskifte (wat elders bespreek is) en Verwoerd se hoofartikels in *Die Transvaler* kan sekerlik ooreenkomste met die filosofie van die nasionaal-sosialisme gevind word. Daar is byvoorbeeld die beklemtoning van verskille tussen blank en swart (veral deur Cronjé), afkeer van rassevermenging, liberalisme en kommunisme. Maar daar is geen aanduiding dat hierdie standpunte noodwendig aan die nasionaal-sosialisme ontleen is nie.⁵³ Die oplossing wat albei vir die rassevraagstuk aanbied, naamlik totale skeiding in teenstelling met 'plaaslike segregasie', wat vir hulle geen blywende oplossing bied nie, is nie nasionaal-sosialistiese begrippe as sodanig nie.

In teenstelling met Sparks en ander se ontleding van die invloed van nasionaal-sosialisme, kan daar dus afgelei word dat hierdie ideologie nie Afrikanernasionalisme beslissend beïnvloed het nie. Christelik-nasionalisme was die dryfveer agter Afrikanernasionalisme in die dertiger- en veertigerjare en nie nasionaal-sosialisme nie, het Albrecht Hagemann in 'n onlangse studie bevind.⁵⁴ Hierdie bevinding stem ooreen met L. J. du Plessis se standpunt in 1943 oor Calvinisme en nasionaal-sosialisme. Volgens Du Plessis behoort daar by 'n beoordeling van die Calvinis se houding teenoor die nasionaal-sosialisme onderskei te word tussen die spesifiek Duitse nasionaal-sosialisme en die algemene nasionaal-sosialisme. Die spesifiek-Duitse model kan nie deur die Afrikaner-Calvinis aanvaar word nie, hoe simpatiek laasgenoemde ook al teenoor die Duitse nasionaal-sosialisme staan. In die eerste plek is die Duitse model spesifiek Duits en derhalwe volksvreemd; in die tweede plek is dit inherent eerder Luthers, Rooms en humanisties as Calvinisties.⁵⁵

Charles Bloomberg het 'n belangrike aspek aangeroei deur daarop te wys dat daar onderskeid getref behoort te word tussen Afrikanersteun aan Duitsland en die oorneem van Nazi-idees.⁵⁶ Daar hoef geen twyfel te bestaan oor Afrikanersimpatie vir Hitler en sy regime nie. Hierdie simpa-

tie is deur sowel Afrikaner-intellektuele as die gewone Afrikaners gedeel. In 1945, met Hitler reeds beslissend verslaan, het die historikus prof. J. A. Wiid 'n besonder positiewe evaluering van Hitler se buitelandse en binnelandse beleidsrigtings aangebied. Hitler is geprys omdat hy kommunisme verslaan en die boere in Duitsland se posisie verbeter het. Wiid probeer om 'n verklaring te bied vir anti-Semitiese wetgewing, sonder dat hy die uitwissing van die Jode vermeld.⁵⁷ Patrick Furlong maak dus 'n verantwoorde gevolgtrekking as hy skryf dat die Nasionaliste (dit wil sê dié party wat op die lang duur die belange van die nasionaalgesinde Afrikaner behartig het, en ook apartheid in politieke vorm gegiet het) wel aangetrek is deur die materiële vordering wat Duitsland en Italië onder nasionaal-sosialistiese en fascistiese regimes gemaak het, maar dat die Nasionaliste self nie werklik Nazi's geword het nie.⁵⁸

Die rassebeleid wat deur Afrikaner-nasionaliste in die dertiger- en veertigerjare geformuleer is en op apartheid uitgeloop het, was ook nie die produk van die fascisme of nasionaal-sosialisme nie. Dit is wel so dat apartheidsidees van Afrikaner-Calviniste in sommige opsigte met die Duitse sendingfilosofie van die Berlynse en Lutherse Sendinggenootskap ooreenstem (byvoorbeeld die 'volkskerkbegrip', en die klem op die eiesoortigheid van rasse). Daarby het die Duitse sendelinge self in Suid-Afrika 'n invloed op die formulering van die apartheidsbeleid gehad en is hulle filosofie *via* 'n man soos Eiselen in die politiek ingedra. Hierdie sendingfilosofie spruit egter nie uit die fascisme of nasionaal-sosialisme nie, want die idees oor ras en volk is eenvoudig deur die nasionaal-sosialisme oorgeneem.⁵⁹

Die apartheidsbeleid wat in die dertiger- en veertigerjare in Suid-Afrika uitgekristalliseer het, is in die eerste plek gebore uit frustrasie met die bestaande segregasiebeleid wat nie doeltreffende skeiding tussen blank en 'nie-blank' kon bewerkstellig nie en wat nie blanke oppergesag kon waarborg nie. 'n Beleid van totale skeiding – 'n ekstreme vorm van segregasie – was dus vir apartheidsdenkers die oplossing. In die vormingsproses van so 'n beleid het sommige regverdiging gevind in die teologiese opvattinge van die Lutherse en Berlynse sendinggenootskap. Maar die struktuur waarop apartheid gebou is, is dié van segregasie, wat 'n inheemse tradisie was.

Die rol van Afrikaanse kerke

Die Afrikaner se aanvaarding van apartheid is verder vergemaklik deur die houding van verreweg die getalrykste Afrikanerkerk, die NG Kerk,

wat die beginsel van differensiasie ten opsigte van volkere onderskryf het. In die lewe van die Afrikaner het die NG Kerk 'n belangrike plek ingeneem. Dié kerk het tradisioneel die status van 'volkskerk' verwerf, veral vanweë sy bemoeienis met die materiële welvaart van die Afrikaner.⁶⁰ Met die verstedelike Afrikaner het die NG Kerk besondere mededoe gehad, wat meegebring het dat dié kerk se rol in die volksbeweging van die dertiger- en veertigerjare net so belangrik was as in vroeëre jare. Soos die Gereformeerde Kerk, was heelwat toonaangewende NG-teoloë ook aanhangers van Abraham Kuyper se Nederlandse Calvinisme, wat die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring aanvaar het. Dit het aan die Afrikanervolk 'n afsonderlike identiteit toegeken, wat impliseer het dat dit die wil van God was dat dié volk nie deur rassevermenging sou verdwyn nie. Verder het dit ook die beginsel van aparte kerke vir wit, swart en 'kleurling' binne die NG-familie aanvaar.⁶¹

Die 'volkskerk'-gedagte was nie heeltemal uniek aan die NG Kerk nie. Trouens, die grondlegger van die 'Volkschristianisering', Gustav Warneck, het sy belangrikste werk reeds aan die einde van die negentiende eeu gelewer en sy sendingfilosofie is in die VSA en Engeland nagevolg. Die kern van dié filosofie is dat die Christelike kerk op die sendingveld moet verinheems sodat die kerk onlosmaakbaar deel van die volk kan word. In Suid-Afrika is Warneck se werk deur veral Johannes du Plessis verpopulariseer. In ooreenstemming met Warneck se sendingfilosofie het die Berlynse en ander Lutherse sendinggenootskappe geglo dat swart stamme en nie individue nie gekersten moes word en in dié proses het hulle probeer om 'nasionale' of 'volkskerke' te stig. In teenstelling met die Engelse sendinggenootskappe het die Duitsers ook probeer om die Christelike godsdiens in die 'bloed en bodem' van die tradisionele swart gemeenskappe te laat wortel. Die beleid van segregasie was dus vir die Duitsers aanneemlik omdat dit die tradisionele samelewing volgens hulle siening sou help bewaar en sodoende ontstamming – die groot struikelblok vir die 'volkskerk' – sou teëwerk.⁶²

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het NG-kerkleiers reeds die vernaamste beginsels van apartheid aanvaar. Die kerk het voortdurend in stedelike gebiede aandag aan die rassesituasie gegee en was in 1944 sterk verteenwoordig by die groot volkskongres van die FAK oor die rassebeleid van die Afrikaner. Vooraanstaande teoloë van die drie Afrikaanse susterskerke, soos proff. J. D. du Toit, E. P. Groenewald, en drr. J. H. Greyvenstein en W. Nicol, het aparte ontwikkeling as die kerk se standpunt gestel en aangedui dat dit die enigste weg na 'n oplossing vir die rassevraagstuk was. Die NG Kerk se sinode het dié standpunt in

1944 bevestig. Drie jaar later het die NG Kerke 'n volkskongres oor die verstedeliking van die Afrikaner gereël en by hierdie geleentheid is die beleid van rasse-apartheid onderskryf. In Maart 1947 het 'n predikante-konferensie in Pretoria besluit dat aparte ontwikkeling in die beste belang van die swartmense sou wees. Daarna, in 1948, het die NG Kerk in 'n verslag oor apartheid die skriftuurlike regverdiging daarvan probeer aantoon.⁶³

Die idee van apartheid is net so sterk deur die Gereformeerde Kerk uitgedra. Volgens Irving Hexham⁶⁴ was dit die Gereformeerdes in Suid-Afrika wat apartheid gevestig het. Die Gereformeerde Kerk in Nederland, so lui sy argument, het die tradisionele Calvinisme gepredik, wat die soewereiniteit van God op alle terreine erken het. Hierdie Gereformeerdes, wat godsdienstige en kulturele afsonderlikheid in Nederland toegepas het, het die metodisme en liberalisme teengestaan en geglo in die krag van 'n volk se isolasie teen on-Calvinistiese invloede. Die idees van die belangrikste teoretiese denkers van die tyd, Groen van Prinsterer en veral Abraham Kuyper, het grootliks daartoe bygedra dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (wat in 1859 gestig is) 'n Calvinistiese samelewing op Nederlandse model wou skep. Christelik-nasionale politiek is as 'n werkbare model vir Suid-Afrika beskou. Deur middel van isolasie kon die Afrikaner Britse imperialisme sowel as swart oorheersing oorleef.

Na Hertzog se breuk met Botha in 1912 het hy, volgens Hexham, die sterkste steun van die Gereformeerdes (wat Potchefstroom as hul basis gehad het) ontvang. Die Gereformeerde intellektuele van Potchefstroom het Hertzog se beleid van handhawing van Afrikaneridentiteit en sy rassebeleid van afsonderlike ontwikkeling vir swartes aktief ondersteun. Dit was veral Willem Postma en *Het Westen*, 'n tyd lank die enigste Afrikaanse blad in die land, wat rassesseiding deurlopend gepropageer het. Namate die Nasionale Party sterker geword het ná die Rebelle van 1914/15 het die Gereformeerdes se aandeel in die party proporsioneel kleiner geword, maar teen daardie tyd was die neo-Calvinistiese ideologie reeds gevestig en segregasie as beleid deur die Nasionale Party aanvaar. Ten spyte van hul klein getalle het die Gereformeerdes hul invloed in die daaropvolgende dekades veral deur middel van die Afrikaner-Broederbond laat geld en die apartheidsideologie sodoende versterk.⁶⁵

Hexham tas egter mis in sy siening dat die Gereformeerdes apartheid in Suid-Afrika gevestig het. Eerstens was dit nie net die Gereformeerdes wat gedurende die kritieke tydperk toe Hertzog se weë van dié

van die SAP geskei het, skeiding tussen wit en swart verkondig het nie; talle Afrikanerleiers (byvoorbeeld genl. C. R. de Wet tydens die 'Mis-hoopvergadering' in 1912) en koerante wat kort na die stigting van die NP tot stand gekom het, was onbeskaamde en uitgesproke voorstanders van rassesseiding. Tweedens het Afrikaners se besinning oor 'n beleid van algehele skeiding tussen wit en 'nie-wit' in die dertigerjare plaasgevind juis as reaksie teen Hertzog se segregasiebeleid, wat volgens die Bond vir Rassestudie nie meer doeltreffend was om die blanke Afrikaner se identiteit te beskerm nie. Die toenemende swart verstedeliking en militante swart nasionalisme tydens die Tweede Wêreldoorlog het verder gelei tot die uitkristallisering van Afrikaneridees wat deur die Sauer-verslag in 'n vaste vorm gegiet is. Cronjé en Eiselen se opvattinge het in dié verband 'n groter uitwerking gehad as dié van enige Potchefstroomse Gereformeerde. Derdens is dit te betwyfel of die Gereformeerdes se invloed op Nasionale Partybeleid ooit sterker kon gewees het as dié van individuele politici en van die magtige Nasionale Pers. Dat die Potchefstroom-invloed as deel van die Christelik-nasionale beweging deurgaans merkbaar was in die Afrikanerpolitiek, is nie te betwyfel nie. In die finale formulering van die apartheidsbeleid het 'n organisasie soos die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings en sy blad *Koers* (nie deur Hexham vermeld nie) bepaald 'n bydrae gelewer. Die Gereformeerdes se invloed (wat hoofsaaklik van Potchefstroomse intellektuele uitgegaan het) was egter te gelokaliseerd om die deurslaggewende faktor in die nasionale formulering van die apartheidsbeleid te kon wees.

Die Afrikaanse pers

In die verspreiding van die apartheidsidee onder Afrikaners het die Afrikaanse nuusblaaie geen geringe rol gespeel nie. Die Afrikaanse koerante in die Nasionale Pers-groep, asook *Die Transvaler*, *Die Vaderland* (hoewel 'n Afrikanerparty-blad) en die HNP-propagandablade *Die Kruithoring*, het waardevolle steun aan die HNP se apartheidsbeleid verleen. *Die Burger* het reeds in die dertigerjare skeiding tussen blank en 'nie-blank' sterk gepropageer. Dit was veral die verhouding tussen blanke Afrikaners en die 'kleurlinge' wat in dié blad se teikengebied op die spits gedryf is. In 'n aantal Kaaplandse dorpe en Skiereilandse woonbuurte het blankes en 'kleurlinge' deurmekaar gewoon⁶⁶ en *Die Burger* het hierdie situasie aangegryp om sy misnoeë met integrasie uit te spreek.⁶⁷ Rasvermenging, gemengde huwelike en gemengde woonbuurte (wat as een van die primêre oorsake van rasvermenging gesien is) was onderwerpe wat periodiek in die Afrikaanse blaaie se hoofartikels aangeroei is.⁶⁸ Ander

aspekte van die rassevraagstuk wat as wesenlike gevare beskou is, was swart verstedeliking, met gepaardgaande sosiale probleme soos misdaad, asook die 'indringing' van swartes in die tradisionele werksgebied van blankes en 'kleurlinge', die onwenslikheid van 'swart kolle' in blanke gebiede en die regering se willoosheid om die 'saamboerdery' van wit en swart op verskeie lewensterreine te bekamp.⁶⁹ Sowel *Die Burger* as *Die Transvaler* het die HNP se retoriek oor die VP se beleid van 'gelykstelling' geesdriftig na die man op straat deurgestuur – en in die proses het veral Hofmeyr as die groot 'liberalis' telkens deurgeloop. Kommunisme is gereeld aan die liberalisme gekoppel.⁷⁰

Skeiding tussen rasse op bykans elke lewensterrein het die tema van heelwat hoofartikels van Afrikaanse koerante geword, en redakteurs soos H. F. Verwoerd het die mees rigiede toepassing van apartheid denkbaar aanbeveel. *Die Transvaler* was by een geleentheid verontwaardig omdat swartes die tennisbaan langs dié wat vir blankes by die Universiteit van die Witwatersrand gereserveer was, gebruik het; ook omdat 'n Pretoriase swartman die kongres van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in Kaapstad bygewoon en boonop by 'n skemerkelkie wat die burgemeester vir kongresgangers aangebied het, opgedaag het.⁷¹ Op 'n ander keer het *Die Transvaler* beswaar gemaak teen die Spoorweë se gebruik om ook swartes in hulle koffiekamers te bedien. Dié koerant het hom ondubbelsinnig teen gemengde sport en gemengde vakbonde uitgespreek en was ook gekant teen swart vakbonde, wat as kwesbaar vir kommunistiese invloede bestempel is.⁷²

Vir die Nasionale Party-gesinde Afrikaanse koerante het Hertzog se beleid misluk en 'n nuwe, omvattende rassebeleid was nodig – een wat ook ontwikkeling vir swartes, 'kleurlinge' en Indiërs moontlik gemaak het, maar veral die voortbestaan van die blanke sou verseker.⁷³ Veral Verwoerd van *Die Transvaler* het die paternalistiese voogdyskapbeginsel sterk ondersteun, maar met inbegrip van geleentheid vir die swartes om hul eie identiteit te behou. Die verskyning van die Sauer-verslag het dan ook besonder gunstige ontvangs geniet, omdat dit die idees wat die koerante (natuurlik altoos in lyn met die partystandpunt) oor 'n aantal jare versprei het, beliggaam het.⁷⁴

Die Herenigde Nasionale Party se rol

Die Herenigde Nasionale Party of Volksparty (daar word na dié party as HNP verwys) was die Afrikaner se belangrikste instrument in die praktiese uitvoering van 'n rassebeleid wat vir algehele skeiding voorsiening

gemaak het. Dit was die party wat die oorwig Afrikaners gehuisves het en gaandeweg die steun van al hoe meer Afrikaners geniet het.

Hoewel die rassebeleid van die HNP 'n sintese was van die VP se segregasiebeleid en 'n nuwe rassebeskouing van Afrikaner-intellektuele wat veral gedurende die Tweede Wêreldoorlog begin vorm aanneem het, was daar 'n skeidslyn tussen VP- en HNP-beleid. Hierdie skeidslyn het sy oorsprong in samesmelting gehad. Deurdat die NP met die SAP saamgesmelt het, het Hertzog die VP (wat uit die samesmelting gebore is) indirek verbind om nie verder te gaan met reaksionêre rassematreëls as die 1936-wetgewing nie. D. F. Malan en sy 'Gesuiwerde' Nasionale Party was natuurlik nie hieraan gebind nie. Derhalwe het Malan se party die vryheid gehad om sy eie rassebeleid te formuleer, 'n beleid wat selfs vir baie VP-lede volkome aanvaarbaar sou wees. In die HNP se program van beginsels word die oppergesag van die blanke oor die swarte in 'n gees van Christelike voorgedyskap as uitgangspunt gestel. Die party was gekant teen rasvermenging en het territoriale, politieke en industriële segregasie tussen blankes en swartes voorgestaan. 'Kleurlinge' moes afsonderlike politieke verteenwoordiging geniet en soos swartes en Indiërs volgens eie aard en vermoë ontwikkel.⁷⁵

Hertzog is skerp deur die 'Gesuiwerde' Nasionale Party oor die 1936-wetgewing rakende swartes gekritiseer en Nasionale Party-leiers het openlik verklaar dat hulle ten gunste daarvan was dat swartes se kiesreg weggeneem moes word, dat die 'kleurlinge' op 'n afsonderlike kieserslys geplaas moes word, en dat daar nie groot bedrae geld aan die aankoop van grond vir swartes bestee moes word nie aangesien blankes dit meer nodig gehad het. Die VP-regering is ook oor die kole gehaal omdat dié party na bewering swartes ten opsigte van die onderwys 'bevoordeel' het.⁷⁶ D. F. Malan het ook gewaarsku teen die gevare van die instelling van 'n Naturelle Verteenwoordigende Raad. Beleid teenoor swartes – so het Malan geredeneer – was in die verlede nog altyd gekenmerk deur pogings om dié mense volgens hul etniese identiteit verdeeld te hou. Die NVR sou egter die teenoorgestelde uitwerking hê deurdat die voordele wat swartes moontlik in plaaslike verteenwoordigende liggame kon sien nou geneutraliseer sou word en die swartes se aandag op gemeenskaplike, sentrale vraagstukke gevestig sou word. Dit sou swartes verenig. Daarbenewens het Malan voorsien dat lede van die NVR telkens groter eise sou stel omdat hulle verkose was en dus diegene wat hul verkies het tevrede moes hou.⁷⁷

Omstreeks 1936 het Malan en ander Nasionale Partyleiers reeds met ekstremistiese uitsprake vorendag gekom wat later die hoeksteen van HNP-rassebeleid sou word. Veral opmerklik was die afwyking van Hertzog se beleidsrigting teenoor die 'kleurlinge'. Die veldtog wat die party gevoer het om die 'kleurlinge' van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder het veral met die armblankevraagstuk verband gehou en lede van die party het reeds voor 1934 met Hertzog oor sy standpunt ten opsigte van die 'kleurlinge' verskil. Die Carnegie-verslag en die Volkskongres van 1934 het aan die lig gebring dat die 'kleurlinge' met die armblikes in die arbeidsmark meegeding het en dat verarmde Afrikaners dikwels tussen 'kleurlinge', Asiërs en swartmense in krotwoonbuurte in stede gewoon het. Rassetrots (wat ook as 'n meerderwaardigheidsgevoel vertolk kan word) het dus 'n rol gespeel in die besluit van die NP om aan te dring op skeiding op alle terreine, nie net ten opsigte van die swartes nie, maar ook wat betref die ander bevolkingsgroepe, insluitende die 'kleurlinge'. Derhalwe het die Nasionale erke dat hulle in die lig van veranderde omstandighede van Hertzog se beleid afgewyk het.⁷⁸

Die maatskaplike posisie van die behoeftige Afrikaner het 'n sterk ooreenkoms met dié van die 'kleurling' getoon. Volgens die Wilcocks-verslag van 1937 het die 'kleurling' se omstandighede op die arbeids-, maatskaplike en selfs politieke terrein veel te wense oorgelaat.⁷⁹ In nog 'n ondersoek deur die Departement Sosiale Wetenskappe van die Universiteit van Kaapstad onder leiding van prof. Edward Batson is bevind dat die inkomste van 70 persent van die 25 000 huishoudings in Kaapstad⁸⁰ wat by die ondersoek betrek is, laer was as wat nodig was om die minimumvoedsel vir gesondheid en algemene doeltreffendheid te koop. Ongeveer 53 persent van 'kleurling'-huishoudings het onder die internasionaal aanvaarde 'poverty datum line' geleef, teenoor die 6 persent van blanke huishoudings en 12 persent van stedelike huishoudings in Brittanje.⁸¹ Op 'n konferensie oor die welsyn van die 'kleurlinge', wat deur die SAIRV gereël is en in Januarie 1942 plaasgevind het, is die bevindinge van die Wilcocks-kommissie en van prof. Batson se navorsingspan bevestig en is daar spesifiek gemeld dat 'n behuisingstekort by die laer inkomstegroepe bestaan het.⁸² Die feit dat die 'kleurlinge' se maatskaplike posisie heelwat sorgwekkender as dié van die arm Afrikaner was, het skynbaar min indruk op sowel die Kaaplandse Nasionale as VP-lede gemaak. Na 'n Volksraadsdebat in Maart 1937 oor gemengde huwelike, waarin dit geblyk het dat daar in die VP geen eenstemmigheid oor die aangeleentheid was nie, het 'n afvaardiging van blanke huiseienaars van die Kaapstadse voorstede Woodstock, Soutrivier en Observatory (waar

rassevermenging op groot skaal plaasgevind het) 'n versoekskrif by die Nasionale Party ingedien waarin vir afsonderlike woonbuurte gevra is.⁸³ Dit het waarskynlik daartoe gelei dat die Uitvoerende Komitee van die NP-beheerde Kaapse Provinsiale Raad aan plaaslike besture magtiging verleen het om afsonderlike woonbuurte vas te stel. Statutêre woonbuurtskeiding het dus sy ontstaan in Kaapland gehad.

Soos in die verkiesingstryd voor die algemene verkiesing van 1929, het die NP in die algemene verkiesing van 1938 die rassevraagstuk ingespan as een van sy vernaamste strydpunte. In sy verkiesingsmanifes het die party verklaar dat hy hom sou beywer vir die afskaffing van swart verteenwoordiging in sowel die Volksraad as die Kaaplandse Provinsiale Raad; dat hy die onbeheerde invloed van oorbodige swartes na stedelike gebiede sou stopsit; dat hy die staat se grootskaalse aankoop van grond vir swartes sou beëindig; en dat integrasie tussen blank en swart (en ander bevolkingsgroepe) ongewens was en beëindig sou word.⁸⁴ Die rasse-aangeleentheid het nou so belangrik vir die party geword dat hy 'n uniale kongres skaars ses maande na die verkiesing belê het – slegs die tweede uniale kongres van die NP sedert sy stigting. By hernuwing het die party hom tydens hierdie kongres verbind tot 'n beleid van rassesseiding om (soos die party dit gesien het) die blanke van uitwissing as gevolg van die getalsterkte van die 'nie-blanke' te red. 'n Petisie is in hierdie verband landwyd gesirkuleer en is uiteindelik deur 230 619 blankes onderteken.⁸⁵

Twee gebeurtenisse in 1938 en 1939 het daartoe bygedra dat die rassevraagstuk en die NP se betrokkenheid daarby voorlopig op die agtergrond geskuif is. Die Ossewatrek in 1938 om die Groot Trek te herdenk het 'n opwelling van Afrikanernasionalisme, gepaard met republikanisme, tot gevolg gehad. Uit hierdie gebeurtenis het die Ossewa-Brandwag, 'n kultuurorganisasie wat sedert 1941 direk in die politiek ingemeng het, ontstaan. Dit het die Afrikaners polities so verdeel dat die rassevraagstuk tydelik daardeur oorheers is. In samehang daarmee het die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 'n neutraliteitskrisis in die kabinet en parlement veroorsaak wat tot Hertzog se bedanking gelei het. Die volgende jaar sou in beslag geneem word deur onsuksesvolle pogings om die Hertzog- en Malan-ondersteuners te herenig. 'n Nuwe oriëntering van opposisiepartye het hierna tot stand gekom en dit, tesame met die bedrywighede van die nasionaal-sosialistiese splintergroepe, sou meebring dat die Afrikaner die algemene verkiesing van 1943 verdeeld tegemoet gegaan het.⁸⁶ Hoewel die HNP (soos die NP ná 1940 bekend gestaan het) se verkiesingsmanifes gemeld het dat die party vir

die behoud van die 'blanke beskawing' staan, was die belangrike verkiesingstrydpunt in hierdie verkiesing nie die rassevraagstuk nie, maar die Unie se voortgesette deelname aan die Tweede Wêreldoorlog.⁸⁷

Nietemin het die HNP in die veertigerjare voortgegaan om gestalte te gee aan die filosofie van rassessekering. Reeds in Januarie 1940 het D. F. Malan 'n mosie in die Volksraad ingedien dat segregasie 'op residensiële, industriële en staatkundige gebied sonder versuim deurgevoer sal word ...'.⁸⁸ Regdeur die veertigerjare tot die aanbreek van die algemene verkiesing van 1948 het spreker na spreker uit HNP-geledere (later ook Afrikanerparty-geledere) in die parlement en op politieke verhoë die rassevraagstuk te berde gebring en 'n beleid van blanke voogdyskap en afsonderlikheid (wat mettertyd as apartheid bekend sou staan) as oplossing vir die rassevraagstuk gepropageer. Verskeie politici het op die 'mislukking van segregasie' gewys. Op die vlak van menseverhoudinge, so is aangevoer, het die beleid slegs gemengde sukses gehad; dit het op die platteland gewerk maar nie in die stede waar blankes deur groeiende getalle swartes verdring is nie. Segregasiemaatreëls het slegs in teorie vir aparte nasionale ontwikkeling voorsiening gemaak, maar was prakties onuitvoerbaar as gevolg van ekonomiese integrasie. Laasgenoemde was deels te wyte aan die regering se traagheid om kragtens die Naturelle-trust- en -Grond Wet meer grond vir swartes aan te koop.⁸⁹

In hul volgehoue poging om apartheid te laat inslag vind by die publiek, is die Nasionaliste doeltreffend bygestaan deur hul partypropagandamasjien. Suid-Afrika, aldus die Nasionaliste, was 'n witmansland en die enigste wyse waarop die blanke beskawing in die land gehandhaaf sou kon word, was om 'n beleid van apartheid toe te pas. Die rassevraagstuk is ook op partykongresse as 'n baie ernstige landsvraagstuk beklemtoon, terwyl die regering verantwoordelik gehou is vir die verslegtende rasseverhoudinge. Die oplossing, so is voorgestel, was duidelike skeidslyne tussen die blankes en die ander bevolkingsgroepe op die verskillende lewensterreine.⁹⁰

Sprekers het gereeld op politieke vergaderings en in die Volksraad gewys op die gevaar van swart instroming na die 'blanke' stedelike gebiede, met die stygende misdaadsyfer as die onvermydelike gevolg daarvan.⁹¹ Strenger toepassing van die paswette (wat volgens sommige HNP-lede nie sonder meer deur swartes verwerp is nie) is as moontlike oplossing gesien.⁹² Swart verstedeliking is dikwels in verband gebring met die tekort aan plaasarbeid. Hierdie onderwerp het in die veertigerjare gereeld onder bespreking gekom. Nie net HNP-lede nie maar ook

Afrikanerparty- en selfs VP-lede het dikwels gemurmureer omdat swartes na die stede gelok is ten koste van die boerderygemeenskap en die boere as gevolg daarvan sonder plaaswerkers moes sukkel.⁹³

'n Verdere uitwerking van swart verstedeliking, volgens die Nasionaliste, was dat die blanke werkers se posisie aan die verswak was en dat die regering ten gunste van die erkenning van swart vakbonde was, wat die blankes nog verder sou benadeel.⁹⁴ Daarby was swartes besig om blankes te verdring in openbare plekke soos spoorwegstasies, terwyl Indiërs in toenemende getalle in tradisionele 'blanke' gebiede inbeweeg het. Integrasie by universiteite en in vakbonde, die deurmekaarwoon van rasse, gemengde huwelike en bloedvermenging is by herhaling sterk afgekeur.⁹⁵ Feitlik sonder uitsondering is die regering vir hierdie toedrag van sake geblameer. Die regering was nie doelgerig met sy rassebeleid nie; trouens, die beleid wat hy gevolg het, het op gelykstelling afgestuur, en veral Hofmeyr is as gelykstellingsapostel uitgekryt.⁹⁶ Die NVR is telkemale as 'n organisasie van radikale kwaadstokers en kommuniste bestempel, en die kommunistiese gevaar is direk aan die rassevraagstuk gekoppel, met die kommuniste as aanhitters van die swartmense.⁹⁷ Selfs die naturellevertegenwoordigers is periodiek gekritiseer en onder meer daarvan beskuldig dat hulle verhoudinge tussen wit en swart vertroebel het.⁹⁸ Vroeg in 1948 het Malan in 'n mosie in die Volksraad voorgestel dat swart verteenwoordiging in die Volksraad afgeskaf moes word.⁹⁹

Teen die einde van 1947, en by herhaling daarna, het die Nasionaliste ondubbelsinnig hul voorneme bekend gemaak om met die rassevraagstuk na die volgende algemene verkiesing te gaan sodat die kiesers kon besluit watter rigting in belang van die blankes in Suid-Afrika sou wees.¹⁰⁰ Daardeur is alle vroeëre pogings deur politici aan albei kante van die huis om hierdie vraagstuk bo die partypolitiek te verhef, finaal verydel.¹⁰¹

Onder die Nasionaliste het veral M. D. C. de W. Nel, sedert 1943 LV vir Wonderboom, hom as die HNP-segsman oor rasse-aangeleenthede onderskei. Nel het hom verdiep in die rassevraagstuk en in die laat dertigerjare was hy sekretaris van die Suid-Afrikaanse Bond vir Rassestudie. Na 1943 het hy ook leier van die HNP se studiegroep oor rasse-aangeleenthede in die parlement geword. Met parlamentsittings het hy geen geleentheid laat verbygaan om hom in lang toesprake (hy het meestal van die halfuur-reëling gebruik gemaak) oor verskeie aangeleenthede rakende die rassevraagstuk uit te spreek nie. Nel het integrasie en die instroming van swartes na die stede volkome voor die deur van die

regering gelê. Daarby het hy die teoretiese denke van Afrikaner-akademici onderskryf deur voortdurend te pleit vir die ontwikkeling van swartmense in eie gebiede volgens eie volksaard en tradisie.¹⁰² Nel kan dus beskou word as die partypolitikus wat akademici se teoretiese apartheidsdenke na die praktyk geneem en aan die breë publiek bekend gestel het. Dit is dus ook begryplik dat hy die sekretaris geword het van die HNP se Kleurvraagstuk-kommissie (Sauer-kommissie), wat die bloudruk vir die HNP se rassebeleid sou formuleer.

Die verslag van die HNP se Kleurvraagstuk-kommissie (Sauer-verslag)

Met die verskyning van die Sauer-verslag in 1947 het die idees van Afrikanerleiers op politieke, godsdienstige, akademiese en kulturele terrein die vorm van 'n politieke beleidsrigting aangeneem. Die reeds bekende grondbegrippe wat mense soos Eiselen, Coertze, Van Eeden, Language, Cronjé, Gerdener, Jansen en De Wet Nel in die loop van die veertigerjare neergelê het, het in hierdie dokument neerslag gevind. Daar is byvoorbeeld verwys na die verskeidenheid wat by nasies en volke aangetref word – soos deur die Bybel vasgelê – en ook na die opvatting dat apartheid op die Christelike beginsels van reg en billikheid gegrond is. Derhalwe was dit geregverdig om rasse te skei sodat die karakter en toekoms van elke ras beskerm kon word. Wat die Sauer-verslag van vorige beleidsuiteensettings, soos dié van die Volkskongres van 1944, onderskei het, was die feit dat daar nou meer besonderhede oor die uitvoering van beleid uitgespel is.

Die Sauer-kommissie het sy opdrag met bekwame spoed uitgevoer. In Julie 1947 is omsendbriewe aan individue, hoofsaaklik in Afrikanergeledere, uitgestuur waarin sienswyses oor 'n toekomstige rassebeleid gevra is. Die respondente is versoek om ook die name van ander persone wat moontlik 'n inset kon lewer, te verstrek. Daarmee wou die kommissie die kundigheid en breinkrag van 'nasionaalgesindes' onder die Afrikaners aanwend ten einde 'n beleid te formuleer. Sekere individue is ook om finansiële bydraes genader. Die teikendatum vir die voltooiing van 'n konsepplan was 14 Desember 1947, dus skaars vyf maande later, en die finale verslag moes nie later nie as einde Januarie 1948 gereed wees. 'Met die oog op die erns van die algemene verkiesing is dit noodsaaklik,' het De Wet Nel aan prof. J. de W. Keyter geskryf. Daar is dus min twyfel dat die HNP die Sauer-verslag en die daaruitvoortspruitende apartheid-beleid vir verkiesingsdoeleindes in 1948 wou aanwend.¹⁰³

Subkomitees is ook aangewys wat die kommissie met kundige advies oor verskeie aspekte van 'n rassebeleid moes bystaan. Bekende vakkundiges en akademici, waaronder prof. J. de W. Keyter en die latere prof. Erica Theron, het byvoorbeeld in die subkomitee oor volkswelsyn en maatskaplike dienste gedien. Prof. C. G. W. Schumann het as voorsitter van die ekonomiese subkomitee opgetree en W. W. M. Eiselen as voorsitter van die subkomitee vir antropologie.¹⁰⁴ Uit die dokumentasie van die Sauer-kommissie blyk dit dat die oorgrote meerderheid van individue wat genader is, positief gereageer het. Daar was egter ook diegene wat hul bedenkinge gehad het oor die wenslikheid om 'n wetenskaplike ondersoek na die rassevraagstuk aan die partypolitiek te koppel. Dr. N. J. van Warmelo van die Departement van Naturellesake het die uitnodiging om in die subkomitee vir antropologie te dien van die hand gewys omdat hy te veel werk gehad het en omdat 'ek betwyfel of enigiets van nut hieruit kan kom, want politieke partye is nie op soek na feite en waarheid, en dis al wat my interesseer'. Ook J. H. Coetzee van die PUK vir CHO – wat na deeglike oorweging besluit het om met die kommissie saam te werk – het die mening uitgespreek dat die aangeleentheid nie binne die partypolitiek tuishoort nie.¹⁰⁵

Tussen Julie en Desember 1947 het die kommissie memorandums van talle individue en subkomitees ontvang waarin standpunte en aanbevelings oor 'n toekomstige rassebeleid vir die land uiteengesit is. 'n Beleid van afsonderlike politieke, maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van blankes, swartes, 'kleurlinge' en Indiërs, en die beginsel van voogdyskap is deur bykans alle respondente ondersteun, hoewel daar kleiner verskille oor praktiese beleidstoepassing was. Oor 'n ekonomiese beleidsrigting is min besonderhede verstrekkend. Uit die menigte memorandums het die kommissie 'n saamgevatte memorandum van ongeveer ses bladsye opgestel, waaruit die finale verslag voortgevloei het. Die finale konsep is weer eens aan lede van die subkomitees gestuur, wat oor die algemeen tevrede daarmee was. N. J. J. (later professor) Olivier van die Universiteit van Stellenbosch het byvoorbeeld aan Nel geskryf dat hy die konsep van die verslag besonder aanvaarbaar vind en dat dit met sy eie beskouing oor die rassevraagstuk ooreenstem. Olivier het in later jare radikaal met die Nasionale Party gebreek.¹⁰⁶

In die finale verslag is die riglyne vir partybeleid ná 1948 uitgestippel. Ten opsigte van die swartes sou die beginsel geld dat die vernaamste etniese groepe en subgroepe in hul eie onderskeie gebiede gevestig word waar hulle die geleentheid sou kon vind om 'n eie regeringstelsel op te bou en later as aparte nasionale eenhede sou kon ontwikkel. Blankes,

'kleurlinge' en Indiërs sou uiteindelik nie toegelaat word om grond in swart gebiede te besit nie en andersom. Bestaande reservate moes ontwikkel word sodat dit ekonomies lewensvatbaar kon word. Binne die reservate moes noodsaaklike dienste, waaronder maatskaplike en wel-synsdienste, aan die bewoners verskaf word. In teenstelling met die reservate, is die sogenaamde blanke stedelike gebiede beskou as gebiede waar swartes se teenwoordigheid slegs tydelik sou wees en waar hulle ontmoedig moes word om te woon. Geen politieke regte of grondbesit was hier moontlik nie en residensiële segregasie, instromingsbeheer en apartheid in die nywerhede sou aangewend word om swart verblyf te ontmoedig. Daar is ook voorsiening gemaak vir 'n doeltreffende stelsel van verdeling van swart arbeid tussen die verskillende ekonomiese sektore, met spesiale verwysing na die landbou.

Wat onderwys betref, was dit duidelik dat die party 'n bedeling wou skep waarin daar min ruimte sou wees vir invloede wat die apartheidsbeleid by die swart jeug kon teenwerk. Die verslag het swart onderwys aan die blanke toevertrou, met die opdrag dat dit by die swarte se volksaard moes aanpas, streng Christelik-nasionaal moes wees, en die staat toesig moes hou oor leerplanne. Voorsiening is gemaak vir tersiële opleiding waar nodig, maar in die swarte se eie gebied.

Politieke verteenwoordiging sou bestaan uit verteenwoordiging in die Senaat deur sewe blanke Senatore, terwyl alle vorme van bestaande verteenwoordiging afgeskaf sou word. In die swart reservate sou 'n eie regeringstelsel, min of meer gebaseer op die Bunga-stelsel en aanvanklik onder blanke toesig, ingestel word. Reserwerade sou ingestel word, wat mettertyd selfstandige wetgewende liggame kon word. In plaas van die Naturelle Verteenwoordigende Raad is rade vir elk van die etniese groepe in die vooruitsig gestel. Die swarte se eie regstelsel sou erken en uitgebou word.

Dieselfde uitgangspunt oor skeiding is ook ten opsigte van die 'kleurling' gehandhaaf. Die 'kleurlinge' is as 'n afsonderlike volksgroep gesien wat afsonderlik moes ontwikkel. Geen geografiese gebied vir die 'kleurlinge' is in die vooruitsig gestel nie, maar daar is wel aangedui dat 'kleurlinge' in hul eie gebied teen indringing en mededinging van die swartman beskerm moes word. Polities sou die 'kleurlinge' deur drie blankes in die Volksraad verteenwoordig word. Een benoemde Senator sou hul belange in die Senaat behartig, terwyl drie blankes hulle in die Kaaplandse Provinsiale Raad sou verteenwoordig. 'n Aparte staatsdepartement Kleurlingsake sou geskep word, terwyl 'kleurlinge' in hul eie

gebiede rade sou kon kies om hulle belange te behartig. Dieselfde maatskaplike en welsynsdienste as in die geval van swartmense sou voorsien word.

In ooreenstemming met vorige sienswyses van Afrikaner-akademici en -politici oor die Indiërs, het die Sauer-verslag dié rassegroep as 'n uitheemse element beskou wat nie assimileerbaar was nie. Hulle sou dus as 'n immigrantegemeenskap behandel word, met repatriasie – indien enigsins uitvoerbaar – as die heel beste uitweg om van die 'probleem' ontslae te raak. Origens sou dieselfde apartheidsmaatreëls wat vir die ander rasse geldet, ook op die Indiërs van toepassing wees.¹⁰⁷

Die Sauer-verslag het nie net as grondslag gedien vir die HNP se nuutgeformuleerde rassebeleid nie; dit was ook belangrike verkiesingsmateriaal vir die party. D. F. Malan het op 29 Maart 1948, dit wil sê twee weke voor die verkiesingsveldtog vir die algemene verkiesing begin het, hierdie rassebeleid – wat bloot 'n opsomming van die Sauer-verslag was – bekend gemaak.¹⁰⁸ Toevallig het dit feitlik gelyktydig met die Fagan-verslag verskyn, natuurlik met die belangrike verskil dat die Fagan-verslag bloot 'n kommissieverslag was wat toe nog nie in die vorm van 'n partybeleid gegiet was nie.

Met die verskyning van die Sauer-verslag is gestalte gegee aan 'n beleidsrigting wat reeds sedert die middel-dertigerjare as 'n ideologiese instrument deur Afrikaner-intellektuele (akademici en politici) geslyp is. Dit was bepaald gekoppel aan die opkomende Afrikanernasionalisme van die dertiger- en veertigerjare, met die duidelike uitgangspunt dat dit die taak van die Afrikaner was om in 'n herskepte Suid-Afrika die ingewikkelde rassevraagstuk op te los – in so 'n mate dat dit aan die Afrikaner se lewensbeskouing sou kon voldoen. In dié sin was apartheid dus nou verbind met Afrikanernasionalisme. In 'n ander sin sou die beleidsrigting ook in diens van die ekonomiese belange van die Afrikaner staan. Klasse-ontledings van die ontwikkeling van apartheid beklemtoon hierdie funksie van die beleid. Dan O'Meara se vertolking van die oorwinning van die HNP kom daarop neer dat dié party die belange van verskeie klasse onder die Afrikaners behartig het: boere in die Vrystaat, Kaapland en Transvaal, sekere kategorieë van blanke arbeid, die laermiddelstand, asook nyweraars en finansiers. Die speerpunt van hierdie bondgenootskap was die ekonomiese beweging van die dertiger- en veertigerjare om die Afrikaner se ekonomiese belange te laat seëvier. Apartheid (die beleid van die HNP) het die belange van elke klas in dié bondgenootskap verteenwoordig: meer bevredigende voorsiening van

swart plaasarbeid aan boere en 'n beleid van goedkoop swart arbeid sodat die Afrikanersakemanne hul winste kon verhoog. Bestending van Afrikanerkapitaal was dus die hoofdryfveer in die formulering van die apartheidsbeleid, hoewel totale skeiding nooit ernstig oorweeg is nie. Vir O'Meara was die Sauer-verslag 'n bloudruk vir alle klassegroepe in Afrikanergeledere om Afrikanerkapitaal te bevorder.¹⁰⁹

Deborah Posel se vertolking van die Sauer-verslag verskil in belangrike opsigte van dié van O'Meara. In 'n aansienlik beter nagevorste ondersoek na Afrikanerdenke oor die rassevraagstuk as dié van O'Meara, onderskei Posel twee denkskole: eerstens dié wat algehele skeiding voorgestaan het, waaronder die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (Sabra) en die Instituut vir Volkswelstand (een van die geaffilieerde lede van die FAK); en tweedens 'n skool wat van mening was dat die landseksonomie nie sonder die stedelike swart werker kon klaarkom nie. Derhalwe sou swart verstedeliking toegelaat moes word, hoewel 'n vorm van regeringsbeheer oor die verspreiding van swart arbeid aan die verskillende ekonomiese sektore nodig sou wees. Die Afrikaanse Handelsinstituut en die Suid-Afrikaanse Landbou-unie het hierdie gedagterigting verteenwoordig. Anders as O'Meara se vertolking van die Sauer-verslag as 'n bloudruk vir die belange van alle klasse onder die Afrikaners, wys Posel daarop dat die verslag elemente van albei denkrigtings oor apartheid bevat en dat dit derhalwe teenstrydige klassebelange van die Afrikaner weerspieël.¹¹⁰

Posel se ontleding skep die indruk dat die Sauer-verslag gebaseer is op die uiteenlopende sienswyses in Afrikanergeledere oor die toepassing van apartheid. Dit is misleidend. Daar is geen getuienis in die dokumente van die Sauer-kommissie wat daarop dui dat enige van die organisasies deur Posel vermeld 'n memorandum of enige ander vorm van advies aan die kommissie gebied het nie.¹¹¹ Dit is wel waar dat individue wat deur die kommissie genader is om insette te lewer ook lidmaatskap van organisasies soos Sabra en die Afrikaanse Handelsinstituut besit het (Eiselen was byvoorbeeld lid van Sabra). Nietemin was hierdie persone se menings, soos uitgespreek in briewe en memoranda, hul individuele menings en nie dié van organisasies nie. Dit sou derhalwe meer akkuraat gewees het om te beweer dat die uiteenlopende standpunte van genoemde organisasies en belangegroepe neerslag gevind het in die finale beslag wat die apartheidsbeleid gekry het.

Volgens Doug Hindson se ontleding lê die belangrikste verskille tussen die Fagan- en Sauer-verslag in die verskillende perspektiewe oor

swart verstedeliking opgesluit. Fagan sien verstedeliking as permanent, met 'n permanente stedelike middel- en werkersklas. Wat eintlik tydelik is, is die trekarbeidstelsel. Die stedelike swarte sou in 'n oorgangsfase nie gelyke residensiële en politieke regte met die blanke geniet nie, maar verslapping in dié beleid sou mettertyd volg. Vir Sauer moes die proses van verstedeliking omgekeer word, sodat alle swartes uiteindelik in die swart gebiede woon. In 'n tussenfase sou streng kontrole oor verstedeliking uitgeoefen word en die stedelike swarte as 'n besoeker sonder enige regte beskou word. Die ekonomie moes nie benadeel word nie; derhalwe moes die trekarbeidstelsel behou word. Oor die beheer van passe was daar ook aansienlik verskil. Fagan het die arbeidsburo's as bron van werkverskaffing beskou om die vloei van arbeid na stede en dorpe te reguleer en nie te blokkeer nie. Slegs trekarbeiders sou 'n werkpermit nodig hê. In die geval van Sauer sou arbeidsburo's juis instrumente wees om verstedeliking te verhoed en oortollige swartes uit die stede te kry. Alle swartes moes deur middel van arbeidsburo's werk vind, en voorkeur ten opsigte van behuising sou verleen word aan diegene wat werk het.¹¹²

Die rol wat klassebelange in beleidsformulering gespeel het, is onder andere deur Merle Lipton en M. L. Morris ontleed. Lipton skryf dat 'NP policies [were] explicitly tailored to favour Afrikaans workers, farmers and businessmen'.¹¹³ Morris beskou die versuim van die Smuts-regering om maatreëls te tref om boere van 'n stabiele swart arbeidskrag te voorsien as 'n bron van ontevredenheid in die geleedere van die boerderyklas. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het trekarbeiders tot groot ontsteltenis van die boere na dorpe gestroom. Die georganiseerde landbou het hierop voorgestel dat die swart arbeidsmag verdeel moes word in 'n seksie wat die landbousektor bedien en 'n seksie wat die nywerhede bedien (kyk hoofstuk 2). Dit sou egter beteken dat die staat by wyse van arbeidsburo's groter beheer oor swartes moes uitoefen. Hiertoë was die Smuts-regering nie bereid nie, en dit het tot groot ontevredenheid onder boere aanleiding gegee. Morris merk op dat die HNP, na sy bewindsaanovaarding, die belangrikste aanbevelings van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie as deel van sy apartheidsbeleid in werking gestel het.¹¹⁴ Hermann Giliomee onderskryf hierdie bevinding en skryf die regering se verlies van die vyftien plattelandse setels in die algemene verkiesing van 1948 toe aan die mielieboere wat hul steun aan die VP onttrek het.¹¹⁵

Daar kan opsommenderwys oor die teorieë rakende die herkoms van apartheid die volgende gevolgtrekkings gemaak word: indringende ontledings wat tot die slotsom kom dat die segregasiebeleid as 'n fonda-

ment van apartheid gedien het, is grotendeels oortuigend. Ontledings wat die wortels van apartheid in 'n buitelandse ideologie soek of wat apartheid as volkome sinoniem met segregasie stel, tas egter mis. Apartheid is weliswaar op die strukture van die segregasiebeleid gebou, maar dit spruit terselfdertyd uit die nuwe Afrikanerdenke van die dertigerjare, wat Hertzog se segregasiebeleid as ontoereikend vir die beskerming van die Afrikaner teen swart oorheersing beskou het. Hierdie idees het vaster vorm in die veertigerjare begin aanneem namate swart verstedeliking as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog en industrialisasie toegeneem het en die politieke leierskap van die swartes meer militant geword het. In die algemeen gesproke wou die Afrikaner in die aangesig van dié veranderde situasie 'n 'vaste beleid' hê, soos ds. R. J. Raath dit in 1947 aan minister Piet van der Byl gestel het. En juis daarin het die groot verskil tussen die HNP en die VP gelê. Die Nasionaliste het aan die Afrikaner 'n 'vaste beleid' gegee. Die VP, daarenteen, het teen 1947 nie geglo dat 'n 'vaste beleid' sou slaag nie. Soos Van der Byl dit gestel het: 'Ons het gedink ons het 'n vaste beleid in 1936. Omstandighede het in tien jaar so verander dat 'n vaste beleid nie meer moontlik is nie.'¹¹⁶

Apartheid het ook, veral as gevolg van die insette van Afrikaanssprekende volkekundiges, rekening gehou met swart aspirasies en voorsiening gemaak vir die afsonderlike kulturele, politieke en ekonomiese ontwikkeling van die swartes in eie gebiede. Dit moes egter onder leiding van die blanke en verkieslik die blanke Afrikaner plaasvind. Anders as segregasie het apartheid totale skeiding op alle lewensterreine beoog. Soos segregasie was dit ook 'n omvattende beleid wat byvoorbeeld swart arbeid aan die ekonomiese sektore wou verseker. In die eerste plek was apartheid egter bedoel om die bedreiging van blanke oppergesag die hoof te bied.

Tydgenootlike kritiek op die apartheidsbeleid

Ongeag die ooglopende leemtes in die HNP se rassebeleid, het dit aan die party in een opsig 'n belangrike voorsprong bo sy opponente gegee: waar die ander partye nog geworstel het om in 'n tydperk van gisting en verandering duidelike riglyne neer te lê, het die Nasionaliste nou 'n program gehad wat in 'n verkiesingsformaat aan die publiek opgedis kon word. Praktiese politiek het die HNP gewis van die rassevraagstuk gemaak. Waar die VP tot aan die einde van Maart 1948 op die Fagan-verslag gewag het en bloot defensief kon optree, kon die HNP tot die aanval oorgaan. Daar was te min tyd beskikbaar vir denkende kiesers om die geldige standpunte van die Fagan-verslag behoorlik te oorweeg, en die

oorweldigende mening van blankes in Suid-Afrika was buitendien ten gunste van segregasie. Dit sou geduldige oorrading kos om veral die Afrikaanssprekende kiesers oor die Fagan-aanbevelings op te voed.

Kritiek teen die HNP se rassebeleid het waarskynlik min indruk gemaak op diegene wat jare lank Smuts se val begeer het. In der waarheid was die kritiek teen die apartheidsbeleid oortuigend en beredeneerd. *The Star* het in 1945 by geleentheid opgemerk dat HNP-beleid eenvoudig beteken het dat swartes óf in reservate moes woon óf as arbeidskrag vir die blanke landbou beskikbaar moes wees.¹¹⁷ Die *Sunday Times* het veral die ekonomiese been van apartheid as onsin bestempel: voedselproduksie in die landbousektor en vooruitgang op nywerheidsgebied sou onmoontlik wees sonder swart arbeid.¹¹⁸ Politici en koerante sou later herhaaldelik op die ekonomiese onuitvoerbaarheid van die beleid wys – veral ná die verskyning van die amptelike beleidstuk in Maart 1948. Die onmoontlikheid om die oorlaaide, uitgeputte reservate as nuwe ‘vaderlande’ vir swartes te ontwikkel – met die enorme koste daaraan verbonde – is dikwels opgehaal.¹¹⁹ *The Star* het slegs een ligpunt in die hele beleidsverklaring van 29 Maart gesien, naamlik dat die HNP ten minste nou erken het dat meer grond vir die swartes nodig was, terwyl hulle vroeër teen enige uitbreiding daarvan gekant was.¹²⁰

Ook die morele onaanvaarbaarheid van apartheid het dikwels ter sprake gekom. Margaret Ballinger het die mening uitgespreek dat die Nasionaliste eintlik nie ‘n segregasiebeleid het nie maar ‘n beleid van goedkoop arbeid vir boere, omdat die surplus swartes in dorpe dan as arbeiders vir boere beskikbaar sou wees. Daarby was dit ‘n beleid wat die stem van diegene wat nie verteenwoordiging gehad het nie, sou stil maak. ‘They [die HNP] offer us an agrarian policy in an industrial society, and they offer us a political system that will drive underground all the grievances of those who are going to be the victims of their policy,’ het sy gesê.¹²¹ Die uitwerking van apartheid is deur talle ander kritici as onderdrukkend beskryf, veral omdat swartes op plase en in stede geen vryheid sou geniet nie.¹²² Malan en sy ondersteuners is beskuldig van ‘verraad’ teenoor die ‘kleurlinge’ deurdat laasgenoemde slegs indirekte verteenwoordiging sou ontvang. Malan self is daaraan herinner dat waar hy vroeër die politieke regte van ‘kleurlinge’ eerbiedig het, hy dit nou ongedaan wou maak.¹²³

Dit is geen maklike taak om die mate van verwerping van die apartheidsbeleid deur Engelssprekende Suid-Afrikaners te bepaal nie. Dat die nuutgeformuleerde beleid ‘n skepping van die HNP-Afrikaners was, sou

grootliks daartoe bydra dat Engelssprekendes dit sou verwerp omdat Malan en sy volgelinge as ekstremistiese anti-Britsgesindes gesien is. Partylojaliteit en die anti-apartheidspropaganda van die Engelstalige pers sou verder bydra om die Engelssprekendes van die beleid af te skrik. Aan die ander kant was daar Engelssprekendes (veral in Natal) wat apartheid as 'n logiese uitvloeisel van segregasie en 'n waarborg vir blanke oppergesag gesien het. Een konkrete voorbeeld was die standpunt van kol. C. F. Stallard en die meerderheid lede van die Dominium-party, wat in Oktober 1947 herdoop is na die South African Party. Die Dominium-party was in 1936 gekant teen die afskaffing van die Kaaplandse swart stemreg. Tog het die party (en veral Stallard) toenemend na die rigting van die HNP geneig wat rasse-aangeleenthede betref. Stallard het hom sterk teen politieke regte aan Indiërs en swartes uitgespreek en tydens die laaste partykongres van die Dominium-party van die rassevraagstuk die belangrikste strydpunt gemaak. Hy het dan ook in Januarie 1948 Malan se mosie oor die rassevraagstuk in die Volksraad gesteun. Dit het tot die finale verbroekeling van die South African Party gelei, nadat vier prominente lede uit die party bedank het.¹²⁴

Slotsom

Op die vraag of die apartheidsbeleid waarmee die HNP in 1948 na die stembus gegaan het 'n skepping van die Afrikaner is, moet met 'n enkele voorbehoud bevestigend geantwoord word. Dié voorbehoud is dat die filosofie van rassessekiding in die breër Suid-Afrikaanse verband nie die eksklusiewe filosofie van die HNP of sy voorganger, die Nasionale Party, of selfs van die Afrikaner was nie. Die wortels van daardie filosofie lê veel dieper. Dit is wel waar dat die Afrikaner van die dertiger- en veertigerjare die bestaande segregasiebeleid wou verfyn en groter statutêre status daaraan wou gee.

Die geboorte van die apartheidsbeleid was 'n gesamentlike Afrikaneraksie wat in die middel-dertigerjare begin het. Dit was dus nie 'n inisiatief wat in die eerste plek van 'n politieke party uitgegaan het nie. Afrikanerkultuurorganisasies, met veral die AB aan die spits, het 'n leiende rol gespeel in pogings om die behoeftige, verstedelike Afrikaner teen swart 'verswelging' te beskerm, terwyl die Afrikaanse koerante 'n groot bydrae gelewer het om dié indoktrinerende taak te vervul. Daarbenewens het die Afrikaanse kerke die beleidsrigting moreel geregverdig gevind en dit as wenslik gesanksioneer. Deurdat die HNP, politieke arm van die georganiseerde Afrikaanse kultuur en vakbondwese, die apart-

heidsbeleid in praktiese politiek sou omskep, het dié party ook verseker dat die meerderheid Afrikaners vir hom sou stem.

Die formulering van die beleid was die werk van 'n verskeidenheid Afrikanerdenkers, veral akademici. Besonderhede is veral ingeklee deur Afrikanervolkkundiges, wat gebou het op die fondamente van segregasie, maar ook 'n nuwe dimensie daaraan verleen het: radikale skeiding tussen wit en swart op alle terreine behalwe die arbeidsterrein, waar goedkoop swart arbeid ten minste op die kort termyn onontbeerlik was. 'n Verdere veronderstelling was dat die verskillende swart gemeenskappe hul politieke, sosiale en ekonomiese aspirasies in eie geografiese gebiede volgens eie volksaard en tradisies sou kon uitleef, maar onder voogdyskap van die blanke Afrikaner.

6

Apartheid by die stembus, 26 Mei 1948

In die verkiesingsveldtog, wat amptelik op 15 April 1948 begin het, het die Nasionaliste die moeilike sosio-ekonomiese omstandighede van die laat-veertigerjare tot hul voordeel gebruik en die kiesers gebombardeer met waarskuwings oor die 'swart gevaar' – 'n kreet wat in die lig van die uitwerking van swart verstedeliking en groter militantheid by swart politieke leiers waarskynlik 'n redelike mate van bemarkbaarheid gehad het. Die rassevraagstuk het dus die belangrikste strydpunt vir die HNP geword.¹

Partykandidate van die HNP en Afrikanerparty en die koerante wat die HNP-AP-bondgenootskap gesteun het, het nie een geleentheid laat verbygaan om die regering oor sy rassebeleid aan te val en apartheid te propageer nie. Die blanke beskawing, so is die publiek verseker, sou slegs deur 'n beleid van apartheid gewaarborg kon word.² 'Breek die Sap-regering of hy breek blank Suid-Afrika,' het *Die Volksblad* op verkiesingsdag geskryf.³ Apartheid is voorgestel as 'n beleid wat nie afbrekend en vernederend was nie, maar bedoel was om rassewrywing uit die weg te ruim.⁴ N. C. Havenga het by geleentheid ook beklemtoon dat die apartheidsbeleid nie sou meebring dat swart arbeiders op groot skaal na swart gebiede weggevoer sou word nie; slegs dié wat die stede 'oorstroom', sou verwyder word. Dus was die VP-bewering dat die blanke as gevolg van apartheid sonder werkers sou sit, ongegrond.⁵ Kommunisme en (kleur)liberalisme is as byna sinoniem voorgestel en het volgens Nasionalistiese propaganda as handlangers vir die regering se beoogde 'gelykstellingsbeleid' gedien. Volgens Malan het die kommuniste een na die ander swart organisasie ingepalm.⁶ In *Die Burger* se spotprent op verkie-

singsdag was vier mans (wat onderskeidelik die HNP, AP, oud-VP en oud-Arbeider uitbeeld) besig om met 'n paal 'n deur waarop die woord KLEURLIBERALISME staan, oop te stamp.⁷

Dit was egter Hofmeyr wat veral op die platteland die grootste enkele teiken vir die HNP-aanvalle was. Lank voor die verkiesing is hy reeds 'aangewys' as die land se volgende eerste minister indien die VP die verkiesing sou wen – natuurlik met 'noodlottige gevolge' vir die land.⁸ Die Nasionaliste het reguit gesê dat dit 'n Hofmeyr-verkiesing gaan wees en dat sy 'beleid van gelykstelling' dieselfde as dié van die kommuniste was – net meer geleidelik.⁹ Hofmeyr, so is gesê, het homself immers in die parlement ten gunste daarvan verklaar dat swartes, 'kleurlinge' en Indiërs nie meer uitsluitlik deur blankes in die parlement verteenwoordig behoort te word nie en hy was ook ten gunste daarvan dat die politieke kleurslagboom moes verdwyn.¹⁰ Sowel *Die Transvaler* as *Die Burger* het op verkiesingsdag die kiesers pertinent teen Hofmeyr gewaarsku. Eersgenoemde se wekroep was: STEM VROEG, STEM TEEN HOFMEYR. DUS STEM VIR DIE HNP, DIE AP EN ONAFHANKLIKE KANDIDATE WAT DIE APARTHEIDSBELEID VOORSTAAN.¹¹

In teenstelling met die Nasionaliste se intense veldtog om die rassevraagstuk aan die groot klok te hang, het die VP 'n betreklik lae prioriteit daaraan toegeken. In 'n pamflet *Wat u behoort te weet* is op 'n nugtere, beredeneerde wyse op die ekonomiese onuitvoerbaarheid van apartheid gewys, met enkele verwysings na die Fagan-verslag se praktiese aanbevelings.¹² In punt 2 van die VP se verkiesingsmanifes is gestel dat die party ten gunste was van die handhawing van die blanke beskawing, maar slegs twee uit 24 punte in die program het spesifiek na die rassevraagstuk verwys. Daardie twee punte het ook nie werklik 'n nuwe benadering tot die probleem gebied nie: dit het gestipuleer dat die funksies van die Naturelle Verteenwoordigende Raad en ander swart liggame uitgebrei sou word, en dat die tradisionele posisie van die 'kleurlinge' en Indiërs bestendig sou word. 'n Verdere punt was die skepping van huisvesting aan 'n 'stabiele Naturelle-arbeidsmag in afsonderlike dorpe in nywerheidsgebiede, waar die regering 'n aandeel sal neem in die finansiële verantwoordelikheid vir die verskaffing van behoorlike behuising en gesondheidsdienste vir die Naturelle in sulke afsonderlike dorpe en die uitbreiding van geleenthede aan hierdie Naturelle om 'n toenemende aandeel te neem in hul eie stedelike bestuur'.¹³

VP-sprekers het uit hul pad gegaan om te ontken dat die party en Hofmeyr gelykstelling voorgestaan het.¹⁴ Politieke mag, so het van die

VP-ministers beklemtoon, moes in die blanke se hande bly omdat dit in belang van die hele Suid-Afrika sou wees. Die land se nywerheidsontwikkeling het 'n stabiele swart arbeidsmag in die blanke gebiede vereis, maar swartes moes gesegregeerd van die blankes lewe.¹⁵ Waar die VP in die laaste aantal jare voor die 1948-verkiesing skynbaar huiwerig was om die tekort aan swart plaasarbeiders te verlig en in sy verkiesingsmanifes slegs na die voorsiening van 'n stabiele swart arbeidsmag in die dorpe verwys het, is daar in die verkiesingsveldtog groter klem geplaas op die beskikbaarheid van 'n swart arbeidsmag. Die kiesers is gewaarsku dat 'n HNP-regering hierdie arbeidsmag sou verminder deur die swartes na die reservate te kanaliseer.¹⁶ Ook wat hierdie aangeleentheid betref, het die Nasionaliste 'n gerieflike voorsprong opgebou deur in die loop van die veertigerjare gedurig aan te dring op 'n beter verspreiding van die swart arbeidsmag, veral om aan die boere se behoeftes te voldoen. Ook in die Sauer-verslag en in die daaropvolgende uiteensetting van die party se rassebeleid met die oog op die verkiesing is 'n duidelike beleidstandpunt uitgespel. Die VP het versuim om betyds 'n beleid hieroor te formuleer en aan die kiesers voor te hou.

Met die aanbreek van die algemene verkiesing van 1948 het die rassevraagstuk 'n krisispunt bereik. Die Nasionaliste was daarop uit om dié vraagstuk te gebruik om aan bewind te kom. Aan die ander kant wou die regerende VP sover moontlik van die kwessie wegstroom. Dit was egter onmoontlik omdat die opposisie hom gedwing het om sy bestaande en toekomstige beleidsrigting te verdedig.

Om te bepaal of die rassevraagstuk deurslaggewend was in die VP se verkiesingsneerlaag is geen maklike taak nie, veral in die lig van die klein meerderheid wat die HNP-AP oor die VP-Arbeidersparty behaal het (agt setels in totaal). Trouens, die rol wat enige vraagstuk in 'n verkiesing in Suid-Afrika gespeel het, kan nie empiries bewys word nie. Suid-Afrikaanse kiesers dui nie in 'n verkiesing op stembriefies aan waarom hulle 'n bepaalde party steun nie. Anders as met 'n referendum is daar nie 'n bepaalde kwessie waaroor gestem word nie. Wat ontleders van 'n verkiesing dus te doen staan, is om 'n studie te maak van die faktore wat op die verkiesing ingewerk het, daardie faktore teen mekaar op te weeg en te besluit watter die belangrikste was. Die resultate hiervan bly egter in vele opsigte spekulatief.

Gesofistikeerde verkiesingstudies kan natuurlik met groter akkuraatheid aandui wat die bepalende faktore in 'n verkiesing was. Dit kan egter slegs suksesvol gedoen word indien die samestelling van die kie-

serskorps (insluitend die klassesamestelling en ekonomiese posisie van kiesers in kritieke kiesafdelings), die nasionale asook plaaslike verkiesingskewessies, die gehalte en gewildheid van kandidate, asook party-organisasie onder die vergrootglas geplaas word. Weinig gedetailleerde verkiesingstudies is in Suid-Afrika onderneem en die algemene verkiesing van 1948 is geen uitsondering nie. Hierdie probleem het beslis 'n waardebeoordeling van die rol van die rassevraagstuk in die verkiesingsuitslag bemoeilik.

Uit die verkiesingstatistiek van 1948 kan wel sekere geldige gevolgtrekkings gemaak word. Een daarvan is dat die herafbakening van kiesafdelings in 1947 die VP benadeel het. Ses van die agt kiesafdelings wat as gevolg van die Negende Afbakeningskommissie se aanbevelings tot niet gegaan het, was VP-kiesafdelings. Maar dit was moontlik die party-organisasie se eie skuld: W. B. White wys daarop dat die VP *via* afsonderlike streekkomitees voor die Afbakeningskommissie getuienis gelewer het, en dat daar 'n opvallende gebrek aan koördinasie tussen hierdie komitees was.

'n Tweede gevolgtrekking is dat die kiesstelsel Smuts van 'n neerlaag verseker het. Die HNP-AP-kombinasie het 52,7 persent van die 150 kiesafdelings verower met slegs 39,4 persent van die totale stemme; die VP-Arbeidersparty-kombinasie het 47,3 persent van die setels verower maar 53,3 persent van die stemme op hom verenig. Die laai van stedelike kiesafdelings met tot 15 persent van die kwota kiesers en dienoooreenkomstige ontlai van plattelandse kiesafdelings het hierdie wanbalans meegebring. As setels verdeel sou word in verhouding tot stemme, sou die VP-Arbeiders 80 setels en hul opponente 59 gewen het. Die probleem vir die VP (wat nou 'n feitlik uitsluitlik stedelike party was) het gelê in die konsentrasie van sy krag. In stedelike kiesafdelings het hy groot meerderhede behaal en derduisende stemme 'verkwis'; op die platteland, waar proporsioneel heelwat meer kiesafdelings as in die stede was, het hy nie genoeg stemme gehad om setels te wen nie.¹⁷ In hierdie opsig het die herafbakening van kiesafdelings in 1947 die Nasionaliste nog verder bevoordeel deurdat hulle stemkrag beter verspreid gelê het. Smuts is by meer as een geleentheid deur sy partygenote aangeraai om die laai en ontlai van kiesafdelings deur wetgewing ongedaan te maak, maar hy het konsekwent geweier. Ten minste twee VP-lede wat die verkiesing meegemaak het, het later Smuts se weiering om die kiesstelsel te verander as die hooforsaak van die VP-neerlaag genoem.¹⁸

Dat die kiesstelsel Smuts benadeel het, neem nie die feit weg nie dat die steun van die kiesers aan die opposisie sedert die vorige algemene verkiesing toegeneem het. Volgens Heard se enigsins konserwatiewe berekening het die swaai na regs op 5,75 persent te staan gekom.¹⁹ In Transvaal het Malan en Havenga se partye 16 setels van die regerende party gebuit, in Kaapland sewe en in Natal twee. Veral op die platteland het dié kombinasie skouspelagtige resultate behaal, maar selfs aan die Witwatersrand het die HNP vordering gemaak. Die swaai na regs het nie soseer beteken dat die VP op groot skaal van sy tradisionele steun (veral van Engelssprekendes) verloor het nie.²⁰ Volgens alle aanduidings het die HNP-AP sy steun in 'n oorweldigende mate van Afrikaanssprekendes ontvang.²¹ Dit impliseer dat die oorgrote meerderheid stemgeregtigde Afrikaanssprekendes wat in 1948 die eerste keer kon stem, asook 'n persentasie Afrikaners wat tradisioneel VP gestem het en nou besluit het om teen Smuts (of Hofmeyr) te stem, vir die HNP-AP gestem het. Die Afrikaanssprekendes was bowendien toenemend besig om die Engelstaliges in getal te oortref as gevolg van 'n hoër geboortesifer,²² en Stultz het aangedui dat daar in dertien kiesafdelings, waarvan nege in die Transvaal was, 'n toename in Afrikaanssprekende kiesers plaasgevind het.²³ Hierdie agtergrond verklaar ten minste gedeeltelik die groei van die HNP. Na die verkiesing van 26 Mei 1948 was die verdelingslyn tussen die HNP en die VP nog duideliker: Bertha Solomon se kiesafdeling, Jeppe, was nou die enigste in die land met 'n meerderheid Afrikaanssprekendes wat nog in VP-hande was.²⁴

Indien die Afrikaner dan die HNP aan die bewind gebring het, was die party se apartheidsbeleid die rede daarvoor? Was die rassevraagstuk dus die belangrikste faktor wat die verkiesing beïnvloed het? Tydgenootlike sowel as latere ontledings van die verkiesing het groot gewig toegeken aan die rassekwessie; sommige het dit eksplisiet uitgesonder as die belangrikste determinant. Dekades later het historici en ander vakwetenskaplikes steeds die rassevraagstuk as die deurslaggewende rede vir die regeringswisseling beskou. Onder diegene wat dié standpunt huldig, tel H. B. Thom,²⁵ J. L. Basson,²⁶ Edward Tiryakin,²⁷ F. A. van Jaarsveld,²⁸ B. J. Liebenberg²⁹ en René de Villiers.³⁰ A. J. Posthuma beskou die apartheidswekroep wat deur 'n verenigde Afrikanerdom (na die einde van die Tweede Wêreldoorlog) as wapen gebruik is tesame met Smuts se onvermoë om naoorlogse probleme aan te spreek as die grootste oorsake van sy neerlaag in 1948.³¹

Prominente Nasionaliste en veral die HNP-koerante het in 1948 sonder huiwering die VP se 'gelykstellingsbeleid' as die rede waarom die

kiesers die party verwerp het, aangegee.³² Ook prominente VP-lede het destyds die rassevraagstuk uitgesonder. Tydens 'n vergadering van die Transvaalse Uitvoerende Bestuur van die VP ná die verkiesing het 40 persent van die sprekers die rassevraagstuk as belangrikste rede vir die party se skokneerlaag genoem. Hofmeyr is onder meer verwyt omdat hy die konserwatiewe blanke kiesers van die VP sou vervreem het met sy 'liberale' rasse-opvattinge. Selfs VP-lede wat Hofmeyr-ondersteuners was, het na die verkiesing gemeen dat baie mense net eenvoudig nie ryp was vir 'n meer liberale rassebeleid nie.³³ Vooraanstaande liberale soos Edgar Brookes, Ellen Hellman en Leo Marquard het tereg daarop gewys dat dit die HNP was wat die VP se rassebeleid as liberaal voorgestel het. Die HNP het blanke oppergesag beklemtoon en voorgegee dat Smuts en Hofmeyr dit bedreig het. Veral op die platteland is die VP se rassebeleid gewantrou en selfs Engelssprekendes het HNP gestem (Brookes).³⁴ Die VP-rassebeleid was vaag, weersprekend en verwarrend – kortom, geen teenvoeter vir dié van die HNP nie (Hellman).³⁵ Vir mense wat hul onveilig gevoel het vanweë sosiale en ekonomiese omstandighede, het die HNP 'n duidelike beleid van hou-die-swarte-op-sy-plek gehad. Wat dit betref, kon die VP hom nooit oortroef nie (Marquard).³⁶ Die vernuftige vakbondleier E. S. (Solly) Sachs het hierdie gevolgtrekkings goed saamgevat deur op te merk dat die verskil tussen die VP en die HNP in metode maar nie in substansie nie gelê het, want soos die HNP, het die VP openlik erken dat daar 'n 'kaffer-, kommuniste- en koelieprobleem' was.³⁷

Dit is belangrik om by 'n ontleding van die algemene verkiesing van 1948 'n onderskeid te tref tussen die Nasionaliste se verkiesingskreet en die werklike uitwerking van daardie kreet op die uitslag van die verkiesing. *Die Nasionaliste wou doelbewus van die 1948-verkiesing 'n rasseverkiesing – 'n apartheidsverkiesing – maak.* Hancock het opgemerk dat die Nasionaliste na die 1943-verkiesing waarskynlik besef het dat hulle hul prioriteite in orde moes kry: die rassevraagstuk was 'n verkiesingswenner, soos reeds in 1929 bewys is.³⁸ Om hul propaganda spesifiek vir 1948 meer doeltreffend te maak, is Hofmeyr voorgestel as die versinbeelding van gelykstelling, dit wat tot die blanke, en veral die Afrikaner, se ondergang sou lei. Onderliggend hieraan was die idee om die nuutgeformuleerde apartheidsbeleid te verkoop. Na afloop van die verkiesing het Nasionaliste volgehou dat Hofmeyr en die VP se rassebeleid die eintlike rede vir die VP-neerlaag was en dat alternatiewe redes wat deur VP-lede aangedui is, eintlik bloot bedoel was om die aandag van Hofmeyr af te trek. Moontlike alternatiewe oorsake wat VP-koerante en

-politici gemeld het, is eenvoudig deur die HNP-pers van die tafel ge-
vee.³⁹ Die HNP wou doelbewus die indruk skep dat die kiesers 'n nuwe
rassebeleid wou hê en daarom die VP-beleid verwerp het. Dit sou na-
tuurlik die toepassing van die apartheidsbeleid motiveer.

Dit ly geen twyfel nie dat die rassevraagstuk 'n belangrike rol in die
verkiesing gespeel het. Bloot die enorme blootstelling van die kiesers aan
die apartheidspropaganda het daarvan 'n beduidende faktor gemaak.
Dit moet egter om twee redes bevraagteken word of die rassevraagstuk
werklik die allesoorheersende faktor was. Eerstens moet die geografiese
swaartepunt van die HNP-AP in aanmerking geneem word. Die opposi-
siekombinasie het sy oorwinning hoofsaaklik te danke gehad aan die
Transvaalse en in 'n mindere mate die Kaaplandse platteland. Hoewel
Brookes en andere van mening was dat die vrese van die plattelandse
blankes betreffende die rasseprobleem deurslaggewend was, moet daar-
op gewys word dat slegs 28,1 persent van die blankes in Kaapland in
1946 op die platteland gewoon het, terwyl die persentasie ten opsigte van
die Transvaal nog minder, naamlik 22 persent, was.⁴⁰ Die werklik kritieke
omstandighede ten opsigte van die rassevraagstuk het in die *stede* voor-
gekom en nie op die platteland nie. Dit was in die stedelike gebiede waar
behoefteige blankes bedreig gevoel het deur die instroming van swartes,
waar gemengde woonbuurte voorgekom en misdaad gefloreer het. As
apartheid in 1948 die enigste faktor vir die blanke kiesers was, moes die
swaai in die stedelike gebiede weg van die VP veel groter gewees het.⁴¹

'n Tweede rede waarom die rassevraagstuk as sodanig nie die be-
langrikste faktor in die verkiesing was nie, is die ervaring van Afrikaans-
sprekende koerantlesers van die rassevraagstuk kort voor die 1948-ver-
kiesing. 'n Studie van die briewekolomme van moontlik die twee
invloedrykste HNP-koerante van die tyd, *Die Transvaler* en *Die Burger*,
tussen 1 November 1947 en 26 Mei 1948, het verrassende resultate opge-
lewer. Van die 291 briewe wat in genoemde tydperk (toe die HNP se
apartheidslagkreet 'n hoogbloeit gehad het) in *Die Transvaler* verskyn het,
het slegs 30 oor die rassevraagstuk handel. Dit verteenwoordig 'n
persentasie van 10,31 persent.⁴² Ten opsigte van *Die Burger* was die syfer
nog laer. Van die 445 briewe wat verskyn het in dieselfde tydperk, het
slegs 33, dit wil sê 7,4 persent, met die rassevraagstuk te doen gehad.⁴³
Hoewel hierdie resultate relatiewe waarde het omdat dit nie bepaalbaar
is in watter mate lesers se menings in koerante die algemene gevoel van
die kiesers weerspieël nie, kan daar tog 'n afleiding gemaak word oor die
dringendheid van 'n bepaalde vraagstuk in 'n samelewing gedurende 'n
bepaalde tydperk. In hierdie geval kon afgelei word dat die lesers van

genoemde koerante (uiteeraard betreklik opgevoede, ingeligte mense), in hul begeerte om uitdrukking aan hul behoeftes en gevoelens te gee, hoër prioriteit verleen het aan ander sake as wat dit die geval met die rassevraagstuk was. Selfs al sou 'n mens in aanmerking neem dat die redaksie van koerante soms briewe 'fabriseer', bly die persentasie briewe oor die rassevraagstuk verstommend min, want alle briewe (ook moontlike 'gefabriseerdes') is vir die opname in aanmerking geneem.⁴⁴ Verder sou hierdie koerante in die lig van die massiewe anti-Hofmeyr- en 'swart gevaar'-propaganda geneig wees om die maksimum getal briewe oor die rassevraagstuk te plaas, om sodoende die partypropaganda verder te versterk en te probeer bewys dat die publiek die party se 'waarskuwings' ter harte geneem het. Dog, te midde van die geweldige publisiteit wat hierdie twee koerante aan die rassevraagstuk gegee het, blyk dit dat die openbare persepsie van dié vraagstuk verskil het van die voorstelling wat die HNP-politici en -koerante daarvan probeer gee het.

Hierdie bevinding word bevestig deur die herinneringe van oorwegend Afrikaanssprekende blanke Suid-Afrikaners (opgeteken in 1987) wat as gewone kiesers in 1948 aan die algemene verkiesing deelgeneem het. Ek het in 1987 'n brief in die briewekolomme van al die belangrike Afrikaanse koerante gepubliseer en onder meer aan lesers wat in 1948 gestem het, gevra wat die belangrikste rede(s) vir Smuts se neerlaag was. Uit die 32 briewe wat 'n spesifieke antwoord op dié vraag gegee het, word die rassevraagstuk (insluitend die apartheidsbeleid) slegs in drie briewe as die belangrikste faktor vermeld. In sewe briewe word dit saam met ander faktore gemeld, maar daar word geen besondere prioriteit aan die rassevraagstuk as sodanig toegeken nie.⁴⁵

Diegene wat die verkiesingsuitslag in 1948 uitsluitlik of hoofsaaklik aan die rassevraagstuk toeskryf, kon moontlik beïnvloed gewees het deur die dramatiese politieke omswaai met die 1948-verkiesing. Die VP se groot oorwinning in die algemene verkiesing van 1943 het nie net die destydse VP-ondersteuners oorgerus gemaak nie, maar waarskynlik ook latere ontleders van die Nasionaliste se 'skokoorwinning' van 1948 mislei. Die versoeking is sterk om te redeneer dat Smuts ná die 1943-verkiesing in so 'n sterk posisie was dat buitengewone omstandighede nodig sou wees om die posisie om te keer in 1948. Dié omstandighede was die toenemende krisis rondom die rassevraagstuk en die 'towerformule' wat die HNP opgedis het – apartheid. Maar hierdie argument, wat die HNP-leiding waarskynlik self gebruik het om sy verkiesingstrategie te motiveer, weerspieël nie noodwendig die historiese werklikheid nie. Feit van die saak is dat die HNP in die vroeë veertigerjare al reeds aan die opmars

was. Dit was trouens die enigste party wat sedert 1934 konstant gegroei het.⁴⁶ Gesaghebbende navorsing het duidelik aangetoon dat die 1943-verkiesing in werklikheid 'n vals beeld van die VP se krag weerspieël het, hoofsaaklik vanweë die onnatuurlike oorlogsomstandighede wat tydens die verkiesing geheers het.⁴⁷

Indien die rassevraagstuk nie die deurslaggewende faktor in die verkiesing was nie, watter ander faktor was dan belangriker? Daar is 'n aantal ontledings wat die opkoms van Afrikanernasionalisme, gepaardgaande met die afname van steun aan Smuts, belangriker ag as die rassevraagstuk. Onder hierdie gevolgtrekkings tel dié van Newell Stultz, T. Dunbar Moodie, W. A. Botha, G. D. Scholtz en Schalk Pienaar. Botha, Scholtz en Pienaar se ontledings van Smuts se val is nie indringend genoeg om te bevredig nie. Pienaar meld bloot dat Afrikanernasionalisme, en nie apartheid nie, die hoofrede vir die HNP-oorwinning was;⁴⁸ Botha se gevolgtrekking is dat hoewel apartheid die groot verkiesingstrydvraag was, dit nie die 'beslissende verdelingsfaktor' was nie. Afrikanernasionalisme en Afrikanervolkseenheid was volgens hom deurslaggewend in die verkiesingsuitslag. Hoewel Botha se afleiding grotendeels deur my onderskryf word, het hy sy bevinding nie bevredigend gestaaf nie. Sy studie bied weinig verklarende agtergrond van die wyse waarop Afrikanernasionalisme voor 1948 gegroei het.⁴⁹ Scholtz vertolk ook in betreklik vae terme die HNP-oorwinning in 1948 as 'n oorwinning vir die ideale van die Afrikanerdom. Hierdie Afrikanerdom, vroeër verdeeld tot voordeel van Smuts met sy holistiese filosofie, het na 1945 verenig as gevolg van 'n jonger geslag Afrikaners se sterker bewuswording van hul volksverband.⁵⁰

In sy studie oor die groei van Afrikanernasionalisme in die dertiger- en veertigerjare kom Moodie tot die slotsom dat die wortels van die 1948-uitslag in die laaste jare van die Tweede Wêreldoorlog lê. Gedurende daardie tydperk het die AB in sowel party-organisasies as kerklike en kultuurorganisasies begin om die skeuring van 1941 te heel en Afrikaners te aktiveer om hul gemeenskaplike doelwitte te verwesenlik.⁵¹

Vir Stultz lê daardie wortels nog dieper. Die Nasionale Party, en nie die VP nie, was na 1934 die party wat Afrikanerideale verteenwoordig het. Die neutraliteitstemming in die parlement in 1939 het die republikeinsgesinde Afrikaners se opvatting bevestig dat samesmelting 'n illusie was – in werklikheid niks anders nie as die aanvaarding van 'n samelewing waarin Engelssprekendes sou domineer. Na 1939 het Afrikaners die keuse in die Suid-Afrikaanse politiek as een tussen Afrikaanssprekende

en Engelssprekende Suid-Afrikaners gesien. Dit was duidelik dat hulle keuse op die Afrikaanssprekendes sou val. Die meeste Afrikaners, so meen Stultz, het in 1948 Nasionaal gestem bloot omdat hulle Afrikaners was; nie uit vrees vir swartes of uit die begeerte om uiteindelik uit 'n HNP-regering ekonomiese voordeel te trek nie.⁵² Apartheid was volgens Stultz nie die deurslaggewende faktor in 1948 nie. Dit was 'n verkiesingskreet maar nie 'n nuwe beleid nie, aangesien segregasie reeds lank tevore in Suid-Afrika aanvaar is. Wat rasseverhoudinge betref, was daar nie 'n 'public alarm' daaroor in 1948 nie. Die groot faktor ('great national crisis', soos Stultz dit stel) wat die 1948-verkiesing beïnvloed het, het in September 1939 plaasgevind. Daar was duidelike bewyse dat die gety teen die VP begin draai het lank voor die 1948-verkiesing en voordat die HNP se apartheidsprogram bekend was.⁵³

Stultz se ontleding bevat sterk elemente van waarheid. Dit is korrek om die 1948-verkiesing in 'n wyer verband te sien; om nie teen die groot VP-oorwinning van 1943 vas te kyk nie, en derhalwe die opkoms van die HNP te vertolk as 'n proses wat lank reeds aan die gang was. Dit is ook gedeeltelik korrek om aan te voer dat apartheid hoofsaaklik 'n verkiesingskreet was en dat daar nie soveel openbare beangstheid oor die rassevraagstuk bestaan het as wat dikwels voorgegee is nie. Dat hierdie vraagstuk feitlik geen rol in die verkiesingsuitslag gespeel het nie, soos Stultz te kenne gee, moet egter bevraagteken word. Veral sy argument dat apartheid niks nuuts was nie omdat segregasie jare lank reeds bekend was, gaan nie heeltemal op nie. Apartheid was in 'n groot mate 'n reaksie teen segregasie wat deur Afrikaners as 'n mislukking gesien is omdat dit nie tred kon hou met veranderde omstandighede in Suid-Afrika nie. Afrikaner-akademici soos P. J. Schoeman, P. J. Coertze en Geoff Cronjé het immers onomwonde gesê dat apartheid radikaal en totaal is. Stultz neem ook nie die veranderinge wat meegebring is deur industrialisasie (deur die Tweede Wêreldoorlog versnel) en swart verstedeliking met gepaardgaande sosio-ekonomiese probleme, behoorlik in ag nie. 'n Verdere leemte is sy argument dat Afrikaners HNP-AP gestem het bloot omdat hulle Afrikaners was. Hierdie vertolking, wat slegs aan etniese oorwegings 'n rol toeken, is te eng. Afrikanernasionalisme het teen 1948 'n wyer skakeling as net etnisiteit gehad.

Albei gevolgtrekkings, naamlik dat die rassevraagstuk (met apartheid as 'oplossing') die verkiesingsuitslag bepaal het, of die weerspreking daarvan ten gunste van die siening dat Afrikanernasionalisme van suiwer etniese aard deurslaggewend was, het leemtes. Die antwoord op die vraag lê in 'n meer omvattende beskouing van die rol wat die HNP

ten opsigte van die Afrikaner vervul het. So 'n beskouing sluit sowel die rassevraagstuk as Afrikanernasionalisme in. Hermann Giliomee⁵⁴ en in 'n mindere mate Dan O'Meara⁵⁵ het die veelsydigheid van die HNP as party vir die Afrikaner bevredigend ontleed. Die belangrikste tekortkoming van O'Meara se gevolgtrekking is dat hy geen plek aan nie-materiële faktore toeken nie.

Die proses wat die HNP na 'n omvattende party vir die Afrikaner gevoer het, het met samesmelting in 1934 begin. D. F. Malan se party het, in teenstelling met Hertzog se VP wat 'n breër Suid-Afrikaanse nasionalisme nagestreef het, 'n enger, eksklusiewe Afrikanernasionalisme bevorder. Die HNP was 'n party wat Afrikaners sou saamsnoer deurdat dit Afrikanerbelange op ekonomiese, sosiale en politieke terrein sou bevorder. Deur middel van die ekonomiese beweging van die dertiger- en veertigerjare sou sowel die armblankes as die meer bemiddelde Afrikaner-sakelui gehelp word; deur die FAK en ander kultuurliggame sou die Afrikaner se kultuur bevorder word; parallelle onderwys sou verseker dat Afrikanerwaardes in skole uitgedra word; boonop was die AB, wat die meeste aksies geïnisieer het, onlosmaaklik aan die HNP gekoppeld.⁵⁶

Terwyl Hertzog se ideaal van 'n breër Afrikanerskap deur middel van 'n party waaraan Afrikaans- en Engelssprekendes behoort het reeds in 1939 op die rotse geloop het, het die HNP in die veertigerjare voortgegaan om die steun van toenemende getalle Afrikaners te wen. Die party het, soos O'Meara waarskynlik korrek aandui, 'n Afrikaner-bondgenootskap georganiseer wat bestaan het uit die boere van Transvaal, Vrystaat en Kaapland, sekere kategorieë van wit arbeid, die Afrikaner-kleinburgery en sakelui wat as gevolg van die ekonomiese beweging welvarend geword het.⁵⁷ Afrikanereenheid het 'n stap nader aan vervulling beweeg toe Malan en Havenga in 1947 'n ooreenkoms bereik het. Daardeur is ook die Ossewa-Brandwaglede, wat slegs in 'n geringe getal aan die 1943-verkiezing deelgeneem het en hul daarna tot Havenga se party gewend het, polities gemobiliseer om in 1948 teen Smuts te stem.⁵⁸

So vroeg as 1938 was daar reeds aanduidings dat die HNP (toe die Nasionale Party) die party vir die Afrikaner was. Laurence Salomon het aangedui dat in die algemene verkiesing van daardie jaar 17 van die 27 setels wat die NP in Kaapland gewen het in die gebied geval het wat deur die Carnegie-kommissie as baie arm beskou is.⁵⁹ Met verloop van tyd het die HNP sy basis van steun onder die Afrikaner aansienlik verbreed. Met die tussenverkiesing in Kimberley-distrik in September 1945, waar die OB-leiding probeer het om lede van die stembus weg te hou,

het die HNP 'n VP-meerderheid van 511 in die 1943-verkiesing in 'n HNP-meerderheid van 244 stemme omgeskep. *Die Burger* het na die verkiesing opgemerk dat dié kiesafdeling 'n soort spieël van die mening in Suid-Afrika was: die kiesafdeling het stedelinge en plattelanders, Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes, boere, delwers, mynwerkers, winkeliers, amptenare en spoorwegwerkers bevat. Die skerpsinnige waarneming van dié blad was dat al hierdie uiteenlopende belangegroepes dieselfde afkeer van Smuts gekoester het.⁶⁰

Struktureel en organisatories was die HNP ook veel beter as die VP toegerus om die Afrikaner te mobiliseer. A. W. Stadler het daarop gewys dat die HNP 'n party was wat populêre deelname aangemoedig het. Provinsiale kongresse het plaaslike aksie geïnstitusionaliseer deurdat mosies van individuele takke belangrikheid by dié kongresse verkry het. Deur die inspraak wat hulle in hoër besluitneming ontvang het, het taklede ondervind dat hulle werklik besig was om aan die politiek deel te neem, terwyl partyleiers terselfdertyd beter insig in menings op grondvlak verkry het.⁶¹ Die HNP het nie soos die VP 'n lomp sentrale liggaam gehad nie en het oor 'n besonder doeltreffende plaaslike organisasienetwerk beskik. Daarbenewens het die party die dienste van formidabele betaalde organiseerders gehad. Die VP se skynbaar lustelose provinsiale komitees en plaaslike takke het in skerp kontras hiermee gestaan.⁶² Sonder twyfel het die HNP 'n beter organisasiemasjien as die VP gehad, hoewel W. B. White se gevolgtrekking dat die VP die verkiesing as gevolg van swak organisasie verloor het, 'n oorvereenvoudiging is.⁶³

In geen geringe mate nie is die HNP ondersteun en versterk deur die Afrikaanse koerante van die Nasionale Pers en Voortrekkerpers.⁶⁴ Hierdie koerante was getroue, gesoute en invloedryke draers van die HNP-beleid,⁶⁵ en die VP het geen noemenswaardige Afrikaanse mededingers in die veld gehad nie.

Verder is die HNP-AP-kombinasie ook deur die irritasie- of griewestem (wat dikwels ook as deel van die sogenaamde vlottende stem gereken is) bevoordeel. Wat dit betref, vertoon die algemene verkiesing van 1948 'n ooreenkoms met die verkiesing van 1924. In albei gevalle het ontevredenheid met die regering se hantering van landsvraagstukke 'n rol in die verkiesingstryd gespeel en het sommige van die vraagstukke uit die gevolge van die twee wêreldoorloë gespruit. Dit sou egter naïef wees om Smuts se neerlaag – soos dié van Churchill in 1945 – bloot aan die 'oorlogsindroom' toe te skryf.

'n Aantal kiesers is waarskynlik wel deur akute irritasies, veral behuisingsprobleme en voedseltekorte, beïnvloed om in 1948 teen Smuts te stem. Lank na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog was hierdie tekorte steeds 'n bron van frustrasie, veral vir stedelike Suid-Afrikaners. Finansiële belange van blanke boere is geskaad deurdat die regering ingemeng het met die verbruikersbeheer oor pryse.⁶⁶ Selfs belangriker was die boere se ontevredenheid omdat die Smuts-regering nie 'n konstante toevoer van swart werkers vir die boerderysektor kon verseker nie.⁶⁷ Oud-soldate was in baie gevalle ontnugter met die behandeling wat hulle na die oorlog te beurt geval het; die regering se demobilisasieskema het groot verwagtinge gaande gemaak, maar die uitvoering daarvan is deur onnodige rompslomp en onbuigsaamheid belemmer.⁶⁸ Blanke werkers se griewe oor brood-en-botter-aangeleenthede het waarskynlik ook 'n invloed in sommige kiesafdelings gehad. Solly Sachs was van mening dat Smuts waarskynlik ses setels op die Witwatersrand en moontlik nog ses in ander streke vir die VP kon beveilig het indien hy nie getalm het om 'n loonverhoging aan blanke mynwerkers toe te staan nie, die verteenwoordigers van die Trades and Labour Council dadelik ontmoet het, en 'n beter lewenskostetoelaag aan alle werkers toegestaan het.⁶⁹

Daar is ook aanduidings dat die 'kleurling'-kiesers in verskeie Bollandse kiesafdelings vir die HNP kon gestem het. Die feit dat die 'kleurlinge' in Kaapland stemreg gehad het, het nie noodwendig beteken dat hulle sosio-ekonomiese omstandighede daardeur verbeter sou word nie. Verder het swart toestroming na die Kaapse Skiereiland en omgewing 'n bedreiging vir ongeskoolde 'kleurling'-werkers ingehou. Waar die HNP openlik bekend gemaak het dat hy die 'kleurling'-stemreg sou wegneem en aan die 'kleurlinge' afsonderlike politieke verteenwoordiging sou gee, het hy ook onderneem om die maatskaplike en ekonomiese posisie van die 'kleurlinge' te verbeter. Vir baie plattelandse 'kleurlinge' kon dit moontlik swaarder geweeg het as stemreg. E. J. G. Janson het bereken dat indien 6,3 persent van die totale getal 'kleurlingkiesers' in die kiesafdeling Paarl vir die HNP gestem het, 13,9 persent in Bredasdorp, 29,6 persent in Malmesbury, en 32 persent in Worcester, die 'kleurling'-stem sou gesorg het dat die HNP die betrokke kiesafdelings wen. Al vier is in die verkiesing deur die HNP van die VP gebuit.⁷⁰

Om op te som: die HNP was 'n groeiende party, wat toenemend steun van Afrikaners ontvang het; daarby is Afrikanereenheid in 1947 in 'n hoë mate verwesenlik met die HNP-AP-ooreenkoms. Die HNP-beleid het voorsiening gemaak vir feitlik alle groepe binne Afrikanergeleedere.

Omdat daar betreklik groot klasseverskille tussen Afrikaners in die dertiger- en veertigerjare bestaan het, het die HNP besef dat etniese mobilisasie nie voldoende was nie; daar sou ook na die materiële belange van die Afrikaner omgesien moes word. Deurdat daar so 'n nou verbintenis tussen die party en Afrikanerorganisasies soos die oorkoepelende AB en die Reddingsdaadbond was, het die HNP by die ekonomiese beweging van die dertiger- en veertigerjare gebaat. Die omvattendheid van HNP-beleid het apartheid ingesluit. Apartheid was wel gebou op die struktuur van segregasie, maar was duideliker gedefinieer en het daarop aanspraak gemaak dat dit blanke belange sou beveilig en Afrikaneridentiteit sou beskerm.

Die Afrikaner wat op 26 Mei 1948 stembus toe is, het vir 'n omvattende Afrikaner-idee gaan stem – nie net vir apartheid nie. Hierdie idee was vir die Afrikanerkieser eenvoudig meer aanvaarbaar as die Smuts-Hofmeyr-idee wat huiwerig was om Afrikanerbelange spesifiek te dien, wat 'sag' was op kommunisme en ander radikale bewegings, en wat nie bereid was om 'n dogmatiese rassebeleid te aanvaar nie. Vir baie Afrikaners was dié verkiesing die finale afrekening met Jan Smuts, wat in hulle oë slegs Britse belange gedien het en Suid-Afrika in die proses in twee wêreldoorloë gedompel het. 'n Kieser wat aan die 1948-verkiesing deelgeneem het (in 1987 was sy 72 jaar oud) het dit treffend opgesom: 'Daardie dae het ons feitlik aangeneem dat 'n Afrikaner moet 'n nasionalis wees en dit was ook baie so. Kyk hoe baie van ons plattelandse kiesafdelings was onbestrede. Die enkele Afrikaners hier by ons wat Sappe was kon op een hand getel word.' En verder: 'Jy weet daardie dae het baie Afrikaners nooit vir genl. Smuts vertrou nie, want daar was nog Jopie Fourie ens. en nou weer het hy ons deur 'n oorlog gesleep en met genl. Hertzog uit die prentjie het daardie mense weer teruggekom na die Nasionale Party.'⁷¹

Bevoordeel deur die kiesstelsel en herafbakening, en met behulp van sy vernuftige propagandamasjien wat skynbaar ook die griewestem getrek het, het die HNP-AP in 1948 'n einde aan die VP-bewind gemaak. Vir diegene wat destyds die verkiesing meegemaak het, was dit gewis een van die grootste politieke verrassings sedert 1910.



Besluit

Met Uniewording was die patroon van rasseseiking en blanke oorheersing stewig gevestig in Suid-Afrika. Slegs 'n geringe getal blankes sou hulle daarvoor beywer om die *status quo* te verander. In die dekades wat sou volg, het geen blanke politieke party met 'n liberale rassebeleid enige kans gestaan om 'n algemene verkiesing te wen nie.

In die blanke politiek het dit in die eerste plek oor verhoudinge tussen Suid-Afrika en Brittanje asook tussen Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes gegaan; ekonomiese en arbeidsvraagstukke was tweede prioriteit. Nie een van die groot blanke politieke partye het ooit die hervorming van die rassebeleid om swartes, 'kleurlinge' en Indiërs se omstandighede te verbeter as verkiesingspunt gehad nie. Inteendeel, swartes, 'kleurlinge' en Indiërs is vir die eerste sewe dekades van die eeu slegs by verkiesings betrek wanneer 'n politieke party die moontlike toekenning van regte aan 'nie-blankes' as 'n 'gevaar' vir blanke oppergesag kon voorhou ten einde politieke punte teen sy opponent aan te teken. Hierdie partye het in werklikheid ook niks anders gedoen nie as om die belange van hul ondersteuners te dien. Feitlik alle klasse onder die blankes – kapitalistiese nyweraars, sakelui en kapitalistiese boere, kleiner boere, professionele mense in dorpe en stede, en werkers – het aangedring op blanke oppergesag.

Hertzog was die eerste staatsman wat na 'n omvattende 'oplossing' van die rassevraagstuk gesoek het. Sy beleid van skeiding (segregasie) het die goedkeuring van die oorgrote meerderheid blankes weggedra – ook die goedkeuring van die meerderheid Afrikaners in die party van sy groot politieke opponent, Smuts. Om die Kaapse swart stemreg af te skaf en in ruil daarvoor aan die swartes oor die hele land afsonderlike politieke verteenwoordiging asook addisionele grond toe te ken, het Hertzog

volgens 'n bepaling in die grondwet 'n tweederde-meerderheid in die parlement nodig gehad. Dit kon hy nie sonder Smuts se samewerking verkry nie. Hoofsaaklik vanweë taktiese redes (onder meer om die eenheid van sy party te bewaar) het Smuts nie sy samewerking gebied nie. Eers tien jaar later, nadat die twee groot partye saamgesmelt het, het Smuts die breë beginsels van Hertzog se wetgewing aanvaar. In afgewaterde vorm het Hertzog se wetsontwerpe van 1926 dus in 1936 wet geword. Daarmee het die VP se segregasiebeleid, wat ná 1939 deur Smuts voortgesit is, sy beslag gekry.

Die segregasiebeleid is in blanke geledere van twee kante geopponeer. Eerstens het die klein en polities magtelose groep liberale binne en buite die parlement hulle teen blanke oorheersing en onderdrukkende maatreëls soos die paswette uitgespreek. Hierdie groep, met formidabele intellektuele in hul geledere, het dikwels met koue logika hul opponente oortref en ook die meeste oor die rassevraagstuk geskryf. In die parlement het die 'naturelleverteenwoordigers' aan die spits gestaan van die opposisie teen rassediskriminasie en onderdrukking van die swartes. Buite die parlement het organisasies soos die Joint Councils en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings hulle vir groter politieke en sosiale verdraagsaamheid teenoor swartes en beter rasseverhoudinge beywer, hoewel hulle nie polities aktief was nie. Binne die VP was J. H. Hofmeyr die belangrikste eksponent van die liberale denke. Sy dilemma was egter sy verbintenis met 'n basies konserwatiewe party wat hy waarskynlik nooit van binne sou kon hervorm nie.

Die tweede groep wat die VP se segregasiebeleid sedert 1936 geopponeer het, was die Nasionale Party van D. F. Malan. Maar die redes vir hulle teenkating en die alternatief wat hulle gestel het, het lynreg teenoor dié van die liberale gestaan. Reeds in 1936 was die Hertzog-wetgewing nie meer vir hulle aanvaarbaar nie omdat dit te veel van die 1926-wetsontwerpe afgewyk het. Veral gedurende en na die oorlogsjare sou hierdie party hom nog sterker teen die VP-segregasiebeleid verset omdat dit nie rassessekering streng genoeg toegepas het nie.

Ook die regerende VP se leierskap was bewus daarvan dat die segregasiebeleid nie aan die eise van die tyd voldoen het nie. Volke beheer oor die instroming van swartes na die stede was as gevolg van die oorlogstydse verstedeliking nie meer moontlik nie. Swart aspirasies het sterker geword; die swart politiek was nie meer gematigd soos vroeër nie en buitelandse druk op Suid-Afrika om sy rassebeleid te wysig, het toegeneem. Derhalwe het die Smuts-regering met matige hervorming,

soos die verligting van die paswette (in die vroeë veertigerjare), en die verbetering van maatskaplike toestande en onderwys aan swartes vorendag gekom. Hierdie hervormings (veral dié van 'n ekonomiese aard) is egter gekniehalter deur die eise wat die oorlogspoging aan die regering gestel het. Bowendien sou Smuts ook nooit radikale hervorming van die rassebeleid goedkeur nie omdat hy nooit in sy tyd volle politieke regte aan swartes sou toestaan nie. Bowendien was daar 'n element in sy party wat net so sterk oor streng segregasie en blanke oppergesag as die Nasionaliste gevoel het. Die VP-regering het juis druk van die boeregemeenskap ondervind om die toevoer van swart arbeid na die landbousektor te verhoog deur middel van wetgewing.

Blankes wat hulle met die rassevraagstuk besig gehou het, het hul aandag hoofsaaklik op die swartes gevestig. Moontlike redes hiervoor was dat die swartes as 'n groter 'probleem' as die ander bevolkingsgroepe gesien is. Veral swartes se getaloorwig het blankes onrustig gestem en 'n oplossing van die rassevraagstuk is dikwels hiermee in verband gebring. Die 'kleurlinge' het nie dieselfde dringende aandag geniet nie, moontlik omdat blankes geredeneer het dat 'kleurlinge' gedeeltelik politieke geakkommodeer is (hoewel selfs dit nie die goedkeuring van baie blankes weggedra het nie). Ook die 'Indiërvraagstuk' het nie 'n besonder hoë prioriteit geniet nie, moontlik vanweë die afkeurende houding wat die oorgrote meerderheid blankes teenoor Indiërs gekoester het omdat hulle 'uitheems' en 'onassimileerbaar' was.

Swartes het sedert 1910 op feitlik alle lewensterreine 'n agterstand gehad. Onteiensdes wat nie in die onderontwikkelde en oorbevolkte reserve 'n sukkelbestaan gevoer het nie, het as huurarbeiders, plakkers of gewone loonarbeiders op blanke plase gewoon. Ander het 'n heenkome in dorpe en stede probeer vind waar hulle aan talle beperkende maatreëls blootgestel is vanweë die heersende blanke standpunt dat swartes se teenwoordigheid in dorpe en stede ongewens was tensy dit blanke belange kon dien. Trekarbeiders op die myne was van hulle gesinne geskei. Afgesien van 'n betreklik klein persentasie geleerde swartes, waarvan 'n aantal akademiese kwalifikasies in die buiteland verwerf het, was die onderwyspeil van die swartes laag en die ongeletterdheidsyfer hoog.

Voor die veertigerjare het swartes nie 'n sterk politieke organisasie gehad wat vir 'n beter bedeling kon beding nie. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het 'n nuwe tydvak egter aangebreek. Suid-Afrika se deelname aan die oorlog het die industrialisasie van die land verhaas,

en 'n groter aanvraag na goedkoop swart arbeid het swart verstedeliking laat versnel. Dit het weer gelei tot toenemende nywerheidsonrus wat deur stakings en boikotte gekenmerk is. Die oorlog het 'n groter bewuswording by Suid-Afrikaanse swartes van hul onderhorige posisie gebring, en die wêreldwye reaksie teen Nazi-Duitsland het ook 'n reaksie teen enige vorm van rassediskriminasie ontlok. Vir die eerste keer het die African National Congress, die invloedrykste landwye swart politieke organisasie, 'n politieke organisasie met tande geword. In plaas van samewerking met blanke liberale organisasies wat bloot indirekte druk op die regering vir meer regte aan swartes uitgeoefen het, is daar nou eise gestel ten opsigte van gelykheid wat militanter was as enige vroeëre aksie deur swart organisasies, insluitend dié van die ICU in die twintigerjare. Onder leiding van Xuma is die ANC organisatories opgeknop en het dié organisasie in die loop van die veertigerjare in krag toegeneem. Nog meer betekenisvol was die optrede van die Naturelle Verteenwoordigende Raad – 'n skepping van die Hertzog-regering – toe dié liggaam in 1946 besluit het om sy werksaamhede op te skort uit protes teen die Smuts-regering se skynbare onvermoë om swart aspirasies tegemoet te kom.

Teen hierdie agtergrond van verskerpte politieke agitatie deur swartes, en veral swart verstedeliking, het blanke Suid-Afrikaners – en veral Afrikaners – hulle meer bedreigd gevoel as tevore. Dit was veral die stedelike werker wat die swartman as mededinger beskou het. Daarby het woonbuurtintegrasie in die swakker woonbuurte van die stedelike gebiede begin toeneem. Daar was in Wes-Kaapland ook 'n blanke reaksie teen integrasie met 'kleurlinge'. Hierdie toedrag van sake het Afrikanerleiers op verskeie terreine met kommer vervul en hulle het die rassevraagstuk veral sedert 1943 in 'n baie ernstige lig beskou. Verskeie Afrikaner-akademici, kultuur- en kerkleiers, asook politici, het almal dieselfde gevolgtrekking gemaak: streng rasseseiding op alle lewensterreine was die enigste wyse waarop die blanke en meer spesifiek die Afrikaner van 'ondergang' gered kon word. Akademici soos Geoff Cronjé, W. W. M. Eiselen, P. J. Coertze en P. J. Schoeman het 'n apartheidsbeleid geformuleer wat die basiese eienskappe van segregasie behou het, maar wat verder gegaan het en swartes volgens etniese verband in eie vaderlande wou plaas waar hulle afsonderlik volgens 'eie volksaard' sou kon ontwikkel. Dit sou die billikheid van die beleid in die oë van apartheidsidealiste onderskryf – dat swartes van die juk van blanke oorheersing losgemaak sou word om in die verre toekoms oor hulself te regeer.

Hierdie beleid het die steun van die werklik invloedryke leiers in Afrikanergeleedere geniet en het in 1947 die amptelike rassebeleid van die HNP geword. Die totstandkoming van 'totale apartheid', soos apartheidsdenkers dit beskryf het, het nie in isolasie plaasgevind nie, maar was deel van 'n omvattende aksie waarin nie net die HNP nie maar ook Afrikanerorganisasies met die Afrikaner-Broederbond as primêre dryfveer, die leiding geneem het. Apartheid sou nie net rassessekering – die 'waarborg' vir blanke voortbestaan – verseker nie, maar ook voortgesette voorsiening van goedkoop swart arbeid aan die nywerhede en die landbou waarborg.

